sy duisterheid, maar van hierdie swartgalligheid raak hy ontslae deur sy lewenslot in die hande van Hom te plaas wat ons "lot beskik," ons "gang bestier" en selfs "die dooie mossie gadeslaan." Hierdie skielike ortodokse geloof van Leipoldt klink 'n ietswat onnatuurlik, veral as ons dit sien teen die panteïstiese agtergrond van sy eerste bundel, maar dan moet ons ook in aanmerking neem dat dit hier meer die weergawe van die volksgevoel is as sy indiwiduele oortuiging.

Sterk lê die digter nadruk op die feit dat die lewe nie doelloos is nie, en dat die mens sekere definitiewe pligte het om te vervul, waaronder hy die plig van te werk as die belangrikste beskou:

> Worstel en wen as jy kan;
> "of steei en verloor, as jy moet, soos 'n man -"

Ons lewe is te kort om nutteloos verslyt te word, daar moet wel geneem word

> "wat die guns van die lot in genade bied,"

maar daarnaas moet ons besef dat daar geen tyd vir "jaloersheid" is nie en dat elkeen met al sy beskikbare hulpmiddele moet voortbeur. Soos Christus egter reeds geleer het, moet goeie werke nie gedoen word om deur die mense geprys te word nie, maar alleen:

> "..... vir die lus en die genot,"

en:

> Vir Hom hierna om, as Hy wil,
> "Te prys of laak; net doen vir jou
> En dan die hande saamgevou,
> ootmoedig as 'n kind en stil."

Ook hierdie is 'n suiwere calvinistiese gedagte, maar dan voeg Leipoldt by en toon hy duidelik aan dat die mens nie net op die Heer moet vertrou nie, maar ook sy eie inisiatief moet gebruik, want God het ons 'n verstand gegee om baie moeilikhede self op te los, en daarom moet daar wanneer die nood dit vereis gehandel word in plaas van om te bid!

sy duisterheid, maar van hierdie swartgalligheid raak hy ontslae deur sy lewenslot in die hande van Hom te plaas wat ons "lot beskik," ons "gang bestier" en selfs "die dooie mosaie gadeslaan." Hierdie skielike ortodokse geloof van Leipoldt klink 'n ietswat onnatuurlik, veral as ons dit en teen die pantefstiese agtergrond van sy eerste bundel, maar dan moet ons ook in aanmerking neem dat dit hier meer die weergawe van die volksgevoel is as sy individuele oortuiging.

Sterk lê die digter nadruk op die feit dat die lewe nie doelloos is nie, en dat die mens sekere definitiewe pligte het om te vervul, waaronder hy die plig van te werk as die belangrikste beskou:

> Worstel en wen as jy kan;
> "of stoei en verloor, as jy moet, soos 'n man -"

Ons le … te kort om nutteloos verslyt te word, daar moet wel geneem word

> "wat die guns van die lot in genade bied,"

maar daarnaas moet ons besef dat daar geen tyd vir "Jaloersheid" is nie en dat elkeen met al sy beskikbare hulpmiddele moet voortuit beur. Soos Christus egter reeds geleer het, moet goeie werke nie gedoen word om deur die mense geprys te word nie, maar alleen:

> "…. vir die lus en die genot,"

en:

> Vir Hom hierna om, as Hy wil,
> "Te prys of laak; met doen vir jou
> En dan die hande saamgevou,
> ootmoedig as 'n kind en stil."

Ook hierdie is 'n suiwere calvinistiese gedagte, maar dan voeg Leipoldt by en toon hy duidelik aan dat die mens nie net op die Heer moet vertrou nie, maar ook sy eie inisiatief moet gebruik, want God het ons 'n verstand gegee om baie moeilikhede self op te los, en daarom moet … daar wanneer die nood dit vereis gehandel word in plaas van om te bid!

"Wie trots die doodgevaar?
"Nie jy wat praat, nie jy wat bid,
Nie jy wat staan en bewe!"

Daar kom ook tye in die lewe wanneer die werklike man self moet doen en handel, en nie moet probeer om agter die naam van kind en vrou, of selfs agter die naam van God te skuil met die betekenlose woorde:

„Dit is mos die Heer se wil"

nie. Daarom sien hy die daadwerklike optreders nie onder die lafhartiges, die skynheiliges, die roekeloses of die vromes nie, maar onder hulle wat helder soos 'n ster aan die hemeltrans hul lewenshouding voor hul sien oprys in die grootse leuse:

„Worstel en wen as jy kan!"

Naas die plig van te werk het Leipoldt nog ander deugde vir die goeie mens opgestel, en so wys hy byvoorbeeld dat die ideale persoon instaat moet wees om „saam met die vreeërs vyand te help opbou „wat lank verwoes lê, uit die pyn."

Want hulle wat nie kan of wil vergeet wat die vyand aan die nasie gedoen het nie, sal ook nie wil vergeet wat deur volksgenote gepleeg is nie, en sodoende sal die verdeeldheid, haat en jaloesie nooit 'n einde kry nie. Met hierdie eensgesindheid in gedagte, smeek hy gevolglik dat elke seun en dogter die moed en krag moet ontvang om hulle uiterste te gee om die volk weer byeen te kry:

„Om wat verdeeld is, weer tot een te maak,"

en om daardie oë, wat net tot die oppervlakte kan sien te open, sodat hulle ook tot die diepere kan deurdring en:

„Die doel wat dieper as die skynsel lê,"

kan raaksien.

Leipoldt streef na die innerlike. Dis nie die blinkheid van die oppervlakte wat hom verheug nie, maar die diepere trek hom aan; nie dit wat maklik kan bereik word nie, maar die siel wat dikwels onbereikbaar skyn te wees. Daarom lyk dit byna asof die digter fatalisties in sy opvatting is as hy sy profetiese blik oor die toekoms laat gaan waar „waarheid" geen „waard-

Wie trots die doodgevaar?
"Nie jy wat praat, nie jy wat bid,
Nie jy wat staan en bewe!"

Daar kom ook tye in die lewe wanneer die werklike man sélf moet doen en handel, en nie moet probeer om agter die naam van kind en vrou, of selfs agter die naam van God te skuil met die betekenlose woorde:

„Dit is mos die Heer se wil"

nie. Daarom sien hy die daadwerklike optreders nie onder die lafhartiges, die skynheiliges, die roekeloses of die vromes nie, maar onder hulle wat helder soos 'n ster aan die hemeltrans hul lewenshouding voor hul sien oprys in die grootse leuse:

„Worstel en wen as jy kan!"

Naas die plig van te werk het Leipoldt nog ander deugde vir die goeie mens opgestel, en so wys hy byvoorbeeld dat die ideale persoon instaat moet wees om saam met die vroeëre vyand te help opbou „wat lank verwoes lê, uit die pyn."
Want hulle wat nie kan of wil vergeet wat die vyand aan die nasie gedoen het nie, sal ook nie wil vergeet wat deur volksgenote gepleeg is nie, en sodoende sal die verskeidenheid, haat en jaloesie nooit 'n einde kry nie. Met hierdie eenigheid in gedagte, maak hy gevolglik dat elke seun en dogter die moed en krag moet ontvang om hulle uiterste te gee om die volk weer byeen te kry:

„Om wat verdeeld is, weer tot een te maak,"

en om daardie oë, wat net tot die oppervlakte kan sien te open, sodat hulle ook tot die diepere kan deurdring en:

„Die doel wat dieper as die skynsel lê,"

kan raaksien.

Leipoldt streef na die innerlike. Die nie die blinkheid van die oppervlakte wat hom verheug nie, maar die diepere trek hom aan; nie dit wat maklik kan bereik word nie, maar die siel wat dikwels onbereikbaar skyn te wees. Daarom lyk dit byna asof die digter fatalisties in sy opvatting is as hy sy profetiese blik oor die toekoms laat gaan waar „waarheid" geen „waar-

meer ken nie en:

> „waar elkeen veins en lieg."

Van hierdie toekoms sê hy verder:

> "Ek sien in broedertwiste 'n trotse huis verdeel,
> 'n snode heidenliste waarmee die mensdom speel;
> Verraad en ontrou wemel, en mense-trou is weg,
> En elkeen roep die hemel getuie dat hy veg
> Vir reinste, skoonste doele, vir vryheid, God
> en reg."

Dit was dan ook die skynheiligheid en listigheid van die mensdom wat Leipoldt diep in sy siel verag het; die misbruikmaking van volkshelde deur kastige volksvegters, net soos kastige gelowiges gedurigdeur die naam van God misbruik om daardeur die oppervlakkigheid in hulle eie geloof te verdoesel. Volksliefde wat baseer is op sulke uitbuitery is net so oneg soos godsdiens wat berus, op die ydele groot-woordegespeel van baie van ons teenswoordige godsdiensleiers. Daarom dat hy so'n grondige waarheid weergee met die woorde:

> "Praat nie van Patriotisme, tel nie jou helde oor;
> Sus nie jou siel met woorde wat waarheid net verbloem;
> Kyk raak, tot in sy hart toe, die onding wat versmoor
> Die beste wat die mensdom het om eer te gee of roem -"

Leipoldt het die onegte, die vuile en die huigelagtige in die volkslewe, sowel as in die lewe oor die algemeen, tot diep in sy siel verag; maar net soos hy hierdie onedele eienskappe verfoei het, net so het hy die mens in sy puurheid en edelheid bemin, het hy die mens met al sy menslikheid lief gehad en die groot standpunt van Christus van Geloof - Hoop en Liefde uitgeleef, en hierdie drie stellinge die „harnas" van sy eie lewensbeskouing gemaak. Want hy wat gewapen is met die helm van Liefde, die harnas van Geloof en die skild van Broedertrou, hy is toegerus om die ongelykste worsteling tegemoet te gaan:

> "Hy is gewapen kern en spits
> Teen wat ook al sy lot voorspel,
> Al is die donker rondom hel,
> Waarin die verre weerlig blits."

En omdat Leipoldt sy geloof gevestig het op die groot Christen-deug Liefde, daarom was blymoedigheid een van sy uit-

staande kenmerke en kon hy self in die hoogste smart 'n mate van skoonheid vind; want hy het geglo dat die siel deur smart gelouter en sterk gemaak word, terwyl die goeie en mooie uit pyn gebore word. In die lewe was hy blymoedig, en daarom is hy ook gewillig om die dood, wat vir hom geen vrees ingehou het nie, blymoedig af te wag:

> Ek wag hom sonder haat,
> "En sonder afguns, want ek weet my loon
> Sal hy betaal tot op die laaste toe."

Gelukkig die mens wat so seker teenoor hierdie gevreesde onbekende gestaan het, gelukkig hy wat in die dood slegs 'n welverdiende rus sien!

UIT DRIE WERELDDELE.

„Hy het van die gode van die Maleiere gehoor lank voordat hy van Christus gehoor het," is van Leipoldt geskryf;[6)] en omdat hy enige bekrompenheid in die godsdiens vermy het, was hy altyd gewillig om aan die een geloof net soveel aandag, of dalk sal dit beter wees om te sê, net so min aandag te gee as aan die ander. Geloof het vir hom soos reeds in Dingaansdag aangetoon, niks meer beteken as 'n „gissing" nie, en diegenes wat dit op andersdenkendes wou afdruk het „kaf" gepraat. Maar afgesien hiervan, het hy niemand gehinder in wat hy geglo het nie, en het hy teenoor elke geloof 'n ensydige houding aanvaar. So gee hy nie alleen 'n rake uitbeelding van die moedige en Portugese awonturiërs se goedige geloof in die Maagd nie, maar hy staan ook geheel en al simpatiek daarteenoor. Luister maar na die volgende beskrywing van die skip:

> .......................... op die agterdek
> "Pronk in 'n pragtig', goudgestikte rok
> Die Moederbeeld, wat teen gevaar en ramp
> Die skip beskerm; en teen die voorste mas
> Hang 'n vergulde kruis, waar Christus dra
> Met neergesinkte hoof die doringkroon;
> En oor die beeld en hele agterdek
> Hang slaap'rig, vaak, die halfgevoue vlag -"

Dit klink amper asof dit die beskrywing van die gelowigste katoliek self kan wees! Dieselfde gedig bied agter verder bewyse van Leipoldt se onpartydigheid, want selfs oor die ge-

loof van die donker Afrikaanse barbare,

> waar in stikdonker heidendom die slaaf
> "Geslag word aan 'n fetisj-goggagod,"

oefen hy geen kritiek op uit nie, maar stip dit slegs aan as 'n feit en laat dit dan met rus. So word ook met die Mohammedanisme gedoen, en in dieselfde gees as wat hy die Israelitiese trekgeskiedenis onder Moses noem, word die leer van die halwemaan beskryf, sonder om 'n verskil tussen die twee gelowe te maak, want in die leer van Christus sien hy net soveel as in dié van Mohammed, en hy glo dat elke mens vrygelaat moet word om sy God te dien op die manier wat hy self verkies. Daarom vind hy ook in die aandgebed:

> "Allah il Allah"

wat deur die muezzin uitgeroep word, net so'n groot opregtheid as in:

> "Heilig, Heerlik, Opperwese"

van die gelowigste Christen. Om dieselfde rede het sy ruim lewensuitkyk hom instaat gestel om van Multatuli wat dikwels as godloënaar en lasteraar bestempel word, te getuig as:

> "Apostel, heëpriester, lyder, Man!"

Leipoldt het die geloofsoortuiging van ander mense gerespekteer om die eenvoudige rede dat hy nooit self kon eerstig word en oortuig gevoel het oor die groot mistiese lewensprobleem nie. Wat is waarheid en wat is skyn? Daardie mense wat so doodseker was van wat die ewigheid insluit, en wat die beeld van hulle God so haarfyn voor hulle kon sien:

> Wat vir die Almag menseperke stel
> "En Almag self vermenslik tot 'n nul,
> Wat alles weet van hemel en van hel,
> En hoe Voorsienigheid sy laaste plig vervul,"

hulle wat die geloof verdraai het om aan te pas by hul eie denke of voordeel en wat boonop volgeprop is met vooroordeel:

> Wat stamp die rede neerdruk en verstom;
> "Skynheiligheid, wat, geil en nooit gemmel,
> Jaloers die kinderlik' genot verkrom,
> Wat uit geloof 'n mingeboorte draai,
> 'n Oupaalboelie - afgod van die nag,
> Wat met sy saklig-angstig' sabel swaai
> Oor alles wat na liefde en ware lewe smaak."

dierdie soort mense en hulle optrede is vir hom 'n vlek, want

loof van die donker Afrikaanse barbare,

> "Waar in stikdonker heidendom die slaaf
> Geslag word aan 'n fetisj-goggagod,"

oefen hy geen kritiek op uit nie, maar stip dit slegs aan as 'n feit en laat dit dan met rus. So word ook met die Mohammedanisme gedoen, en in dieselfde gees as wat hy die Israelitiese trekgeskiedenis onder Moses noem, word die leer van die halwemaan beskryf, sonder om 'n verskil tussen die twee gelowe te maak, want in die leer van Christus sien hy net soveel as in dié van Mohammed, en hy glo dat elke mens vrygelaat moet word om sy God te dien op die manier wat hy self verkies. Daarom vind hy ook in die aandgebed:

> "Allah il Allah"

wat deur die muezzin uitgeroep word, net so'n groot opregtheid as in:

> "Heilig, Heerlik, Opperwese"

van die gelowigste Christen. Om dieselfde rede het sy ruim lewensuitkyk hom instaat gestel om van Multatuli wat dikwels as godloënaar en lasteraar bestempel word, te getuig as:

> "Apostel, hoëpriester, lyder, Man!"

Leipoldt het die geloofsoortuiging van ander mense gerespekteer om die eenvoudige rede dat hy nooit self kon oortuig word en oortuig gevoel het oor die groot mistiese lewensprobleem nie. Wat is waarheid en wat is skyn? Daardie mense wat so doodseker was van wat die ewigheid insluit, en wat die beeld van hulle God so haarfyn voor hulle kon sien:

> "Wat vir die Almag menseperke stel
> En Almag self vermenslik tot 'n nul,
> Wat alles weet van hemel en van hel,
> En hoe Voorsienigheid sy laaste plig vervul,"

hulle wat die geloof verdraai het om aan te pas by hul eie denke of voordeel en wat boonop volgeprop is met vooroordeel:

> "Wat stomp die rede neerdruk en verstom;
> Skynheiligheid, wat, geil en nooit geheel,
> Jaloers die kinderlik' genot verkrom,
> Wat uit geloof 'n misgeboorte draal,
> 'n Oupa-se-boelie - afgod van die nag,
> Wat met sy aaklig-angstig' sabel swaai
> Oor alles wat na liefde en ware lewe smag."

Hierdie soort mense en hulle optrede is vir hom 'n vlek, want

hulle pynig sy siel en verdonker sy lewe, en as hy aan hulle „akkurate" fyn-uitgewerkte „waarhede" dink, dan voel hy soms verbitterd en roep sy eie soekende self spottend toe:

„Kla nie, want niemand is daar wat jou
angskreet van smart hoor.
Niemand wat voorspraak sal wees vir
genade by God."

Hy word hierdeur egter nie tot wanhoop gedryf nie, want alhoewel hy hom klein en nietig gevoel is hy nogtans moedig en gewillig om „half blind" deur „die duisternis heen" te struikel:

„Totdat die son van die toekoms die donker
tot goud maak
En wat voorheen net 'n vloek was, verhef
tot 'n seën."

En hierin vind ons dan weer die oue Leipoldt terug, die lewensblye soeker, worstelaar en dromer wat hom nie vir lank kan laat neerdruk deur „kleinheid", „onverdraagsaamheid", „onwetendheid", „onmondige oordeel", of „onmensheid" nie. 7) Sy siel styg bo dit alles uit en reik na die hoogste wat die skepping kan bied, naamlik hoop en vertroue! Want al is die lewe en die toekoms vir hom dikwels donker en onpeilbaar, dan is daar tog sekere onomstootlike lewenswaarhede wat hy wil aanneem, al kan hy geen definitiewe begrip daarvan vorm nie. Een hiervan is die onsterflikheid van die siel:

Onsterflik? Ja, want niks wat is, vergaan
"En al wat was, kom op sy tyd weer t'rug."

Die voortbestaan van die siel nà die dood, is vir hom sekerlik nie dieselfde as wat die calviniste daaraan heg nie, want, sê hy:

Wat ons siel noem, is 'n vonk wat saam
"Met duisende vonke vlieg om tot 'n vlam te brand,"

en ons moet dus gesamentlik opgaan in die ewige vlam van die lewe. Die lewensvlam moet altyd suiwer en rein gehou word, en om dit te doen moet daar eerstens geleer word om te vergewe en te vergeet alles wat vergewe en vergeet moet word, want as die een vonk nie die glans van die ander kan waardeer nie, of die dofheid van 'n tweede nie kan verskoon nie, dan kan die magtige vlam wat deur miljoene vonke tesame gevorm word nooit helder brand nie.

Met hierdie idee tree Leipoldt se inter-nasio-

nale gevoel sterk op die voorgrond en erken hy openlik:

> Hy's die grootste patriot wat al die mensdom min,
> "Wat vergif'nis bo vergelding ag;
> Wat kan ly en lewe, bloed versoen, en haat vergewe,
> Altyd yw'rig-werksaam vir 'n beter, nuwer dag."

Sien ons hierin nie die filosofie van die goeie Christen nie, maar terselfdertyd ook die van die vurige idealis? In werklikheid 'n idealistiese gelowige! My kom die wraak toe, het die Heer gesê, ek sal dit vergelde, en wat vir ons as mense oorbly is slegs om te berus en te arbei - arbei vir 'n nuwer, beter dag! Arbeid is self 'n ideaal om na te strewe, want as ons almal worstel met die doel om te wen, dan sal ons meer instaat wees om te vergewe, omdat hy wat streef na hoër ideale ook makliker die pyn van die verlede sal vergeet, sonder om juis laf te wees in sy trou aan die nasie en die liefde van sy volk, alleen:

> Ek dra geen krip of kromband om my arm
> "Vir jou, wat voorgegaan het; want ek weet
> Ek sal jou nooit, ek kan jou nooit vergeet."

Die lye van die volk sal hy dus in sy siel bewaar, maar die smaad wat hulle aangedoen is wil hy vergewe en ook vergeet.

Omdat Leipoldt die hoon, die droefheid en die haat wat die oorlog gebring het saam deurgeworstel het, en omdat hy weet dat elke oorlog dieselfde smarte meebring, daarom is hy hoftig gekant teen alle oorloë, want hy weet dat die opgesmukte strydplakkate en skynbaar patriotiese wapenleuses, niks anders as bedrog en huigelagtige mooidoenery is nie, wat hy alleen met bitter sarkasme kan bejeen as hy uitroep:

> Sterwe en sonder grasie, alleen op die veld te val,
> "Met die hoop op 'n groot lykstatsie as die laaste sarsie knal!"

Waarom word 'n bloedige onmenslike stryd gevoer tussen nasies, of lede van dieselfde nasie, vra hy nou af? 'n Volk word immers nie opgebou en sterk gemaak deur „die knal van bomme en kartetse", of „deur die rook van huise, ru in vlam" nie. Dit groei ook nie onder „oorlogswoede" of „deur die haat van vrind teen vrind as vyand", of onder „onregte skiepe", „smaad", „dwang en „dwing'landy", „haat", „[illegible]erheid" en „smart" nie.

en „dierlike" instinkte en uitinge sal ook niks bydra tot die voortbestaan van 'n volk nie! Maar meer as al hierdie geweld - en smartfaktore is die groot les dat:

> Die louter liefde vir jou land
> "Die groter liefde vir jou medemens
> Nie uit - maar insluit; dat die paradys
> Nie meer op die manier van Mohammed
> Alleen bevolk word deur soldate-dood;
> Leer dat die band wat volk aan volk moet heg,
> Nie meer verbreek mag worde deur 'n hand
> Wat nie almagtig is nie."

Vir die enge nasionalis sal hierdie woorde wel nie aanstaan nie, en mag dit ook skyn dat Leipoldt sy nasionale trots prysgegee het vir die breë kosmopolitiese opvatting wat die wêreld wil insluit in een groot bond van broers en landgenote. Maar hoe ons ook al mag voel oor die saak, daar lê tog 'n groter etiese idee in opgesluit as in die patriotiese, wat so dikwels niks anders is as bekrompe chauvinisme nie. En al verskil ons ook hoeveel van Leipoldt op politieke gebied, dan moet ons nogtans erken dat die digter in hierdie opvatting van hom nader aan die lewenswaarheid en aan die leer van Christus kom - wat duidelik beveel het dat ons naaste moet bemin word soos onsself - as meeste van die politieke predikers van vandag, wat almal tot dieselfde God bid, maar elkeen met die uitsluitlike doel om hom en sy groep se moordtuie te seën en die vyand s'n te vervloek! Volgens die moderne lewensopvatting verkondig die digter hiermee wel 'n onmoontlikheid, maar uit suiwer godsdienstige oogpunt beskou verdien hy die eer, want so het Christus ook geleer al moes Hy saam met sy handjievol volgelinge ten gronde gaan voor Joodse opportunisme en huigelary.

Dit was gevolglik ook hierdie skynbare „onmoontlikhede" wat van Leipoldt die eensame enkeling gemaak het. Hy was dikwels in sy filosofie die profeet, met die spreekwoordelike onbemindheid daarby, wat natuurlik gelei het dat hy die eensaamheid verkies het bo die gewoel van die gemeenskap:

"

En ek, wat in my ongebore bloed
"Die sienersmart gesuie het en deur
My siel laat deurstroom het sy gif vir goed -
Ek, trots my rang, het reg op tyd vir treur -
Op tyd waarin ek oor my smart kan dink,
En volle rekening van die dag kan vra,
Hoe diep in droef'nis my gedagtes sink
Eer ek, deur lig versterk, my smart alleen kan d

Van die wêreld en sy kleinburgerlike optrede het hy dus nie veel verwag nie, en het hy hom ook sterk genoeg geag om die smaad en die hoon te dra in stille eensaamheid, want:

Wat gee ek om mense
"wat sê ek is mal,
As die varings my aanhoor
By die wal?

Wat om my vriende -
wat nooit nie verstaan -
As die sterre my toeknik,
En die maan?"

By die stilte van die spruitjie onder die sagte strale van die maan en die sterre het hy hom volkome gelukkig gevoel, want soos Celliers wat saam met die assies van sy uitgebrande vuurtjie nog sit en droom, so speel Leipoldt maar voort op sy ramkie met die wete dat God nie alleen naby is nie, maar dat hy in werklikheid saam met sy God verkeer - die natuur!

DIE BERGTRAGEDIE.

"Die Bergtragedie" wat ten onregte deur Dr. Kritzinger bestempel word as een van die swakste digbundels in die Afrikaanse letterkunde en sonder twyfel Leipoldt se swakste, 8) vorm 'n hoogtepunt in die godsdienstige oortuiging van die digter. Die idee daarin vervat is sterk-Oosters gekleurd, en daarom is dit ook te verstaan waarom die professor nie van die werk en die gedagtes daarin uitgespreek hou nie. Wie hom egter nie laat lei deur enge godsdienstige oortuigings nie, sal in Die Bergtragedie altyd 'n vers of gedagte vind wat tot diepe nadenking sal stem.

Naas "Skoonheidstroos" is hierdie bundel 'n grootse verheerliking van die onsterflike Skoonheid. As tot sover nog nie met sekerheid kon vasgestel word wat vir Leipoldt die hoog

ste Goed in die lewe en ook daarna uitmaak nie, dan word dit hierin duidelik, en merk ons dat die eerste en enigste, die alfa en die omega, die oorsprong en die hoogste in die lewe vir hom die Skoonheid is! Skoonheid is nie alleen geheiligd nie, dit is die heilige self, dit is God.

Die digter het 'n groot bewondering vir die fisiese skoonheid van die mens. Hy bewonder die durf en die krag van die jeug wat opgesluit lê in 'n volmaakte liggaamsbou. Maar terselfdertyd besef hy ook dat hierdie uiterlike eienskappe nie die ewige skoonheid insluit nie en dat dit slegs tydelik kan wees en nie bestand is teen die gewisse oorheersing van die dood nie. Die dood is dus sterker as die fisiese skoonheid, maar hierom word dit, soos vroeër ook aangetoon nie gevrees nie; dit stem hom alleen tot droefheid in sy kennis dat hierdie magsfaktor soms te gou ingryp en die skoonheid van die lewe nie 'n kans tot volle ontplooiing gee nie. Dog dan vergoed die dood tog ook tot 'n sekere mate, en besit dit sy eie aantreklikheid wat die digter instaat stel om te praat van:

„Die maagdelike skoonheid van die lyk."

Uit hierdie oogpunt beskou het die skoonheid dan ook geen perke nie, sy volmaaktheid ken geen einde nie en die een skoonheid vloei oor in die ander om slegs 'n hoër skoonheid te skep.

O Skoonheid, wie sal grense set
"Aan jou onmetelike mag,
Of met vermetelheid belet
Die invloed van jou god'lik mag?"

Soos aangedui het die hoogste skoonheid vir Leipoldt selde in die oppervlakkige geskuil – „die buiteblik of bou van voorwerp, kleur of smaak", maar die goddelikste daarvan, die aller-volmaakste skoonheid het hy gesoek:

„In die siel wat sublimeer ...."

Daarom is dit ook moontlik dat daar dikwels in die „haatlike" omhulsel wat liggaam genoem word so'n reine siel kan aangetref word. Want die siel – die hoogste Goed – steur hom nie aan die uiterlike nie, in werklikheid ken dit geen verskil tussen die skone of die minder skone nie, omdat:

ste Goed in die lewe en ook daarna uitmaak nie, dan word dit hierin duidelik, en merk ons dat die eerste en enigste, die alfa en die omega, die oorsprong en die hoogste in die lewe vir hom die Skoonheid is! Skoonheid is nie alleen geheiligd nie, dit is die heilige self, dit is God.

Die digter het 'n groot bewondering vir die fisiese skoonheid van die mens. Hy bewonder die durf en die krag van die jeug wat opgesluit lê in 'n volmaakte liggaamsbou. Maar terselfdertyd besef hy ook dat hierdie uiterlike eienskappe nie die ewige skoonheid insluit nie en dat dit slegs tydelik kan wees en nie bestand is teen die gewisse oorheersing van die dood nie. Die dood is dus sterker as die fisiese skoonheid, maar hierom word dit, soos vroeër ook aangetoon nie gevrees nie; dit stem hom alleen tot droefheid in sy kennis dat hierdie magsfaktor gras te gou ingryp en die skoonheid van die lewe nie 'n kans tot volle ontplooiing gee nie. Deg dan vergoed die dood tog ook tot 'n sekere mate, en besit dit sy eie aantreklikheid wat die digter instaat stel om te praat van:

„Die maagdelike skoonheid van die lyk."

Uit hierdie oogpunt beskou het die skoonheid dan ook geen perke nie, sy volmaaktheid ken geen einde nie en die een skoonheid vloei oor in die ander om slegs 'n hoër skoonheid te skep.

> O Skoonheid, wie sal grense set
> "Aan jou ommetelike mag,
> Of met vermetelheid belet
> Die invloed van jou god'lik mag?"

Soos aangedui het die hoogste skoonheid vir Leipoldt selde in die oppervlakkige geskuil – „die buiteblik of bou van voorwerp, kleur of smaak", maar die goddelikste daarvan, die aller-volmaakste skoonheid het hy gesoek:

„In die siel wat sublimeer ...."

Daarom is dit ook moontlik dat daar dikwels in die „haatlike" omhulsel wat liggaam genoem word so'n reine siel kan aangetref word. Want die siel – die hoogste Goed – steur hom nie aan die uiterlike nie, in werklikheid ken dit geen verskil tussen die skone of die minder skone nie, omdat:

Die siel, deur sienerskrag verryk,
"Deur liefde tot geloof versterk,
Vind Skoonheid orals waar hy kyk,
Volmaak, verheerlik, onbeperk."

Hoewel die digter aandui waar hy die skoonheid is sien, het hy tog nie probeer om dit te omskryf nie, net so min as wat die opregte Christen-gelowige natuurlik sal waag om sy God te omskryf. Hy weet egter dat die krag wat kan besef wat werklike Skoonheid is, in die siel aanwesig is as 'n onsterflike erfenis. Hierdie erfenis is 'n Goddelike en moet dien as vergoeding vir alles wat die mens te verduur het in die lewe, want na al die droefheid en smart het die gode ons dié een troos geskenk – die grootste wat hulle kon afstaan naamlik:

Die Skoonheid met sy prag,
"Die Skoonheid, rein en groot,
Trou soos die liefdeskrag
En sterker as die Dood."

Die Goddelike vir Leipoldt lê nie opgesluit in die onbekende nie. Daarom is dit dat die siel wat die liggaam verlaat nie opstyg na die Alvader soos by die Christen, en dankbaar is dat dit hierdie „droewe tranedal" kan vaarwel sê nie, maar in plaas van 'n snelle opwaartse reis laat die ongebonde siel eers sy blik bewonderend rus op „die Skoonheid van die lyk" om daarna in stilte die Skoonheid van die onmiddelike omgewing waar te neem. Die digter soek nie sy God bowe aardse bereik nie, hy rig nie sy oë na omhoog om dit in die wolke en die ewig-ondeurgrondelike te probeer vind nie, maar hy kyk rondom hom en vind dit waar sy oog kan sien en sy siel kan verstaan, want hy weet dat alleen die siel wat self geen innerlike skoonheid of puurheid besit nie, werstelend sal probeer om na die Goddelike in die onbekende te soek, terwyl die enigste Goedheid al die tyd in eie boesem opgesluit behoort te wees. Daarom smeek sy siel ook nie die onmoontlike van 'n onbekende God af nie, maar die gebed wat dit opstuur aan sy moederstad is nietemin menslik-eg en grootse!

Gee ons die ootmoed wat vereer,
"Die riddersiel wat louter reg
Bo onreg kies tienduisend keer,

En vir die slaaf en swak'ling veg;
Gee ons die onverskrokke hart
Wat groot kan bly selfs in sy smart."

En wyl die siel sy blik laat gaan oor die skoonheid van die wêreld waaruit hy pas verhuis het, dink hy ook aan wat hom wag in die duisterheid wat voorlê. Maar daar is geen vrees vir die moontlike stryd of smart nie, want hoewel hy weet dat hy niemand het wat hom die pad sal wys nie, bekommer hy hom nogtans nie daaroor nie,

"Omdat hy weet die weg sal lei
...........
Tot vrede en rus."

Dit sal lei:

Na wyer, grooteer velde, waar die mag
"van Dood en van Verderf nie meer 'n prooi verwag"

nie. Dan verlaat die siel die liggaam en hierdie wêreld, en stadig op te rys waar:

Sy eie Ek, wat Dood nóg tyd
"kan breek of brokgewys vernial,
Met daardie groter wêreldsiel
Daarbuite die heelal se kring,
Volmaak, oneindig een, te ming."

Die gees het die liggaam verlaat "om saam te smelt met die Alsiel." 9) Wat die Al- of Wêreldsiel is laat die digter nie blyk nie, maar die ook nie nodig nie, want hy het reeds gesê dat daar "vrede en rus" en geen "verderf" is nie.

En so sluit Leipoldt sy grootste werk af, sy grootste altans in die bespieëling wat hy ons gegee het in sy innerlikste gevoelens oor die lewe en die dood. Dit is sekerlik een van die belangrikste werke in ons literatuur op hierdie gebied, en alhoewel dit verreweg geen enkele ooreenstemming toon met die algemene Christelike opvatting van die lewe en die hiernamaals nie, moet elke onbevooroordeelde erken dat die digter hier tot die diepste deurgedring het, en dat hy hier slegs opnuut toon dat hy die vorser is, die mens wat steeds soekende bly in 'n onderwerp wat na al die eeue nog steeds onopgelos gebly het. Leipoldt se fantasie voer hom soms tot onmoontlike gevolgtrekkings, maar terselfdertyd het

hy tog nie verder afgedwaal as die belyers van die Christendom wat deurgaans ook glo aan net sulke onmoontlikhede, sonder die minste bewysgronde daarvoor te hê nie. Leipoldt het 'n standpunt ingeneem wat hy aan niemand wil opdring nie, maar wat tog te enige tyd net so aanneemlik is as die Christelike, en wat hom daardeur sekerlik net so'n goeie gelowige maak as wat sy tydgenote, Celliers of Totius ooit was.

SKOONHEIDSTROOS.

> Schoonheid, o gy, wier naam geheiligd zy,
> "U wil geschiede; kome Uw heerschappy,
> Naast u aanbidde de aard geen anderen God!
>
> Die eenmaal u aanschouwt, leefde genoeg:
> Zoo hem de dood in dezen stond versloeg ...
> Wat nood? Hy heeft genoten 't hoogst genot! ..."

So het Perk, die skoonheidsaanbidding van die Tagtigers in Nederland ingelui, en so jubel ons groot Afrikaanse Natuuraanbidder dit uit as hy in ekstase sy hande vou voor die grootse skoonheid van "Hierso se wêreld!"

Leipoldt het van die begin van sy digtersloopbaan baie duidelik aangetoon dat: "waar anderen .... buigen en bidden in bangheid en hoop, alsof zy door de planken der groeve den geur van het paradys konden erkennen, en den land-weg hunner bewegingen beperken tusschen de optrekjes der Christen-deugden naar het verschiet der eeuwige zaligheid ....",[10)] daar het hy hom nie in die minste gesteur aan die ortodokse opvatting van 'n persoonlike God wat met opperste gesag en willekeur in die hemelryk regeer nie, veel eerder het hy in stilte geglo aan 'n onbekende Goddelikheid wie se grootsheid, prag, rykdom en skoonheid hy daagliks kon aanskou en ten volle geniet in die natuur rondom hom. Hy het nie geglo aan 'n onsigbare God soos aangeneem deur die Christendom in die algemeen en die calviniste in die besonder nie, maar hy het geglo aan die verfrissende en Goddelike skoonheid van dit wat hy met sy oë kon aanskou en met sy siel in volle teue kon indrink. Hy het die Goddelike gesoek en gevind in sy medemens, in die diereryk, in die plantelewe en in alles wat rondom hom getuig het van lewe en

dartelende lewensvreugde gespruit uit 'n onsigbare hand wat hy nie kan definieer nie, maar wat hy nogtans altyd sáám hom gevoel het.

„Skoonheid, o sy, wie naam geheilig sy."
In hierdie enkele reël vind ons, ons grootste Afrikaanse panteïs se lewensbeskouing opgesluit, soos hy dit met entoesiastiese hartstog uitgejubel het in die verse van hierdie mooi bundel van hom. Die skoonheid is vir hom nie net 'n troos nie, maar dis 'n besieling, 'n passie en 'n godsdiens! En hierin staan Leipoldt dan ook nader aan die Tagtigers as enige ander van ons Afrikaanse sangers.

Daar is reeds gesê dat Leipoldt van die begin af duidelik getoon het waar sy bron van aanbidding gesoek moet word, want in Oom Gert Vertel blyk dit al dat waar sy tydgenote nog gesidder het van die „kruitwolke" en „rookruik", daar het hy hom verlustig in die „silwerwaas" van die „maanlig" en die „geure van sandklokkies." In die Boesmanland, Op die Kerkhof, My nuwe Vaderland, Lenteliedjie en bo alles die bekende Oktobermaand is maar 'n paar gedigte wat in sy eerste bundel getuig het van sy geloof in die natuur. Hierdie selfde natuurliefde of natuuraanbidding het ons weer gevind in Dingaansdag. Dit tree [illegible] veral sterk in Die Bergtragedie, maar dit het nooit so'n hoogte bereik as in Skoonheidstroos nie, want hier blyk dit met elke reël, met elke gedagte, ja byna met elke woord dat Leipoldt die skoonheid, veral die skoonheid van die natuur verheerlik net tot die hoogste volmaking, die hoogste God, die Goddelike self! Want soos die „dwarrelende vink" uiting moet gee aan sy gevoel deur sy lied, en die [illegible]

„sing is sy [illegible] gly"
en altyd nader te styg in die ewige blou,

So sing ook die hart wat die skoonheid min,
"Want die skoonheid behoort soos die [illegible] die oog;
En hy wat vir skoonheid sy siel ontgin
Skenk terug in sy lied wat die lewe hom gee."

Hy wat dan die skoonheid met sy siel indrink, sal ook aan die

dartelende lewensvreugde gespruit uit 'n onsigbare Hand wat hy nie kon definieer nie, maar wat hy nogtans altyd naby hom gevoel het.

„Schoonheid, o gy, wier naam geheiligd zy."

In hierdie enkele reël vind ons/ ons grootste Afrikaanse panteïs se lewensaanskouing opgesluit, soos hy dit met ontroerde hartstog uitgejubel het in die verse van hierdie mooi bundel van hom. Die skoonheid is vir hom nie net 'n troos nie, maar die 'n besieling, 'n passie en 'n godsdiens! En hierin staan Leipoldt dan ook nader aan die Tagtigers as enige ander van ons Afrikaanse sangers.

Daar is reeds gesê dat Leipoldt van die begin af duidelik getoon het waar sy bron van aanbidding gesoek moet word, want in Oom Gert Vertel blyk dit al dat waar sy tydgenote nog gesidder het van die „kruitwolke" en „rookruik", daar het hy hom verlustig in die „silwerwaas" van die „maanlig" en die „geure van sandklokkies." In die Boesmanland, Op die Kerkhof, My nuwe Vaderland, Lenteliedjie en bo almal die bekende Oktobermaand is maar 'n paar gedigte wat in sy eerste bundel getuig het van sy geloof in die natuur. Hierdie selfde natuurliefde of natuuraanbidding het ons weer gevind in Dingaansdag, Uit drie Wêreldele en veral sterk in Die Bergtragedie, maar dit het nooit so'n hoogte bereik as in Skoonheidstroos nie, want hier blyk dit met elke reël, met elke gedagte, ja byna met elke woord dat Leipoldt die skoonheid, veral die skoonheid van die natuur verheerlik net tot die hoogste volmaking, die hoogste Goed, die Goddelike self! Want soos die „borrelende vink" uiting moet gee aan sy gevoel deur sy lied, en die seemeeu

„sing as hy ooswaarts gly"

om altyd hoër te styg in die ewige blou,

So sing ook die hart wat die skoonheid min,
"Want die skoonheid behoor soos die son en die see;
En hy wat vir skoonheid sy siel ontgin
Skenk terug in sy lied wat die lewe hom gee."

Hy wat dus die skoonheid met sy siel indrink, sal ook aan die

lewe niks anders as skoonheid teruggee nie, m.a.w. die mens wat skoonheid kan waardeer en dit lief het, sal die goeie en voorbeeldige mens wees en sal ook die ware gelowige kan genoem word.

Naas hierdie skoonheidsfilosofie wat die kern van Leipoldt se godsdiensopvatting insluit, tref ons in hierdie bundel ook sy verhouding tot die „ware godsdiens" aan, naamlik die ortodokse waarin maar min plek vir andersdenkendes te vind is. Uit die aard van die saak is dit te verstaan dat die digter dikwels nie simpatie daarvoor gevoel nie, alhoewel ons nie hiervan moet aflei dat hy geheel en al onsimpatiek daarteenoor gestaan het nie. Pater Servaas met sy „kunsmatige kaalkop" is 'n tipiese verteenwoordiger van die verkondigers van die Woord, en vertrek vol moed na die Ooste om die „boodskap" aan miljoene „heidene" te gaan verkondig. Die pater is seker van sy saak, want „swart op wit hou ons die waarheid". Hy gaan daarom doelbewus:

> Om hierdie onkund'ge heidens, slaaf en heer,
> "Met God-verligte redes te bekeer."

Maar gou was diegenes wat moes bekeer word besig om aan die prediker te arbei, en daar hy vatbaar vir oortuiging was en dit vir hom begin lyk het asof daar meer as een regte weg kon wees, het hy met vertwyfeling in sy hart geredeneer:

> "..............Die kanse bly gelyk
> Sal ek" ooit weer die regte pad bereik?"

Liewers dan as om „af te dwaal" van die „regte pad", het die pater besluit om van die rede en kennis weg te vlug en na sy klooster terug te keer om daar sy lewe van eensalwigheid voort te sit.

In teenstelling met die Christelike geloof soos verteenwoordig in die pater, gee Leipoldt ons ook 'n blik in die Mohammedaanse godsdienstige lewe, waarteenoor hy altyd simpatiek gesind gestaan het. In die aandgebed van die Muezzin hoor ons gevolglik ook nie alleen die hartstogtelike bede van die Oosterling nie, maar dit asof ons die digter self in die skemering hoor prewel:

God is Groot!
"God is Groot!
Getuig daar is geen ander God as God!"

In hierdie lig beskou sal dit moontlik makliker wees om Leipoldt se "Kersnaggebed" te verstaan, waarvan Dr. Kritzinger gesê het: "Diep het 'n Kersnaggebed' my getref. Die 'n roerende godsdienstige gebed. Dit laat my dink aan die bekende 'Gebed' van Bilderdyk, al mag Leipoldt s'n minder Christelik wees."11) Hoe dit egter ook mag wees, dis seker dat daar min gebede in ons letterkunde is wat met hierdie een kan vergelyk word. Hier het ons die opregte en suiwere en passievolle bieg van 'n mens in al sy menslikheid - sonder grootdoenerigheid of die bekende groot-woord holheid. Daarom is dit ook meer as net 'n gebed, maar is dit in werklikheid die hele godsdienstigeid en lewensopvatting van Leipoldt:

Bedaar, o Heer, die hartstog wat tot haat
"Teen broer en buur wil opbruis as ek vind
'n Vriend nie meer tot vriendewerk gesind,
'n Maat van ouds nie meer my troue maat.

Skenk my die krag om, wat ook wissel en kwyn,
Die jare deur as mens getrou te bly,
En sonder trots en sonder huigelary
My plig te doen voordat my dag verdwyn.

Leen my die kennis wat my spoor tot klim
Uit bo die kranse van onwetendheid;
Sodat U skepsel, tot U diens gewyd,
Die lig kan raaksien waar die waarheid glim.

Nie om verwaand te spog met wat ek win,
Nog om verwend my kennis voor te stel
As iets alwetend, maar op U bevel
En om wat U gegee het te ontgin.

Die las van jare, ouderdomsverdriet
Die kers wat uitbrand tot die blaker-blik -
- Skenk my geduld om dit te dra, verkwik
Deur wat die tyd wat voorlê nog kan bied.

Vir daaglikse arbeid gun my hoop en lus
Die oes is geil en al te kort die tyd -
.. Besiel my in U goedertierenheid
Om voort te werk totdat U Dood my sus.

Ek smeek U, Heer, om hulp dat ek behou
Die wonderskat my toebedeel as kind:
Dat ek, in wat ek op U wêreld vind,
Weerkaatsing van U godlik skoon aanskou."

SAMEVATTING.

Van die drie groot naoorlogse figure in ons digkuns word

dit algemeen aangeneem dat Leipoldt die minste Afrikaner in sy godsdienstige oortuiging is. Hierteen kan niemand eintlik beswaar maak nie, want van Afrikaans-Kerklike oogpunt gesien is hy sekerlik onafrikaans in sy geloof. Iemand wat dan ook so sterk onder die invloed van die Tagtigers gestaan het, sal selde enige ortodokse sienswyse huldig. Maar net so min as wat Perk, Kloos, van Eeden, Verwey en van Deyssel moedswillig ongodsdienstig was, net so min sal Leipoldt kan beskuldig word dat hy nie 'n tere en soms hartstogtelike godsdienssin gehad het nie. Alleen het hy weggebreek van die dogma van die vadere en geweier om te glo dat daar maar slegs een „ware geloof" is naamlik, die leer wat Christus verkondig het maar wat met verloop van tyd so vermink is dat niemand dit vandag meer kan vergelyk met die oorspronklike nie.

Aan die begin van sy digtersloopbaan toe hy nog in die skadu van die oorlogswolke verkeer het, het hy ook soos Totius en Cellier met 'n wrok in sy siel rondgegaan, maar reeds tóe merk ons dat hy die bitterheid wou verdryf met sy hoër ideaal van werk - werk vir 'n „groter beter dag." Deurdat hy hom gevolglik meer toegelê het op die toekoms het hy langsamerhand los geraak van die enge nasionalisme en homself vereenselwig met die kosmopolitiese idee, waar hy sy bloedbroers nie in 'n klein groepie gevind het nie, maar in alle lewende wesens wat deur God geskape is. Hierdeur het dit vir hom moontlik geword om almal se oortredings te vergewe, en daarom het hy ook probeer om elkeen se standpunt in te sien, met die gevolg dat hy nooit kleinburgerlik en bekrompe opgetree het nie. In plaas dus om te vervloek het hy ander se opinies gerespekteer op elke gebied, en of dit nou al 'n Mohammedaan of Christen was, was vir hom om 't ewe, laasgenoemde het hy alleen teengegaan om hulle enge en dikwels skynheilige optrede.

Sy geloof was geen vaste Waarheid nie. Daarom het dit dikwels geskyn asof hy teenstrydighede verkondig, maar in die ontwikkeling daarvan is dit tog opmerklik hoe die skoonheid, veral die skoonheid van die natuur op hom 'n houvas gekry het,

dit algemeen aangeneem dat Leipoldt die minste Afrikaner is in sy godsdienstige oortuiging is. Hierteen kan niemand eintlik beswaar maak nie, want van Afrikaans-Kerklike oogpunt gesien is hy sekerlik onafrikaans in sy geloof. Iemand wat dan ook so sterk onder die invloed van die Tagtigers gestaan het, sal selde enige ortodokse Menswyse huldig. Maar net so min as wat Perk, Kloos, van Eeden, Verwey en van Deyssel moedswillig ongodsdienstig was, net so min sal Leipoldt kan beskuldig word dat hy nie 'n tere en soms hartstogtelike godsdienssin gehad het nie. Alleen het hy weggebreek van die dogma van die vadere en geweier om te glo dat daar maar slegs een „ware geloof" is naamlik, die leer wat Christus verkondig het maar wat met verloop van tyd so vermink is dat niemand dit vandag meer kan vergelyk met die oorspronklike nie.

Aan die begin van sy digtersloopbaan toe hy nog in die skadu van die oorlogswolke verkeer het, het hy ook soos Totius en Celliers met 'n wrok in sy siel rondgegaan, maar reeds tóé merk ons dat hy die bitterheid wou verdryf met sy hoër ideaal van werk – werk vir 'n „groter beter dag." Deurdat hy hom gevolglik meer toegelê het op die toekoms het hy langsamerhand los geraak van die enge nasionalisme en homself vereenselwig met die kosmopolitiese ideë, waar hy sy bloedbroers nie in 'n klein groepie gevind het nie, maar in alle lewende wesens wat deur God geskape is. Hierdeur het dit vir hom moontlik geword om almal se oortredings te vergewe, en daarom het hy ook probeer om elkeen se standpunt in te sien, met die gevolg dat hy nooit kleinburgerlik en bekrompe opgetree het nie. In plaas dus om te vervloek het hy ander se opinies gerespekteer op elke gebied, en of dit nou al 'n Mohammedaan of Christen was, was vir hom om 't ewe, laasgenoemde het hy alleen teengegaan om hulle enge en dikwels skynheilige optrede.

Sy geloof was geen vaste Waarheid nie. Daarom het dit dikwels geskyn asof hy teenstrydighede verkondig, maar in die ontwikkeling daarvan is dit tog opmerklik hoe die skoonheid, veral die skoonheid van die natuur op hom 'n houvas gekry het,

sodat in Die Bergtragedie, maar veral in Skoonheidstroos, daar met 'n groot mate van sekerheid kan beweer word dat Leipoldt in die skoonheid die hoogste Goed van die lewe gesien het - sy God! Dit is 'n stelling wat hy eers na lange jare aanvaar het, hoewel die kern daarvan reeds van die begin af sterk in sy werk weerspieël word. Aan die begin was hy egter nog onseker, het hy gesoek en het die lewe vir hom 'n groot raaisel gewees; maar langsamerhand het hy begin inrism en het hy die Tagtigers se standpunt aangeneem nl. dat die skoonheid alles insluit en dat hy wat die skoonheid lief het, die volmaakte mens moet wees. Alles wat gevolglik die skoonheid k[illegible]ernietig of skade berokken soos oorlog, jaloesie, nywer, [illegible]ekrompenheid en haat, het hy beskou as uit die bose te wees, en dus dié faktore wat moet bestry word.

Soos maklik te begryp, is dit geen lewensopvatting wat die goedkeuring van die populêre mening sal wegdra nie, daarom het dit ook gelei tot misverstand, met die gevolg dat daar vandag dikwels van Leipoldt gepraat word as iemand wat heeltemal weggebreek het van die Afrikaner tradisies. Dit natuurlik is onbetwisbaar, maar as ons in aanmerking neem dat die geloof tog maar abstrak is en dat niemand sekerheid het van die ware en regte toedrag van sake nie, dan moet dit alleen 'n baie nousiende mens wees wat Leipoldt en sy godsdienstige opvatting wil kritiseer en verwyt. Volgens sy lewenshouding was hy sekerlik nie 'n goeie Christen en nog minder 'n opregte calvinis nie; maar is dit nou die enigste twee norms wat moet toegepas word vir die bepaling van 'n goeie mens? Leipoldt was sekerlik geen Christen of calvinis nie, maar uit etiese oogpunt beskou vertoon sy poësie 'n hoër godsdienstige waarde as beide die van Totius of Celliers, en as ons die Christelik-calvinistiese maatstaf opsy skuif en bloot wil oordeel volgens ons diepmenslike oortuiging sonder enige vooroordeel, dan sal elkeen móet insien en erken dat ons hier met 'n mens te doen het in wie geen bedrog is nie!

## AANTEKENINGE - HOOFSTUK VII.

1. Die Vaderland, 4 Oktober 1944.
2. ibid.
3. ibid.
4. Verwey, Proza I, pg. 105.
5. ibid, pg. 107.
6. Vergelyk voetnoot 1.
7. Sien: "Die man met die Helm."
8. Dr. Kritzinger, Studies en Kritieke, pg. 101.
9. Dr. G. Dekker, Afrikaanse Litt. Gesk., pg. 94.
10. Willem Kloos, Veertien jaar Litt. Gesch., pg. 11.
11. Dr. Kritzinger, t.a.p. pg. 92.

---

## HOOFSTUK VIII.

## NAVOLGERS VAN CELLIERS SE NATUURVERHEERLIKING EN LEIPOLDT SE PANTEÏSME EN SKOONHEIDSAANBIDDING. DIE GODSDIENSTIGE UITKYK WORD STEEDS BREËR.

Die rigting wat Celliers en Leipoldt gevolg het is deur baie meer digters in ons letterkunde nagevolg as wat in hierdie hoofstuk behandel word. Want hoe die saak ook al mag beskou word, is dit tog seker dat die panteïsme in ons poësie byna net so sterk verteenwoordig is as die calvinisme - al is dit soms in 'n uiters onsuiwere vorm. So vind ons dat selfs hulle wat deurgaan as ortodokse calviniste, dikwels van hul enge opvatting afwyk en die pad van die skoonheidsaanbidding volg, soos byvoorbeeld die vroeër-aangehaalde geval van Kleinjan.

Die digtersfigure wat hier egter behandel word is hulle wat deur hul poësie laat blyk het dat hulle oor die algemeen baie nou aan óf Leipoldt óf Celliers verbonde is, grotendeels as gevolg van hulle suiwer panteïstiese neigings in die aanbidding van die Skoonheid - maar ook omdat hul 'n breër godsdienstige opvatting openbaar, en die religieuse wat tot sover in ons digkuns aangetref is selde aanraak.

**H.H. JOUBERT.**

Hierdie, dikwels veron(t)regte digter laat ons deurgaans in sy werk dink aan Jan Celliers. Hiervoor is „Daeraad en Sonneskyn" veral 'n sterk bewys, want soos die naam reeds aandui is die digter 'n byna fanatieke liefhebber van die gloeiende kleure van ons Afrikaanse dagbreek en staan hy hiervolgens na [illegible] die sonaanbidders. Sy natuurliefde herinner ook dikwels aan Leipoldt, en met 'n vers soos die volgende sterk aan die Nederlandse Perk:

"'K Aanbid jou skoon, o, ronde bronakkoorde,
vol hoogmusiek en vreugde ongetoom!
Gewyde tempellig! gemosde soom!
Portaalgewelf, voor onderaardse oorde,
waar varings wuif van emeralde-boorde
en emeralde druip!"

Refrein!

Hier roep hy die grotte onder die waterval toe en sien ons hoe hy in werklikheid die natuuraanbidder is, maar wanneer hy na die puntige berge skou, dan sien hy daarin slegs die skeppende hand van die Alvader, want:

In d' Argitek se wyse raad 's ontworpe
"die Tempel Gods, omhoog gerys uit niet,
en d' eeuwe spreek daaruit met sang en lied,
wat in die winde ruis deur dale en dorpe."

In dié grootse natuur waar hy in die winde-gesuis luister na die Grootheid van God, voel hy hom soos Celliers ook, volkome gelukkig:

Daar deur blare, goud-gesoom,
"daal gedagtes, soos 'n droom
uit die woning van die Heer."

Die natuur is vir hom die Vader se "sonpaleis" waar geen dreefheid en geen smarte toegelaat word nie en alleen vreugde en blydskap heers. Hierin betoon Joubert gevolglik ook sy lewensblyheid en tevredenheid soos Jan Celliers, wat onder die sterregeflonker 'n kind was "aan Sy boesem - tevrede", en Leipoldt wat met ekstase kon jubel: "Somer en son en safier vir my." Want soos hierdie twee digters kan Joubert maar alleen juig:

..................Geniet!
"Smaak die vreugde van die lewe
deur die Vader my gegewe!"

Lewensblyheid en lewensvreugde het hy met volle teue gedrink uit die skoonheidskelk van die natuur en onder die betowering daarvan het sy siel 'n vernuwing ondergaan sodat hy met kinderlike opregtheid kon bid:

Vader, spreek, U kinders luister.
"Elke blaar 's 'n wonder-snoer,
waarop tril U woord-gefluister,
Wat ons tot die siele roer."

Uit die skoonheid van die natuur het hy inspirasie geput om te strewe en om te probeer om die skeppingsplan wat vir hom baie duisterhede opgelewer het, te verstaan. Deur die natuur wou hy God dien, want daarin het hy as 't ware sy God gesien en was dit 'n voorbereiding tot die ewige prag van 'n toekomstige

lewe. Waar die ortodokse gelowige hom dus sou wend tot die ortodokse God en Hom om hulp sou smeek vir 'n beter lewe, daar sien Joubert op tot die natuur vir 'n algemene suiwering van die besmette en aardse:

> O! weg met die haat en die gluur
> "van die nyd. Laat die grote Natuur
> mense-engheid tot grootheid verbreed."

Uit letterkundige oogpunt beskou vergelyk H.H. Joubert se werk dikwels baie swak met die van Celliers en Leipoldt, maar wanneer ons soek na die godsdienstige gedagte in sy poësie dan is daar geen enkele ander Afrikaanse digter wat soveel ooreenstemming vertoon met genoemde twee nie. Want soos hierdie groot figure in ons digkuns is daar by Joubert ook nooit 'n sweem van engheid of bekrompenheid in sy godsdienstige opvatting te bespeur nie, en wat meer is, nêrens probeer hy om sy oortuigings op die leser af te druk nie; hy is alleen die blymoedige sanger wat die Goddelike in die natuur lief het en daarom kan jubel:

> Die velde bloos 'n maagdeskoon,
> "ontwaak uit lente-drome.
> Daar's glimlag op die bergery,
> Daar's blydskap in die strome."

Omdat hy die hele lewe weg en die Goddelike daaragter, deur die natuur aanskou het, het hy natuurlik geweier om hom te laat bind deur enige dogma of ortodokse kerklike opvattings en het hy slegs die vryheid van gedagte begeer wat aan geen selfdenkende wese kan geweier word nie:

> O, maak my vry.
> "Gee my die siele die engele-vlerke
> om ver bo aardse perke
> en die engte van wêreldse kerke
> stil-swewend te ry.
>
> O, bring my tuis
> en laat my in stilte nader
> die huis van die ewige Vader,
> waar stemme (aanbiddend vergader)
> soos 'n vreugde-vloed ruis."

Alhoewel hy dus in die natuur die hoogste geluk gesmaak het, het hy nogtans besef dat die lewe hier op aarde nie die allerhoogste uitmaak nie en dat daar agter die glorievolle van die tydelike nog 'n hoër lewe, 'n groter geluk bestaan. Wat hier-

die Hoëre werklik is het hy nooit in sy verse laat blyk nie, maar hy het dit instinkmatig gevoel en kon daarom wanneer die kwellende gedagtes van die waarom en hoe hom aangegryp het tog sê:

> My wanhoopsnag is skoon herskep in gloed
> "en glorie van 'n dag, 'n son gelyk.
> My smart's vervange met 'n ewig soet:
> Stom-bewend hunk'r ek na Gods koninkryk."

In so'n gemoedstemming kan hy hom gevolglik ook tevrede onderwerp aan sy lotsbestemming en het hy soos Celliers alleen maar berus:

> Swart staar die nag
> "en droef huil die wind.
> Heen is my dierbre,
> So innig bemind:
> Vader, O, Vader,
> U wil geskied:
> Skoon is die gawe,
> wat 'k in smarte U bied."

Waar hierdie bundel gedigte van Joubert feitlik geheel en al gewy word aan die daeraad en sonskyn van sy geliefde Vaderland en waar ons keer op keer sy byna godlike liefde vir die Skoonheid merk, handel "Piet Retief en ander verse" byna uitsluitlik oor volksaangeleenthede en kan ons sy sie innerlike opvatting uit die aard van die saak nie so goed volg as in "Daeraad en Sonneskyn" nie. Sy volksgedigte toon maar weinig verskil met die van sy voorgangers en tydgenote, maar veral is daar 'n groot mate van ooreenkoms met D.F. Malherbe, sodat sy eerste gedagte gevolglik aan God is wanneer die volk in gevaar verkeer, en spontaan bid hy dan:

> O! Alvader, in genade,
> "red hul uit die kloue van die nag!
> Red, Alvader, red hul van die dag!"

As God dan geen uitkoms aan die offers van Bloukrans— en Boesmanrivier skenk nie en die beloop van die geskiedenis sy hemelnemale gang gaan, dan vaar die skrywer uit teen die "hemeltergend treurtonseel," en word die skuld alles op die vyand gepak terwyl God se aandeel as volg gesien word:

> O! God van wysheid en van reg,
> "U wandel 's ondeurgrondelik wys.
> Deur U word eens ons lot besleg,
> Uit U moog' ewig reg verrys ....."

Dit is feitlik dieselfde gedagte wat deurgaans in ons poësie tot sover op hierdie gebied aangetref is - God word gesmeek om te help, maar daag die gevraagde hulp nie op nie dan word Hy nooit verwyt vir Sy neutrale standpunt nie, maar word alles op die vyand afgeskuif en is die bloeddorstige daad gewoonlik deel van God se Alwyse Skeppingsplan. Soos by die Patriotters, Totius, Celliers en die res, word Gods hulp slegs vir die eie nasie afgesmeek en word daar nooit in die verband aan die vyand gedink nie - natuurlik ook nie aan die moontlikheid dat die vyand gewoonlik presies dieselfde ding doen nie. Nee, alleen vernietiging vir die opposisie en glorie vir ons self!

Geef, O! God, die vyand ons in hande,
"Vaag hul van die heerlik-skone lande."

Tot die eer van Joubert moet hier egter erken word dat sy wraakgedagtes alleen vir die Soeloes geld en dat die Engelse darem meer simpatie by hom kry, want dit blyk duidelik dat alhoewel die smart wat deur hulle die volk aangedoen is, nie maklik deur hom sal vergeet word nie, hy tog minstens nie genaig is om hulle met die hulp van God van die aarde te laat wegvee nie!

A.D. KEET.

Om Dr. Keet onder hierdie groep digters te plaas waar natuurliefde gelei het tot vertwyfeling, en panteïsme tot die wegdwaal van die ortodokse geloof, sal wel besware teen kan geopper word, maar oor die algemeen geneem pas hy hier moontlik beter as in die groep waar die tweestryd tussen ortodokse geloof en totale wegbreking en opstand die hoofgedagte gevorm het; want waar Keet baie selde die skoonheid van die natuur aanbid het soos Joubert of Celliers, is hy tog naas A.G. Visser sekerlik een van ons grootste liefdessangers wat in die skoonheid van die vrou werklik die hoogste geluk aanskou het.

Sy eerste bundel „Gedigte" openbaar nie veel van 'n godsdienstige oortuiging nie, en dit is eintlik net in die paar gediggies wat opgeneem is in „Memoriam", waar hy werklik sy siel blootlê en ons 'n kykie gee in sy religieuse lewensinsig. Uit

„Gedigte" blyk egter dat die woord „God" by Keet grotendeels gebruik word as kraguitdrukking soos byvoorbeeld in die volgende:

> O God, hoe onuitsprekelik
> "Is tere, diepe smart."

Daarom dat hy in sy vaderlandse verse, in teenstelling met sy voorgangers nooit die naam van God ingesleep het in sy gevoel vir die volk nie, behalwe dalk 'n enkele geval of twee, maar dan is dit ook duidelik dat dit meer 'n weergawe van die volksgedagte is as sy persoonlike wens of oortuiging.

In hierdie bundel merk ons ook die digter se onsekerheid en onrus as gevolg van die misterieuse van die lewe, maar in plaas van om te murmereer of tot opstand te kom volg hy liewers sy eie insig, of dit nou ook al reg was of nie:

> Ure lang het ek gemymer
> "Oor ons liefde, oor ons leed;
> Oor die grenslose misterie
> Waar ons niks van weet.
>
> Wat is liefde, wat die lewe.
> Wat is vreugde, wat is smart?
> Kind, ek bly die antwoord skuldig,
> Maar ek volg my hart!"

„Gedigte" lewer verder ook bewys van die groot waarde wat hy aan die liefde geheg het vir haar wat so na-aan sy hart gewees het, en wat so dikwels deur hom byna verafgood is:

> Geen enkel dag, geen uur gaan meer verlore,
> "Geliefde, dit kan ek jou toevertrou,
> En stil-eerbiedig kniel ek neer voor jou,
> My dageraad, my jubelende môre!"

Waar Jan Celliers altyd na die natuur gegaan het om deur die skoonheid daarvan tot sy God te nader, en waar Joubert en Leipoldt in die natuur self hul God ontdek het, daar wend Dr. Keet hom tot die skoonheid van die vrou vir sy aanbidding en sien hy in haar alles wat skoon en goed en rein is - word sy vir hom in werklikheid die Goddelike self. Hierdie aanbidding van hom ondervind natuurlik 'n groot terugslag met die oorlye van sy vrou, en die smart wat daarop volg kan in 'n groot mate selfs vergelyk word met Totius in sy „Passieblomme", want die herinnering aan haar het sy liefde gelouter tot 'n hartstogtelike passie, maar terselfdertyd ook tot 'n suiwere afgodediens:

O Heer, vergeef my dit,
"As ek haar so aanbid!
Sy was vir my 'n wonder -
Ek het my afgesonder
Om haar te kan aanbid -
O Heer, vergeef my dit!"

Hy besef natuurlik sy godsdienstige oortreding hiermee en daarom smeek hy terselfdertyd kinderlik-eg om vergifnis. Ook vind hy in 'n groot mate troos by die gedagte dat die oorledene nou verkeer:

waar daar geen trane
"word geween -,"

en daarom wil hy ook nie meer murmureer nie maar alleen glo in die Algoedheid van God en dat Hy tog gehandel het soos dit reg was.

Maar wanneer dit reeds skyn asof hy hom geheel en al onderwerp het aan die Hoogste Wil, dan vlam sy magteloosheid in felle opstand weer op, en wreed-sinies klink sy smartkreet:

Ek kan my weemoed uitgil oor die aarde
"Totdat die maan en sterre hoor
Hoe dat 'n altyd kalm en stil-bedaarde
Mens kan skree wat moed verloor."

Deg hierdie uitbarsting is slegs tydelik en gou keer die digter weer in tot berusting, en is sy vurige bede dat God hom moet leer en moet laat verstaan dat daar nooit 'n fout deur die Opperwese begaan word nie en:

Dat U kastyding, Heer,
"Is liefdevolle straf."

Soos Celliers kom Keet tot berusting en glo dat die "altyd Soewereine" ons lewensgang reël en dat dit ons plig is om maar net te glo dat Sy Wil moet gehoorsaam word.

<u>THEO. WASSENAAR.</u>

Van die oorgangsfigure in ons poësie, hulle wat die skakel vorm tussen die oueres en jongeres neem Theo. Wassenaar seker 'n leidende posisie in. Dis interessant hoedat meeste van hierdie persone 'n eie rigting probeer inslaan as ons maar dink aan Eugene Marais, Toon v.d. Heever, H.H. Joubert en dan Wassenaar. Dit skyn asof die pad wat Totius, Celliers en Leipoldt aangewys het nie altyd hulle goedkeuring wegdra nie,

en of elkeen gevolglik besig is om sy eie weg te probeer vind. Dit is egter wat duidelik by Wassenaar opgemerk word, want treffend is die verskynsel by hom dat hy van niks seker is nie – en van alles, minste van sy eie onsekerheid! Hy kan geen definitiewe koers vind nie, daarom ook dat die Goddelike vir hom die Groot Onbekende is. Hoewel hy egter nie die ortodokse weë bewandel nie, is hy tog bewus van 'n Hoër Mag, want hy voel dat daar oor alles die Gees van die Ewigheid heers wat in Sy allesomsluitende Grootheid die Skepping klein en nietig laat lyk:

"Ek voel dat daar 'n band onsegbaar teer,
Die groot heelal tot een geheel verbind,
Dat daar 'n gees wat ewig is regeer,
Voor wie die Skepping klein voel as 'n kind."

Hierdie nietigheidsgedagte herinner sterk aan Celliers, want net soos die digter van „Eensaamheid" hom tevrede gevoel in die wete dat hy die rustende kind is aan die boesem van sy Vader, so voel Wassenaar dat ook hy wat maar net 'n „polsslag" is in die ewige Grootsheid van die ruimtes, tog ook 'n doel het om te vervul, dat hy lewe en dat sy lewe nie totaal nutteloos is nie:

...............................Ek nietige kristal,
"Ek mag ook speel met die glans van die ewig-pragtige.
Die skepping het ook my sy doel gegewe!
Een polsslag in die ritme van die Heelal."

Hy is dus oortuig dat aan hom ook 'n rol, hoe nietig ook, toegeken is in die groot lewensdrama, hiervan is hy seker, maar wat hom wel onseker en duister is, is juis die feit dat hy nie weet waarom die drama handel nie, en daarom gevoel hy hom so uiters verlore en ontuis sonder om te weet waarheen dit alles lei:

"Ek wou so graag die Waarheid sien,
Die lig, wat elke mens wil dien:
Ek peins, ek bid en staar omhoog;
Ek sien, maar sluit verblind my oog;
Ek sien maar skimme, weet maar dit:
Dat daar iets waars verborge in sit."

Weer kom hierdie gedagte dus te voorskyn, dat alhoewel hy geen oplossing vir die lewe en die heelal kan vind nie, hy tog daarvan oortuig is dat agter alles 'n Meester Organiseerder moet wees wat elke ding weet en dit bestuur tot in die fynste besonderheid.

Wassenaar se onsekerheid oor wat waarheid en wat skyn, of wat God nou werklik is, het van hom in 'n groot mate 'n panteïs gemaak, tenminste in so verre dat hy in die skoonheid – die skoonheid van die lewende ook die Goddelike kan sien. So byvoorbeeld word die liefde deur hom aan God gelyk gestel en sien hy daarin 'n sekere mate van vergoeding wat die Skepper aan die mens gegee het na Hy hom uit die paradys verdryf het. Hierin toon hy 'n mate van ooreenstemming met sy tydgenoot A.D. Keet, want ook vir hom sluit die wonderskone liggaam van die vrou iets meer in as slegs die prosaïese omhulsel wat die Christen daarin wil sien. Om dieselfde rede beskou hy die digkuns as 'n Goddelike eienskap in die mens en is die digter vir hom "heilig". So kan hy feitlik in die hele lewe die skoonheid sien, en saam daarmee die Goddelike aanskou:

> So is in alle dinge
> "'n Diepte te ontdek,
> Waar suiwere siel van skoonheid
> Sig aan die stof onttrek."

In sy godsdienstige opvatting staan Wassenaar dus sonder twyfel na aan die groot panteïs Leipoldt, maar in groter mate nader aan ons natuurliefhebber Jan Celliers. Want soos hulle het hy hom nooit bekommer oor wie God nou eintlik is en hoe Hy moet gedien word nie. Alleen het hy uit die lewe die skoonheid geneem, en omdat God vir hom steeds die Onbekende gebly het, het hy van die standpunt uitgegaan dat hy dan maar net so wel die allerskoonste wat die lewe bied kan aanneem as sy God. En sodoende, is sy keuse sekerlik nie meer of minder reg of aanneembaar as die geloof van die ortodokse Christen of Calvinis nie.

A.G. VISSER.

Daar was te veel van die menslike in Visser dat ons by hom diep-filosofiese probleme sou verwag, daarom ook dat hy die godsdiens, soos byna enige tema waaroor hy geskryf het baie liggies verby gegaan het. Dit wil nie in die minste beteken dat hierdie sanger oppervlakkig teenoor die godsdienstige ge-

staan het nie, maar omdat hy die vriend van almal was het hy nooit kant gekies nie en dus maar liewers die ernstige lewensprobleme met rus gelaat.

Opmerklik by A.G. Visser is egter sy groot liefde vir die skoonheid - skoonheid by die mens sowel as in die natuur, en kan hy in hierdie opsig byna vergelyk word met die pantelstiese Leipoldt, maar anders as Leipoldt het hy nooit probeer om van die skoonheid werklik 'n godsdiens te maak nie, eerder het hy daarin soos Celliers 'n brug tussen hom en die onuitspreeklike grootheid van God gesien, soos blyk uit sy „Tot waar ons weer die Sterre sien", waar hy die onpeilbare van die Godheid 'n lofsang toesing in die woorde:

> Ek lees U skrif op elke rots,
> "Ek hoor U stem in die orkaan,
> Ek sien U oog in son en maan
> U hartklop in die golfgeklots.
>
> U skoonheid straal uit elke roos,
> U blydskap klink in kinderlag,
> U reinheid daal in sneeuvlok sag
> Uit elke wolk U traan van troos.
>
> U voete gaan langs elke weg,
> U perke is oneindigheid;
> Ons kan geen grens van ruimte of tyd
> U teenwoordigheid ontseg."

Dieselfde gedagte vind ons terug in „Die Berge van die Boland" as hy sy kinderlike vreugde en liefde uitstort aan hulle skoonheid:

> Die Bouheer van die berge het oor U
> "Die rooiwyn van Sy vreugde uitgedruk,
> En nog weergalm die lag van Sy geluk
> In donderklank oor u gevaartes ru!
> En blydskap skink Hy ons uit die bokaal
> van Sy troonhemel oor u, blou en rein,
> Uit duisendvoud'ge lewe groot en klein
> En uit Sy sterreheer se prag en praal!"

Skoonheid in kleure en klanke was vir Visser dan ook een van die kenmerke van die Hoogste Goed, want:

> Die mens het al sy wonder, sy geluk
> "In skoonheid, kleure en klanke uitgedruk."

Omdat Visser die skoonheid van die aarde so bemin het, die aarde in al sy smart maar ook in al sy vreugde en blydskap, het hy nooit iets anders begeer as maar net die eenvoud en die menslikheid van ons eie wêreldjie nie, en het die Christen se ewige Hiernamaals hom koud gelaat, want hy kon nie insien hoe-

dat hy, 'n „arme mense kind" voor die skitterende hemellinge sou leef nie – daar sou hy hom net ontuis voel en daarom is sy gebede dus ook:

> Maar my – vergun U goede Gees
> "– Ek smeek U dit ek durf nie meer –
> 'n Plekkie op die aarde weer,
> U nuwe aarde wat sal wees."

Behalwe hierdie aardse hemel begeer hy niks meer nie en bekommer hy hom ook nie oor die „oer-geheimenis", of oor die planne van God wat hy weet hy tog nooit sal verstaan nie. Daar oorkant die donkerstroom wil hy maar net weer sy ou aardse vriende en geliefdes sien, sy maat Voorslag, of moontlik die drome oor sy beminde.

Naas hierdie kinderlike en menslike begeerte van Visser, tref ons tog ook soms by hom die gevoel van heimwee aan oor die skynbare onoplosbaarheid van die Lewensgeheim. So smeek hy die groot Heelal wanneer sy gedagtes hom terugvoer na Laetitia:

> „O waar is nou haar plaas van heilige rus,"

en die „Tuinman" laat hom besef dat ons niks van die lewe weet nie en dat alleen „Hy" die werklike geheim van beide die lewe en die natuur ken. Die vrygelate prisonier is in werklikheid dan ook Visser self wat op die tranebrug verkeer en hom die vraag stel:

> Sal my die Dood – die brug wat lei
> "Van Tyd tot Ewigheid –
> Die stonde van verblyding wees,
> Die einde van al' lyding wees,
> Die ure van bevryding wees
> Van stof en sterflikheid?"

Hierdie onsekerheid groei soms by die digter tot 'n sekere mate van verbittering en dit bereik 'n hoogtepunt in „Die Purper Iris" as hy die lewe met 'n bioskoop vergelyk waar elkeen skynbaar net doen wat hy wil maar uiteindelik tog moet opdaag voor die enigste beslissing naamlik, – die dood! En hierin het juis vir hom die werklike onoplosbare geheim gelê, en het hy die nietigheid van die mens en sy kleinlike kennis met 'n mate van sinisme begryp.

Waar, wat is hul bestemmingswoorde?
"Wat is hier waarheid? Wat 's skyn?
Die slot van alle orakelwoorde?
Vraagteken op die valgordyn!"

Die vertwyfeling is dus ook by Visser duidelik merkbaar, maar soos dit die geval met Celliers was, laat hy hom nie daardeur wegvoer tot totale verset nie maar wil hy liefs berus. Hy neem die wêreld aan soos dit is. God se planne is vir hom goed en deeglik, want al skyn baie dinge ondeurgrondelik en ook baie onregverdig te wees, dan kom alles op slot van sake tog reg en kry elkeen sy vergelding of beloning na mate hy dit verdien het. Ons moet maar net ons plig doen en wag op God wat die beste weet en aan die einde sal ons dan wel die woorde van die Meester hoor:

"Getroue dienskneg, welgedaan!"

Omdat Visser feitlik sy hele lewe in die hande van die Heer geplaas het, is dit te begryp dat hy met kinderlike vertroue in die goedheid van God geglo het. God was vir hom dan ook 'n God van liefde – nie net in naam nie maar ook in daad, en hy het deurgaans geglo dat: "Die Hoogste Wil geskied." Om die rede is dit dat hy so heftig gekant was teen diegenes wie se geloof in werklikheid net nerfdiepte is en wat slegs glo solank dit hulle self pas en voordeel besorg. Hierdie huigelary het hom dikwels na die eensaamheid gedryf, weg van die gewoel en gejaag van die onopregte stedelike lewe. Weg na die kaal Karoo waar nog eenvoudigheid en opregtheid geheers het en waar mense was:

Wat sawens nog die Bybel lees
"En aan Sy boodskap glo;"

Dit was dan ook sy lewensopvatting, dat God in eenvoud en opregtheid, in werksaamheid en die vervulling van een se pligte meer behae het as aan hulle, die kerklike vaders wat soos die fariseërs maar net glo en goed doen solank as hulle deur die mense gesien en gepryS word. Vir hierdie groep mense het die digter geen respek gehad nie, en hy het geglo dat die Heer sekerlik met hulle sal afreken wanneer Hy eendag rekenskap eis,

Ek hoor reeds die Engel met sy stem so sterk
"Luid roep, die dag as alle skyn verdwyn!
Staan t'rug daar, here Prinse van die Kerk,
Vir Suster Sonneskyn!"

> Maar, wat is hul bestewingsoorsake?
> "Wat is hier waarheid? Wat is skyn?
> Die slot van alle orakelwoorde?
> Vraagteken op die valgordyn!"

Die vertwyfeling is dus ook by Visser duidelik merkbaar, maar soos dit die geval met Celliers was, laat hy hom nie daardeur wegvoer tot totale verset nie maar wil hy liefs beraus. Hy neem die wêreld aan soos dit is. God se planne is vir hom goed en deeglik, want al skyn baie dinge ondeurgrondelik en ook baie onregverdig te wees, dan kom alles op slot van sake tog reg en kry elkeen sy vergelding of beloning na mate hy dit verdien het. Ons moet maar net ons plig doen en wag op God wat die beste weet en aan die einde sal ons dan wel die woorde van die Meester hoor:

> „Getroue dienskneg, welgedaan!"

Omdat Visser feitlik sy hele lewe in die hande van die Heer geplaas het, is dit te begryp dat hy met kinderlike vertroue in die goedheid van God geglo het. God was vir hom dan ook 'n God van liefde – nie net in naam nie maar ook in daad, en hy het deurgaans geglo dat: „Die Hoogste Wil geskied." Om die rede is dit dat hy so heftig gekant was teen diegenes wie se geloof in werklikheid net nerfdiepte is en wat slegs glo solank dit hulle self pas en voordeel besorg. Hierdie huigelary het hom dikwels na die eensaamheid gedryf, weg van die gewoel en gejaag van die onopregte stedelike lewe. Weg na die kaal Karoo waar nog eenvoudigheid en opregtheid geheers het en waar mense was:

> Wat sewens nog die Bybel lees
> "En aan Sy boodskap glo;"

Dit was dan ook sy lewensopvatting, dat God in eenvoud en opregtheid, in werksaamheid en die vervulling van een se pligte meer behae het as aan hulle, die kerklike vaders wat soos die fariseërs maar net glo en goed doen solank as hulle deur die mense gesien en geprys word. Vir hierdie groep mense het die digter geen respek gehad nie, en hy het geglo dat die Heer sekerlik met hulle sal afreken wanneer Hy eendag rekenskap eis:

> En hoor reeds die Engel met sy stem so sterk
> "Luid roep, die dag as alle skyn verdwyn!
> Staan t'rug daar, here Prinse van die Kerk,
> Vir Suster Sonneskyn!"

Maar, wat is hul bestemmingsoorde?
"Wat is hier waarheid? Wat is skyn?
Die slot van alle orakelwoorde?
Vraagteken op die valgordyn!"

Die vertwyfeling is dus ook by Visser duidelik merkbaar, maar soos dit die geval met Celliers was, laat hy hom nie daardeur wegvoer tot totale verset nie maar wil hy liefs berus. Hy neem die wêreld aan soos dit is. God se planne is vir hom goed en deeglik, want al skyn baie dinge ondeurgrondelik en ook baie onregverdig te wees, dan kom alles op slot van sake tog reg en kry elkeen sy vergelding of beloning na mate hy dit verdien het. Ons moet maar net ons plig doen en wag op God wat die beste weet en aan die einde sal ons dan wel die woorde van die Meester hoor:

"Getroue dienskneg, welgedaan!"

Omdat Visser feitlik sy hele lewe in die hande van die Heer geplaas het, is dit te begryp dat hy met kinderlike vertroue in die goedheid van God geglo het. God was vir hom dan ook 'n God van liefde – nie net in naam nie maar ook in daad, en hy het deurgaans geglo dat: "Die Hoogste Wil geskied." Om die rede is dit dat hy so heftig gekant was teen diegenes wie se geloof in werklikheid net nerfdiepte is en wat slegs glo solank dit hulle self pas en voordeel besorg. Hierdie huigelary het hom dikwels na die eensaamheid gedryf, weg van die gewoel en gejaag van die onopregte stedelike lewe. Weg na die kaal Karoo waar nog eenvoudigheid en opregtheid geheers het en waar mense was:

Wat saans nog die Bybel lees
"En aan Sy boodskap glo;"

Dit was dan ook sy lewensopvatting, dat God in eenvoud en opregtheid, in werksaamheid en die vervulling van een se pligte meer behae het as aan hulle, die kerklike vaders wat soos die Fariseërs maar net glo en goed doen solank as hulle deur die mense gesien en geprys word. Vir hierdie groep mense het die digter geen respek gehad nie, en hy het geglo dat die Heer wanneer Hy eendag rekenskap eis, sekerlik met hulle sal afreken:

Ek hoor reeds die Engel met sy stem so sterk
"Luid roep, die dag as alle skyn verdwyn!
Staan t'rug daar, here Prinse van die Kerk,
Vir Suster Sewensskyn!"

In hierdie gedig (Suster Sonnenkyn) "kry die 'hore Prinse van die Kerk' 'n flinke veeg uit die pan. En glad nie onverdiend nie, want in ons tyd van 'odium theologicum' word regsinnigheid in die [illegible] maar alte graag aan ons voorgehou as die enigste saligmakende kriterium, al gaan dit ook vaak gepaard met onregsinnigheid in die lewe". 1) Moontlik is dit ook die enigste geval waar Visser werklik ernstige kritiek uitgeoefen het op die kerk en die godsdiens, want oor die algemeen vind ons dat hy hom baie selde bekommer het oor iemand se "geloofsbelydenis," nie omdat hy geen aandeel aan die godsdiens wou neem nie, maar eerder omdat dit deel van sy lewe was om met ligte spot op die fouts van die gemeenskap te wys in plaas van om ernstig daaroor te gaan filosofeer. En tog tref ons in sy gespot - soms ligsinnige geestigheid - groter lesse aan as in die ernstigste vermaning van die dominee, want voor sy rake spot moes deurloop gelowige, kerklike, geestelike en wie ook meer, selfs die Christelike hemel het nie vrygespring nie, en kostelik is sy hekeling van Petrus wat sit en slaap wyl die kinder-Engeltjies duiwelstreke uithaal. Hulle grootste straf kan dan ook niks anders wees as:

Drie weke nooit die poort uitgaan,
"Pal in die hemel bly!"

In verband met hierdie gediggies skryf Dr. E.C. Pienaar dat dit tekenende voorbeelde lewer "nie net van Visser se humoristiese wêreldbetragting nie, maar illustreer tewens een bepaalde aspek van sy digkuns wat ongewoon is aan ons Afrikaanse poësie en tog nie onafrikaans is nie, naamlik sy geestig-oorspronklike verwerking van bekende Bybelse motiewe. Die Afrikaner is oor die algemeen Bybelvas .... en hou nogal daarvan om 'n grappie te veroorloof ten koste van die Bybel. Hierdie neiging sien ons by Visser. Maar hy besit die gawe om sulke motiewe in 'n heeltemal nuwe lig voor te stel sonder om die gevoelens van sy leser opsetlik te krenk." 2)

'n Mens sou graag hiermee wil afsluit met die digter en [illegible] ons volle simpatie behou vir sy oorspronklikheid, maar

ongelukkig kan dit nie gebeur nie omdat A.G. Visser eenvoudig te veel aandag aan vaderlandse aangeleenthede gegee het. Hier egter, net soos by byna al ons Afrikaanse digters, skiet Visser ver kort en blyk dit dat hy in hierdie opsig ook die calvinistiese standpunt toegedaan is, presies soos die Patriotters, Totius, Celliers, Malherbe, Langenhoven en die res. Die Afrikaner is vir hom die prototiepe van die volk van Israel en daarom ook sy Joodse sekerheid:

> U het, O Heer, ons volk met eie hand
> "Gelei, opdat hul rein U woord bewaar,"

'n gedagte wat byna in elke volksvers sy verskyning maak en reeds so afgesaagd is dat verdere aandag onnodig sal wees.

T.J. HAARHOFF.

> Kan dit dan wees dat hierdie skoon Natuur
> "So trillend met sy lentelewe fyn,
> Aangrypend met betowering, en rein
> Van vlek wat siels tot verdoem'nis stuur?
> O, is dit so dat hierdie diep asuur,
> Simbool van diep misterie, wat ons brein
> Laat wonder wat daar agter die gordyn
> Mag lê en wat verdwyn en wat verduur,
> Slegs skimme is wat digters kon verlei
> Deur al die eeue heen?"

So sien T.J. Haarhoff die lewe voor hom opdoem en verbygly, en stel hy hom die vraag of daar vir ons na alles nog iets meer oorbly as om alleen in meedoënloosheid voort te gaan, en in wanhoop die hande sprakeloos uit te strek na omhoog met die hoop dat uit die onbekende tog lig sal daag, 'n antwoord sal kom! Vooraf weet hy egter dat hierdie hoop ook ydel sal wees, want het tienduisende voor hom nie alreeds vrugteloos op 'n antwoord gewag nie? En dan skyn dit asof die digter met totale vertwyfeling vervul is teenoor die ganse lewe. Is daar uitkoms, 'n hoop miskien? Ja wel, want in sy onderbewussyn voel hy dit, weet en besef hy dat daar afgesien van al sy probleme tog 'n onsienbare faktor is wat hom beinvloed, wat die gang van die lewe en die heelal bestier:

> "Geheimnisvol, die Groot Heelal se Gees."

In die wete dus dat daar iets hoër is as die alledaagse, wil hy geen onverskillige houding aanvaar nie, maar weier hy ook

om hom in ootmoed te buig voor die wette van die geloof en sien hy in eie etiese normes 'n groter waarde, veral as die huigelagtigheid van die moderne en vervalste godsdienstigheid in oënskou geneem word:

> O, moeg vir huig'lary is hy en sat!
> "'n Bedrog so ingewikkel, selfbedrog en mense-swakheid -
> Dis om hoop'loos van te word en lewensmat."

Eerlik en verdraagsaam wil die digter wees teenoor homself en teenoor die lewe in die algemeen. Hy wil nie ander geloofsopvattinge bestry nie, maar dan matig hy hom ook die reg aan om 'n eie oordeel te behou, en daarin sien hy duidelik dat die regte pad of dit nou lei na die ewige Hiernamaals van die Christen en of dit alleen die beste weg is wat elke goeie mens behoort te volg, nie juis altyd dieselfde rigting hoef te gaan nie. Dis natuurlik 'n wegbreking van die calvinistiese teorie wat bepaal dat daar slegs twee weë is naamlik,die smalle wat na die hemel lei en die breë wat na vernietiging en verderf voer. Hierdie opvatting is vir Haarhoff veels te eng, want alhoewel hy volle respek betoon aan die ou geslag wat met sociale nog hul bybel lees en hul lewenswyse streng daarvolgens reël, glo hy tog dat die moderne opvatting van die jeug wat alleen die pad van kennis volg nie verkeerd is nie, omdat beide rigtinge op slot van sake tog deur dieselfde „Gees" gelei word:

> ....................Die som,
> van vroomheid bly verdraagsaam, diep en teer,
> En velerlei die weë van die Heer."

Tereg wys hy op die feit hoe daar deur die eeue heen verskillende teorieë opgestel is en hoe elke groep sedra hul 'n klompie volgelinge kon vind, van die standpunt uitgegaan het dat hulle sou die kern van alle Waarheid ontdek het, en dat die ander soekers gevolglik op 'n dwaalweg verkeer, en as hulle weier om ook „die weg van Waarheid" te volg, dan niks anders as ketters kan wees nie. Dis natuurlik dieselfde gedagte wat deur Celliers in sy groot Geheim uitgebring is naamlik die van verdraagsaamheid. Duidelik verwys Haarhoff dan ook na diegene wat voorgee alles haarfyn te weet van die Metafisieka: „onmeetbare dinge....

en hom in ootmoed te buig voor die wette van die geloof en sien hy in die etiese normes 'n groter waarde, veral as die huigel-agtigheid van die moderne en vervalste godsdienstigheid in oënskou geneem word:

> O, moeg vir huig'lary is hy en sat!
> "'n Bedrog so ingewikkel, selfbedrog en mense-swakheid –
> Dis om hoop'loos van te word en lewensmat."

Eerlik en verdraagsaam wil die digter wees teenoor homself en teenoor die lewe in die algemeen. Hy wil nie ander geloofs-opvattinge bestry nie, maar dan matig hy hom ook die reg aan om 'n eie oordeel te behou, en daarin sien hy duidelik dat die regte pad of dit nou lei na die ewige Hiernamaals van die Christen en of dit alleen die beste weg is wat elke goeie mens behoort te volg, nie juis altyd dieselfde rigting hoef te gaan nie. Dis natuurlik 'n wegbreking van die calvinistiese teorie wat bepaal dat daar slegs twee weë is naamlik, die smalle wat na die hemel lei en die breë wat na vernietiging en verderf voer. Hierdie opvatting is vir Haarhoff veels te eng, want alhoewel hy volle respek betoon aan die ou geslag wat met nooi-te nog hul bybel lees en hul lewenswyse streng daarvolgens reël, glo hy tog dat die moderne opvatting van die jeug wat alleen die pad van kennis volg nie verkeerd is nie, omdat beide rig-tings op slot van sake tog deur dieselfde „Gees" gelei word:

> ....................Die som,
> van vroomheid bly verdraagsaam, diep en teer,
> En velerlei die weë van die Heer."

Tereg wys hy op die feit hoe daar deur die eeue heen verskillen-de teorieë opgestel is en hoe elke groep sodra hul 'n klompie volgelinge kon vind, van die standpunt uitgegaan het dat hulle nou die kern van alle Waarheid ontdek het, en dat die ander deskers gevolglik op 'n dwaalweg verkeer, en as hulle weier om ook „die weg van Waarheid" te volg, dan niks anders as ketters kan wees nie. Dis natuurlik dieselfde gedagte wat deur Celliers in sy groot Geheim uitgebring is naamlik die van verdraagsaam-heid. Duidelik verwys Haarhoff dan ook na diegene wat voorgee alles haarfyn te weet van die Metafisicka: „onmeetbare dinge....

koelbloedig gaan moet," en dan verwag dat die res van die wêreld hul gevolgtrekkings moet aanneem. Vir hom is die ander rigting meer aanneembaar:

> Daar is ander wat need'rig erken dat die slingerpad
> "Uit die Onbekende klim, en onseker loop,
> Maar hul oog is gerig op 'n ster, op 'n lei-ster wat
> Die avontuur van die lewe laat tril met hoop."

Hoewel hy dus nie glo aan sekerheid en absolute waarheid in die geloof nie, lewer die digter nooit bewyse dat hy ongelowig is nie, want hy bly die soeker na die goeie en hy glo dat die goeie te vinde is in ons evenaaste se hart, as ons maar net 'n poging aanwend om dit daar te vind:

> Glo in die Goed wat daar skuil
> "in jou naaste hart, dan ontkiem dit;
> Durf om te glo, en dit groei,
> – wonderbaar, bokant jou hoop
> Wantrou die Goed wat daar groei
> in jou naaste se hart; dan verkwyn dit,
> Word tot 'n giftige kruid,
> vyand van mens en van dier."

Hiermee het T.J. Haarhoff duidelik gestaaf dat hy nie saam met die Christelike opvatting stem dat die mens deur geloof in die liefde van God alleen sal salig word nie, maar wel deur die goeie te doen. Verder ook dat ons naaste nie net hulle is wat aan dieselfde geloof behoort nie, maar almal wat lewende wesens is en gevolglik 'n reg op bestaan in hierdie lewe het.

Haarhoff is dus geensins 'n Calvinis nie, in baie opsigte ook nie 'n Christus volgeling nie, of liewers 'n Christen soos wat daar vandag onder die term verstaan word nie, want hy is teen alle huigelary, bekrompenheid en onverdraagsaamheid. Wel wil hy die suiwere en oorspronklike leer soos dit deur Christus verkondig is aanhang en nie die deur „kerkkoncilies" en „Romeinse wet" verdraaide geloof van vandag nie. Hy glo in die stem van Liefde – nie in die teenstrydige liefde van die kerkleiers waar politieke vyande ook geloofsvyande is nie – maar in die oorspronklike bedoeling soos deur Christus verkondig is toe Hy geleer het: Jy moet jou naaste lief hê soos vir jouself.

Omdat Haarhoff innerlik eerlik is, daarom was dit vir hom moontlik om met alle opregtheid en eerlikheid te nader tot

sy God om hom te vra om leiding en hulp:

> Ons bid U om leiding,
> "O, demp ons die Kloof!
> Breek af, Heer, die skeiding
> Wat vrede ontroof.
>
> Neem aan die toewyding
> Van harte wat bewe,
> En leer ons U leiding
> O Heer, en vergewe!
>
> Gee werklikheid, Heer,
> Laat die skadue lewe,
> Bekragtig te meer
> Ons wank'lende strewe.
>
> Bekroon ons bevryding
> Van hartstog wat roof,
> Verdelg, Heer, die skeiding
> O, demp ons die kloof!"

Alhoewel die digter moontlik self sal weier om onder die moderne Christene gereken te word het hy met die hier'n aangehaalde vers tog onteenseglike bewys gelewer dat hy baie naby die suiwere leer van Christus beweeg - nie die verdraaide geloof wat sig aanpas by daelikse behoeftes en noodsaaklikhede nie, maar dit wat Jesus verkondig het met alle eenvoud en opregtheid. In sy poësie het hy immers getoon dat hy nader aan Christus staan as baie van die Meester se volgelinge wat hul geloof van die dakke verkondig, maar in die uitlewing daarvan niks verskil van diegene wat Hom aan die kruishout vasgespyker het nie!

**HEIWES.**

Verfrissend is dit terminste om iets in ons Afrikaanse poësie te lees wat so geheel en al afwyk van die doodgewone en ortodokse Christelike opvatting van óf slaafse gelowigheid, óf twyfel aan, óf opstand teen hierdie geloof. Want wat ons digters se sienswyse ook al mag wees in verband met die godsdiens, d.w.s. of hulle die calvinisme nou aanhang of verwerp, dit staan tog vas dat hul hele stryd om die Christelike idee wentel. In hierdie opsig is Heiwes die enigste welkome uitsondering wat haeltemal afdwaal en probeer om, sonder aanstoot te gee, nuwe bloed in te voer. Totaal onafrikaans, maar geensins ongewenstig nie, het die digter sekerlik die reg om sy eie standpunt - al moet ons aanneem dat dit ook meer 'n fantastiese be-

sieling was na werklike geloof - hier te stel en te verdedig, en sal elke onbevooroordeelde moet erken dat hy minstens net so na aan die Waarheid met hierdie Oosterse teorie van hom kom, as die profete van die „regte geloof" vandag voorgee dat hulle is.

Heiwse se stelling is wel uiters fantasties, maar dit is die calvinisme en meeste van die ander gelowe waarmee ons bekend is ook. Sy „Karma" is immers niks onmoontliker as die katolieke of protestantse vaevuur of hemel nie, inteendeel dit is meer aanneembaar omdat die hooffigure hier minstens persone is met wie ons histories bekend is, soos Dante, Vondel, Shakespeare e.a. in plaas van slegs 'n klomp Joodse patriarge wat die hemel monopoliseer saam met 'n aantal aartsengele wat slegs vae name is en gevolglik betekenloos. Die digter wou definitief nie die Christelike hemel ignoreer nie, nog minder wou hy sy sienswyse verhef bo die calvinistiese opvatting van God, Hemel en Heilige Gees nie. Maar net soos Emants met sy Lilith in Nederland teen die begin van '80 die kerklike alleenreg weerspreek het deur 'n selfopgestelde opinie uit te spreek oor die paradys-mite, so het Heiwes hier probeer om „nog 'n weg" voor te stel aan die Afrikaanse gelowiges, alhoewel hy natuurlik vooraf reeds moes weet dat sy poging geen sukses sou hê nie.

Vir Heiwes is die lewe, soos vir meeste van ons digters, ook maar 'n raaisel en daarom vra hy aan die lentedag:

> En sê my is dit waar .......
> "Dat van die vensters van die groot Geheimkasteel
> Nog lankweg nie 'n tiende deeltjie is ontdek
> Deur 'n wetenskap so pas nog uit sy droom gewek!"

As selfs dan die wetenskap nog so weinig wis van die lewensgeheime, hoe kan ons dan sommer aanneem wat die regte en wat die verkeerde is in die Metafisikka? Geensins wil hy hiermee die reeds beproefde geloof totaal verwerp nie, want ook hy sien, as hy na die hemele kyk alleen grootse wonderwerke wat slegs daar kan wees en voortbestaan deur die Wil van 'n oneindige ondeurgrondelike Grootheid - die Onbekende God!

> O, hoe reinvolmaak
> Is "daardie skeppingsplan wat so'n Skepper
> So vanaf die brandbegin en oerontstaan tot die nog
> Veraf onvoltooide einde so perfek kon droom!"

sieling was as werklike geloof - hier te stel en te verdedig, en sal elke onbevooroordeelde moet erken dat hy minstens net so na aan die Waarheid met hierdie Oosterse teorie van hom kom, as die profete van die "regte geloof" vandag voorgee dat hulle is.

Heiwee se stelling is wel uiters fantasties, maar dit is die calvinisme en meeste van die ander gelowe waarmee ons bekend is ook. Sy "Karma" is immers niks onmoontliker as die katolieke of protestantse vaevuur of hemel nie, inteendeel dit is meer aanneembaar omdat die hooffigure hier minstens persone is met wie ons histories bekend is, soos Dante, Vondel, Shakespeare e.a. in plaas van slegs 'n klomp Joodse patriarge wat die hemel monopoliseer saam met 'n aantal aartsengele wat slegs vae name is en gevolglik betekenloos. Die digter wou definitief nie die Christelike hemel ignoreer nie, nog minder wou hy sy sienswyse verhef bo die calvinistiese opvatting van God, Hemel en Heilige Gees nie. Maar net soos Emants met sy Lilith in Nederland teen die begin van '80 die kerklike alleenreg weerspreek het deur 'n selfopgestelde opinie uit te spreek oor die paradys-mite, so het Heiwee hier probeer om "nog 'n weg" voor te stel aan die Afrikaanse gelowiges, alhoewel hy natuurlik vooraf reeds moes weet dat sy poging geen sukses sou hê nie.

Vir Heiwee is die lewe, soos vir meeste van ons digters, ook maar 'n raaisel en daarom vra hy aan die lentedag:

> En sê my is dit waar ........ die groot Geheimkasteel
> "Dat van die vensters van die groot Geheimkasteel
> Nog lankweg nie 'n tiende deeltjie is ontdek
> Deur 'n wetenskap so pas nog uit sy droom gewek!"

As selfs dan die wetenskap nog so weinig wis van die lewensgeheime, hoe kan ons dan sommer aanneem wat die regte en wat die verkeerde is in die Metafisika? Geensins wil hy hiermee die reeds beproefde geloof totaal verwerp nie, want ook hy sien, as hy na die hemele kyk alleen grootse wonderwerke wat slegs deur kan wees en voortbestaan deur die Wil van 'n oneindige en-
deurgrondelike Grootheid - die Onbekende God!

> O, hoe reinvolmaak
> Is "daardie skeppingsplan wat so'n Skepper
> So vanaf die heelbegin en oerontstaan tot die nog
> Veraf onvoltooide einde so perfek kon droom!"

Die heelal met al sy wentelgange en skynbaar ondeurdringbare geheime is vir die digter gevolglik net soos vir die ortodokse Christen-gelowige, ondeurgrondelik. Maar waar laasgenoemde stil berus in die „Wil van God", daar wil Heiwee probeer deurdring, probeer vors na die diepste, en wil hy nie net slaafs gehoorsaam aan formules wat tog ook maar opgestel is deur leke net soos hy nie. Dat die gees voortleef ná die dood is vir hom egter 'n feit:

„O siel, hoewel u hier in leemomhulsel woon
Of liefs gekerker word, o Gees, wat nes 'n pop
Kokonomwikkel is in drade van die tyd,
Die ewigheid word weer h[illegible]skenk wanneer die stof
Van die omhulsel weldra weer terug na sy
Ou bron van stoflikheid sal keer."

Selfs hierin, naamlik dat die aarde maar net 'n tranedal is, 'n voorbereiding vir die ewige Hiernamaals, verskil die digter nie veel met die ortodokse sienswyse nie. Hy glo self dat die mens deur die Skepper gestuur is na die aarde met 'n doel, die doel om te leer, om homself voor te berei vir die groter, die volmaakter lewe wat die aardse sal volg. So ook is die paradysverhaal vir hom simbool van wat sal kom na die dood as al die sfere deurworstel is:

„O Paradys, simbool van wat die lewe eens
In ver verskiet mag word, nog daeliks sien ek Adams
kom wat nooit die liefde nog die luister van u aanskyn
Sal begryp nie. Leen my lied, ook u, genade en lig!"

Die digter van „Nirwana" slaag dan op 'n baie aangrypende wyse om vir ons te skilder die lewe deur sy verskillende stadia naamlik Lobora die eerste sfeer:

„Wat die lewe enkel fisies is in hierdie wêreld,"

dan Astra die droomtydperk van die mens:

„asof daar nimmer ooit in ver verskiet 'n ewigheid van heiligheid hom wag." Hierna volg Menta die periode van selfinkeer waar oorgegaan word tot selfontleding en waar ons sien hoedat ons „'n afgewerkte wrak, 'n neergesloofde slaaf" is:

„Vir hom kon die aarde 'n Eden wees en nou
Was dit die hel se voorportaal."

Die lewe is dus alleen dit wat ons self daarvan maak. Uit eie keuse vorm ons dit tot hemel of 'n hel. Die digter skryf self oor hierdie eerste stadia: „Vir die minder gevorderde siel

Die heelal met al sy wentelgange en skynbaar ondeurdringbare geheime is vir die digter gevolglik net soos vir die ortodokse Christen-gelowige, ondeurgrondelik. Maar waar laasgenoemde stil berus in die „Wil van God", daar wil Heiwee probeer deurdring, probeer vors na die diepste, en wil hy nie net slaafs gehoorsaam aan formules wat tog ook maar opgestel is deur leke net soos hy nie. Dat die gees voortleef ná die dood is vir hom egter 'n feit:

> O siel, hoewel u hier in leemomhulsel woon
> "Of liefs gekerker word, o Gees, wat nes 'n pop
> Kokonomwikkel is in drade van die tyd,
> Die ewigheid word weer herskenk wanneer die stof
> Van die omhulsel weldra weer terug na sy
> Ou bron van stoflikheid sal keer."

Selfs hierin, naamlik dat die aarde maar net 'n tranedal is, 'n voorbereiding vir die ewige hiernamaals, verskil die digter nie veel met die ortodokse sienswyse nie. Hy glo self dat die mens deur die Skepper gestuur is na die aarde met 'n doel, die doel om te leer, om homself voor te berei vir die groter, die volmaakter lewe wat die aardse sal volg. So ook is die paradysverhaal vir hom simbool van wat sal kom na die dood as al die sfere deurworstel is:

> O Paradys, simbool van wat die lewe eens
> "In ver verskiet mag word, nog daeliks sien ek Adams
> kom wat nooit die liefde nog die luister van u aansyn
> Sal begryp nie. Leen my lied, ook u, genade en lig!"

Die digter van „Nirwana" slaag dan op 'n baie aangrypende volle wyse om vir ons te skilder die lewe deur sy verskillende stadia naamlik Lobora die eerste sfeer:

„Wat die lewe enkel fisies is in hierdie wêreld,"

dan Astra die droomtydperk van die mens:

„saaf daar nimmer ooit in ver verskiet 'n saligheid van heiligheid hom wag." Hierna volg Menta die periode van selfinkeer waar oorgegaan word tot selfontleding en waar ons sien hoedat ons „'n afgewerkte wrak, 'n moeggesloofde slaaf" is:

> Vir hom kon die aarde 'n Eden wees en nou
> "Was dit die hel se voorportaal."

Die lewe is dus alleen dit wat ons self daarvan maak. Uit eie keuse vorm ons dit tot hemel of 'n hel. Die digter skryf self oor hierdie eerste stadia: „Vir die minder gevorderde siel

is hierdie drie sfere onderskeie fases en die besit as sodanig elkeen 'n laer hoedanigheid; maar by groter vordering is hierdie drie sfere een harmoniese fase met 'n hoër hoedanigheid."[3] Na hierdie drie aardse periodes gaan die siel met behulp van die dood na die vierde stadium naamlik Karma; „Karma die sfeer van verantwoording, omvat in sigself die dood, die gereg, bestrawwing en reiniging, herwording en uiteindelik die oorgang na die ewige."[4] Die 'n opvatting wat natuurlik in stryd is met die protestantse geloof wat glo dat na die dood daar volkome rus intree, totdat God self die siel wek en Sy oordeel sal vel. Veral is die hoofkarakters in Karma van belang, want daarmee toon die digter aan wat hy as die hoogste vervolmaking van God se Wil beskou, as ons name sien van die bekendste filosowe, digters en denkers wat hulle lewe gewy het aan die bevordering en ontwikkeling van die mens se verstand en gees. Die straf wat hier uitgedeel word is ook nie vernietiging of helse pyniging nie, maar alleen die vuur van die gewete:

O, Hel van die Gewete, wie besef hoe wrang
"Die beker smaak waarin jou edik bruisend weel!"

Die siel wat nog nie bewys gelewer het dat dit geskik is om na 'n hoër sfeer te gaan nie word van Kar.. weer terug gestuur na die aarde, maar hulle wat die t... kon deurstaan gaan na Anima waar 'n gedeelte van die lewen.. ... vir hul gelig word sodat hulle kan begryp en verstaan wat voorheen duister was. Sedra die lig vir hierdie siele opgegaan het word hul verplaas na die volgende sfeer:

Gaan heen," spreek die Lig, nou in vrede
"Om U Skepper in Spectra te dien."

Hierdie sesde stadium is slegs daar „tot eer van die Lig" en kan vergelyk word met die Christelike hemel. Dog van hier kan die gees nog 'n hoër volmaaktheid bereik - die „hoogste Nirwana", naamlik die sewende en laaste sfeer van Divinitas:

Geen denke, geen peinsing, geen handeling meer nie -
"'n Enk'le sensasie van welgelukssaligheid ....
Die stil in Divinitas, sfeer van Nirwana,
'n Ewige heersende grootse diep stilte
Vol eerbied vol agting en swygend ontsag ...."

Hier eindig alle strewe, hier eindig ook die pad van die menslike

siel wanneer dit weer opdaag „by die bron van sy oorsprong:"

„Die Hoogste, die Skoonste, die Reinste Elisium."

Die vraag ontstaan onwillekeurig waarom hierdie werk van Heiwee, soos „Die Bergtragedie" van Leipoldt so min aandag onder die leserspubliek geniet. Is die letterkundige waarde daarvan werklik so swak dat ons dit maar liewers moet doodswyg? Of is dit meer 'n geval van Christelike regverdigheidssin? Moontlik te „fantasties" of te „Rooms" of te „Oosters", en gevolglik te ver van die ortodokse dogma van ons Afrikaanse geloof? Ons wonder maar net, hoop egter ook dat die breër godsdienstige uitkyk van ons jongere geslag sal laat reg geskied aan 'n werklik mooi godsdienstige gedagte, 'n opregte fantasie, maar immers 'n idealistiese geloof wat minstens net so opreg en suiwer bedoel is as die werke van ons Christen-calvinistiese digters.

__'N PAAR MINDER BELANGRIKES__.

Soos in 'n vorige hoofstuk reeds gemeld, gaan dit uiters moeilik om party digters in 'n spesiale groep geplaas te kry, grotendeels omdat daar in sommige gevalle so min van die godsdienstige in hul werk aan te tref is en daar dan gevalle is waar slegs volgens 'n paar verseëls moet geoordeel word. Dis gevolglik ook moontlik dat by die verskyning van 'n tweede of derde bundel hierdie digters glad ander kenmerke aan die dag sal lê. Wanneer die vereiste egter nie te hoog gestel word nie en alleen geoordeel word op die indruk wat die werk by die deurlees op ons gelaat het, kan die volgende digters hier wel genoem word, nl: H.A. Fagan en Boy Stockenström wat vir alle praktiese doeleindes gerus buite rekening kan gelaat word, daar hulle werkies hoogstens 'n reël of twee, drie lewer, waarvolgens 'n oordeel kan gevel word. Verder ook F.C.L. Bosman, W.A. Willemse en die enkele gedigte van A.J. Bruwer wat saam met die drama „By Meesterstuk" opgeneem is.

Bosman laat sy panteïsme duidelik uitkom in die eerste paar gedigte „Skoonheid", en hierin laat hy ons sterk aan

Ek is 'n soeker na die skoonheid wat
"In inner - en in uiterlikheid troon;"

Maar terselfdertyd herinner hy aan Celliers waar hy sê:

En ek soek my berge en vrye lug,
"Ek is nader by God - as ek daarheen vlug."

In die natuur gevoel hy hom die gelukkigste, en in die skoonheid daarvan weet hy dat hy selfs rein en goed sal wees. Sy bede is daarom:

Ek bid, O Heer dat ook op my gelaat,
"'n Siel weerspieël word rimpeloos van kwaad."

W.A. Willemse is deurgaans te besig met sy liefdes-skaduwees om aan iets anders aandag te gee; maar as sy liefdesavonture en teleurstellinge hom uiteindelik dryf na die eensaamheid van sy drome dan probeer hy troos vind in die gedagte:

.... dat êrens nog 'n Skepper leef
"wat Wêreldplan deursiel, deurweef;"

Dis in die eensaamheid waarin Willemse gevolglik ook die hoogste Goed aanskou, want, so sê hy:

"In eensaamheid is mens aan Skepper na,"

en in die eensaamheid kan hy sy "liefdesleed vergeet," maar kan hy ook terug dink aan die beelde van sy vergange liefde en "liefdesdrif" wat vir hom 'n groot mate van die Goddelikheid insluit:

My skadubeeld
"my skone Rhynlanddroom
die sieraad van my reinste drif,
God's ewebeeld."

A.J. Bruwer kan in werklikheid geen digter genoem word nie, want die gedigte hier onder bespreking beslaan nie veel meer as 'n half-dosyn nie. Tog is hy van belang, dalk die belangrikste van hierdie paar minder belangrikes, omdat hy in die enkele gedigte so volkome geslaag het om sy godsdienstige opvatting weer te gee.

Hy vind groot vreugde wanneer hy sy eie skepping naamlik die beeld van Mathilda aanskou en daarom is sy vreugdekreet ook spontaan:

En hy was 'n God so bly, tevreë,
want ideaal verwesenlik [illegible],

maar as sy van hom skielik wegvlug omdat sy die lewe met die rooi warm bloed" verkies bo sy idealistiese drome, dan is hy totaal oorstelp en is sy klag:

> Sê my God, mag ek weet .....
> "Is die pottebakker of die pot verkeerd?"

Die toespeling met hierdie woorde is baie duidelik en laat ons dink aan die siniese wysheid van Omar Khaiyam – moet ons menslike swakheid by die mens self gesoek word of dalk by Hom, die God wat ons formeer het? Daarom kom Bruwer ook tot opstand, veral as hy dink aan sy eie nietige rol wat hy moet vervul in die groot lewensdrama, waar hy selfs gebonde is en die simpele rolletjie moet uitleef volgens die voorgeskrewe wette van 'n Hoër Wil! Die gedagte hieraan voer hom tot [illegible] wanhoop en gans verlore roep hy uit:

> Soos 'n blaar op die woeste wind,
> "Soos 'n bootjie op die roekelose see;
> Waarheen, O God! waarheen?
>
> My siel het hom homself gestry
> Totdat my hart met al sy bloed gestort
> 'n Bleke, vose stuk oorbly."

In hierdie wanhoop wil hy nie meer glo aan 'n ortodokse God nie en wend hy hom tot sy eie God van Skoonheid en Eensaamheid wat hy vind in die „duister-diepte van die see", „die woeste golf gedruis," of „maanverligte woud," en „waar die awendson die wolkies kleur –." Daar is dus nie sprake van gelowigheid by Bruwer in die sin wat die Calvinisme aan geloof heg nie, maar gelowig is hy tog in soverre dat hy sy God van Skoonheid in en rondom hom gewaar.

maar as hy van hom skielik wegvlug omdat hy die lewe met die "rooi warm bloed" verkies bo sy idealistiese drome, dan is hy totaal oorstelp en is sy klag:

> Sê my God, mag ek weet .....
> "Is die pottebakker of die pot verkeerd?"

Die toespeling met hierdie woorde is baie duidelik en laat ons dink aan die siniese wysheid van Omar Khaiyam – moet ons menslike swakheid by die mens self gesoek word of dalk by Hom, die God wat ons formeer het? Daarom kom Bruwer ook tot opstand, veral as hy dink aan sy eie nietige rol wat hy moet vervul in die groot lewensdrama, waar hy selfs gebonde is en die simpele rolletjie moet uitleef volgens die voorgeskrewe wette van 'n Hoër Wil! Die gedagte hieraan voer hom tot uiterste wanhoop en gans verlore roep hy uit:

> Soos 'n blaar op die woeste wind,
> "Soos 'n bootjie op die roekelose see;
> Waarheen, O God! waarheen?
>
> My siel het teen homself gestry
> Totdat my hart met al sy bloed gestort
> 'n Bleke, vose stuk oorbly."

In hierdie wanhoop wil hy nie meer glo aan 'n ortodokse God nie en wend hy hom tot sy eie God van Skoonheid en Kunsaamheid wat hy vind in die „duister-diepte van die see". „die woeste golf gedruis," of „maanverligte woud," en „waar die swaandson die wolkies kl ,ar –." Daar is dus nie sprake van gelowigheid by Bruwer in die sin wat die calvinisme aan geloof heg nie, maar gelowig is hy tog in soverre dat hy sy God van Skeemheid iń en roñdom hom gewaar.

## AANTEKENINGE – HOOFSTUK VIII.

1. E.C. Pienaar, Taal en Poësie, pg. 538.
2. ibid. pg. 530.
3. Heiwee, voorwoord by Nirwana.
4. ibid.

# HOOFSTUK IX.

## 'N TWEESTRYD TUSSEN CALVINISME EN PANTEÏSME.

Die hunkering op twee gedagterigtings wat daar so sterk in ons poësie aangetref word, is in werklikheid nie slegs 'n stryd tussen die calvinistiese en panteïstiese gevoel nie, maar moet in 'n groot mate beskou word as die stryd waarom die lewe wentel. Dis dan ook nie net in ons eie letterkunde aan te tref nie, maar word deurgaans in die lewe opgemerk en is 'n kenmerk inherent aan die mensdom self. Dis die stryd wat van die begin af in die innerlike gewoed het -- 'n sielestryd tussen die goeie en die slegte van die lewe.

In ons eie godsdienstige poësie kom hierdie tweestryd telkens op die voorgrond, sodat selfs die religieuse Totius dikwels, maar veral in Passieblomme, duidelik laat blyk dat hy rondgeslinger word tussen die twee teenoorgestelde pole van vertwyfeling naamlik, om te glo of nie te glo nie.

By die digters waar die tweestryd egter die felste woed, is dit duidelik dat dit meer 'n stryd is wat gaan om die geloof in die eng calvinisme aan die eenkant en die skoonheidsaanbidding aan die anderkant. Dit blyk dan ook herhaalde kere dat manne soos C.M. v.d. Heever, I.D. du Plessis, W.E.G. Louw e.a. op die kruispad verkeer, waar die beproefde maar onbevredigende geloof van die vadere, die geloof wat in baie gevalle byna 'n tweede-natuur geword het, nou soos 'n verdoemende skrikbeelde ging oor hulle hang, terwyl hul met bewondering ook luister na die strelende en glimlaggende lokstem van die panteïsme. Sal hulle afdwaal van die bekende weg, of sal hul die lewensblye maar onsekere pad van die skoonheid volg?

I stood in Venice on the Bridge of Sighs,
"a palace and a prison on each hand."-

Maar weet ons werklik watter van die twee die paleis en die gevangenis is! En as ons nog weet, hoe moet ons seker wees of

die paleis nie moontlik 'n kerker verberg of die gevangenis 'n hoftuin nie? Sodoende vertoef ons dan maar op die tranebrug wyl ons rondgeslinger word deur ons twyfel-gedagtes - en so word die vertwyfeling, onrus en tweestryd wat so duidelik in ons poësie weerspieël word, dan in werklikheid ook ons eie stryd, sowel as simbool van die lewe self.

C.M. v.d. HEEVER.

„Hy is soos die droewig-eensame en rusteloos-soekende siel wat steeds verlangend heenblik oor die deinserige sonnevlaktes en skemerende maanlig vertes, tot diep agter die mistieke sterremantel van die nag, om daar te speur na die oplossing van die groot lewensraaisel van ons mensbestaan, maar wat altyd weer teruggedryf word tot die onverbiddelike einde waar die stof oor die doodkis stort."[1] So skryf E.C. Pienaar oor die digter C.M. v.d. Heever. Hierteenoor beweer Dr. Abel Coetzee na aanleiding van die digter se eerste en onuitgegewe werk „Die Aandster": „(Hy is) die Calvinis wat oor die aardse skoonheid die lig van die hemel-wonder laat gaan, die Calvinis se aanvaarding van die lewe met sy geheelheid en met sy verband tot God, die Calvinis se geloof aan die onvernietigbaarheid van die siel omdat die 'n vonkie van die goddelike vuur is, die Calvinis wat sy God sien as middelpunt van die Skepping waarin alles slegs betekenis kry as dit gesien word teen die agtergrond van die ewige Skeppingsplan ....."[2] Tussen hierdie twee gedagterigtinge sal ons moontlik die werklike lewensopvatting van C.M. v.d. Heever moet soek, want alhoewel hy maar weinig van die enge Calvinis openbaar en meer geneig is tot vertwyfeling, soms selfs verbitterd is soos sy naamgenoot Toon v.d. Heever, is daar tog duidelik die tweestryd in sy poësie te bespeur, veral as ons ons alleen bepaal by sy gepublibiseerde werk, want hierin moet ons saamstem met Coetzee waar hy beweer dat: „wat van den Heever se lewensbegrip betref vind ons dus in sy werk duidelike spore dat daar in sy gees 'n botsing aan die gang is tussen Calvinisme en panteïsme, 'n

botsing wat uitloop op 'n gelykmaking tussen die twee uiterstes, 'n botsing wat hom oploes in die rigting van 'n vollediger menslikheid."[3]) Uit hierdie oogpunt gesien kan 'n gedig soos die volgende feitlik beskou word as die grondgedagte van die digter se hele lewensbegrip:

> Wrang was my mond soos van 'n stedeling wat sat
> "en uitgeleef onnosel lag teen God
> en moeg nog teen 'n skinkbank leun en plat
> die eenmaal heilige uit selfbehoud bespot.
>
> Toe kom ek by die see; die nag was stil en blou,
> en deur my het die koelte sag gekom
> en my vereensaamd oor die duine heen laat gaan
> Met God se sware stem alom."

Soos by Eugene Marais en Frans v.d. Heever waar die verbittering dikwels geblyk het net 'n skans teen die skynheiligheid van die lewe te wees, en waar ons tog steeds bewus is van die innerlike diepvoelende en byna heilige ontsag vir die Goddelike, so vind ons dit ook by C.M. v.d. Heever, maar hier is die tweestryd feller omdat dit meer 'n innerlike stryd is, 'n stryd met homself, aan die eenkant sy eie roekelose gedagtes en neiging om alle bedekte hoop op 'n „ewige versoening en hiernamaals" te verwerp, en aan die anderkant die sagte, byna kinderlike geloof en vertroue „wat hom in staat stel om die hele skepping te aanvaar en om te berus in die skeppingsplan."[4]) Hierin is v.d. Heever dan in 'n groot mate ook beter te vergelyk met Jan Celliers by wie ons so dikwels ook die twyfeling gemerk het, maar wat tog ieder keer weer teruggekeer het na die eenvoudige geloof van die vadere, en hom volkome berus het, wetende dat God sal sorg en dat sonder Sy wil geen haar van ons hoof sal verlore gaan nie.

C.M. V.D. HEEVER AS SINIKUS IN: „STEMMINGSURE".

Reeds in die eerste gedig van hierdie bundel laat die digter deurskemer van wat hy werklik dink van die lewe as hy die vraag stel: „wat meen die bestaan?", wat is die einddoel van die lewe en wat volg daarna?

> Sing van die dood wat ons dade
> "gou dek en ons dag verkort;
> sing - want daar's geen genade
> oor die stof oor die doodkis stort."

Hy sien niks van die sogenaamde „daglig" wat daar straal uit die ware geloof van die goeie godsdienstige nie, en „die lig wat die mens om bid" merk hy nie, gevolglik staan hy soos Jan Celliers feitlik magteloos teenoor die groot Geheim van die lewe:

O ewigheid wat in die skemering lewe!
"Wat soos, groot geheim die Heelal bevang;
ek kan natuur aanbid, geen windjie bewe
hier waar die grootse oor die velde hang.
Ek weet in hierdie uur vol duister strewe
oor in die dood die lewe – maar hoelang?"

Dis hierdie skemerte van die lewe waar die dood soos 'n donker sluier oor alles hang wat hom soos Frans v.d. Heever laat uitroep het: Alles is ydelheid! want die waarde van die mens soos dié van die lewe word alleen deur die graf bepaal waar alle strewe en ideale saam met die liggaam totniet gaan:

Die lewe is 'n veldheer
"wat mense tot stryd aanlei,
hulle graf-toe dryf – en dan grynsend
weer nuwe siele kry."

Hierdie „totniet gaan van alle dinge" [illegible] 'n vretende kanker wat knaag aan die siel van die digter, dis die spinnekop van die lewe, die lamferlap waarvan Marais gepraat het en waarna v.d. Heever met wanhoop staar as hy vra:

Moet dan wat in die mens is, groot en klein
"met laagheid saam so in die nag verdwyn?"

Nie alleen is daar geen lig en uitkoms in die toekoms nie, maar die lewensweg is vir hom soos die eindelose woestynpad sonder rusplek of uitspanning, wat maar aldeur verder kronkel en waar van die begin nog die einde in sig is. Daarom bestaan daar by hom slegs „sielepyn" en „eensaamheid," en gaan hy op die lydensweg voort soos die westewind wat:

„deur die bome ween en nêrens rusplek vind."

Hierdie troostelose droefheid is 'n ingebore karaktertrek by die digter, want:

van verstand se eerste lig in my
"die vraagvlam het ontsteek, het ek gehoor
die stem van pyn wat in my wese bly."

Van sy vroegste jeug het hy reeds die hunkering gevoel om deur te dring na die diepste, wou hy met skietlood peil waar ander nie kon weet nie; hy het gesoek en gedwaal, na kennis gestrewe

en sy siel aan uitgegaan in die stilte van die eensaamheid - dog alles verniet, te vergeefs het hy gesmeek en gedors, hy het nooit verder gekom nie, en nou:

Diep in die nag van raaisels bly ek staan,
"waar gaan ek heen, waar kom ek tog vandaan?"

Die lewe bly maar die onoplosbare, die ondeurgrondelike probleem waarin ons klein bietjie lewensvreugde gou verdrink word in smartvolle pyn met slegs 'n laaste snik:

„is alles dan verniet?"

Wanneer die paar opflikkeringe in hierdie bundel waar die digter probeer om te glo in 'n tweede en beter lewe weggelaat word, dan is dit te betwyfel of daar in ons poësie 'n werk is wat in sy geheel geneem dieper pessimisties is as „Stemmingsure", want die deurgaans weemoediger en soms meer wanhopig as selfs die werk van Eugene Marais of Frans v.d. Heever. Dr. G. Dekker meen dat die bundel nog te veel „jeugpoësie" bevat, „met al die tegniese onbeholpenheid, ondeurvoeldheid van taal en beeld en die gewilde onegte wêreldsmart van die jongeling."[5] Dis nie hier ons doel om die „onbeholpenheid" en „ondeurvoeldheid" „van taal" te bespreek nie, maar wat betref die „onegte wêreldsmart van die jongeling" het die geagte doktor dit ver mis. Want hoe jammer dit ook al is, dis tog waar dat ons kritici vandag nog nie geslaag het om uit te styg bo die maatstaf, waar elke eerste bundel wat verskyn, as „jeugpoësie" te bestempel en elke belewenssmart, hoe opreg en gesuiwerd dit ook al mag wees te skou as „oneg" - asof daar in gelouterde sielesmart ooit sprake kan wees van egt- en onegtheid! Dr. Dekker herinner in sy kritiek weer sterk aan die donderstorms wat oor Toon v.d. Heever losgebars het na die verskyning van sy verse, toe was dit ook jeugdige onbesonnenheid, dieselfde geligte is egter, nou dat die „jongeling" 'n geëerde regter is, deurvoeld en geryp! Wat dus ook van „Stemmingsure" deur die kritici beweer is, ons voel dat C.M. v.d. Heever in hierdie bundel weergegee het alleen dit wat deur donker roersele van sy sielelewe gestorm en gewoel het, en of dit nou al ook ooreenstem met die calvinistiese opvatting van ons kritiek of nie, ons weet dat „Stemmingsure" minstens dit

[illegible] wat daar vandag in die gemoedere van die suiwer agnostisisme heers en dat dit vir elkeen, wat maar nie net wil glo omdat almal so glo nie, die werklike kern van die lewensprobleem bevat.

Afgesien egter van die „gewilde onegte wêreldsmart", is daar in hierdie bundel tog ook tekens van lewenshoop en blydskap te bespeur, want v.d. Heever voel dat daar agter hierdie skynbare ondeurdringbare lewensgeheim tog 'n ligstraal flikker en dat hoe swartgallig alles sig mag voordoen en dit mag lyk asof ons langsaam verpletter word tussen die ewige rotswande van die heelal, daar nogtans hoop is, want:

> Ek sien oor die pad uit die ewigheid her
> "soos 'n blinke boodskap die awendster."

En hierdie ster met sy skitterende lig sal hom weer lei na die pad van sy kinderjare, na sy kinderlike geloof, omdat hy as hy stilstaan reeds die magtige stem „oor die diep blou waters" hoor ruis: „'n God regeer!"

> Geslagte kruip in pyn die lewe langs
> "en laagste magte wat die siel besmeer
> verwoes die liggaamskrag, en stille angs
> laat skrei die siel, laat die geloof verteer;
> maar oor die smarte see wat kerm in angs
> ruis vol die sang van rus: 'n God regeer!"

BY LATERE WERK.

In die drie latere bundels van C.M. v.d. Heever tref ons nog dikwels dieselfde vertwyfelde, soms siniese gedagtes aan wat so sterk deur hom in „Stemmingsure" uitgebring is. Veral lê hy sterk nadruk op die groot geheim van die lewe wat vir ons maar altyd onoplosbaar blyk te wees, en kom die vrang dikwels te voorskyn: waarheen lei dit alles en wat wag vir ons ná hierdie lewe? Die moontlikheds van wat sal volg op die dood hou hom gedurig besig, en hy weet dat daar geen oplossing voor sal gevind word nie en is hy slegs van dié een feit seker naamlik dat die dood oor alles heers:

> Die aarde skep, ek is die kind wat swerf;
> "ek is die pelgrim wat vir ewig swerwe
> langs wind-bewoonde heuwels, langs die vlei
> waar syn'rend donker stoete wag vir my."

Maar behalwe hierdie twyfelgedagtes wat telkens weer te voor-

weerspieël wat daar vandag in die gemoedere van die suiwer agnostisisme heers en dat dit vir elkeen, wat maar nie net wil glo omdat almal so glo nie, die werklike kern van die lewensprobleem bevat.

Afgesien egter van die „gewilde onegte ... eldsmart", is daar in hierdie bundel tog ook tekens van lewenshoop en blydskap te bespeur, want v.d. Heever voel dat daar agter hierdie skynbare ondeurdringbare lewensgeheim tog 'n ligstraal flikker en dat hoe swartgallig alles sig mag voordoen en dit mag lyk asof ons langsaam verpletter word tussen die ewige rotswande van die heelal, daar nogtans hoop is, want:

> Ek sien oor die pad uit die ewigheid her
> "soos 'n blinke boodskap die swendster."

En hierdie ster met sy skitterende lig sal hom weer lei na die pad van sy kinderjare, na sy kinderlike geloof, omdat hy as hy stil[illegible] reeds die magtige stem „oor die diep bleu waters" hoor ruis: „'n God regeer!"

> Geslagte kruip in pyn die lewe langs
> "en langste magte wat die siel besmeer
> verwoes die liggaamskrag, en stille angs
> laat skrei die siel, laat die geloof verteer;
> maar oor die smarte see wat kerm in angs
> ruis vol die sang van rus: 'n God regeer!"

<u>SY LATERE WERK.</u>

In die drie latere bundels van C.M. v.d. Heever tref ons nog dikwels dieselfde vertwyfelde, soms siniese gedagtes aan wat so sterk deur hom in „Stemmingsure" uitgebring is. Veral lê hy sterk nadruk op die groot geheim van die lewe wat vir ons maar altyd onoplosbaar blyk te wees, en kom die vraag dikwels te voorskyn: waarheen lei dit alles en wat wag vir ons ná hierdie lewe? Die moontlikhede van wat sal volg op die dood hou hom gedurig besig, en hy weet dat daar geen oplossing voor sal gevind word nie en is hy slegs van dié een feit seker naamlik dat die dood oor alles heers!

> Die aarde skep, ek is die kind wat erwe;
> "ek is die pelgrim wat vir ewig swerwe
> langs wind-bewoonde heuwels, langs die vlei
> waar sy'rand donker sloote wag vir my."

Maar behalwe hierdie twyfelgedagtes wat telkens weer te voor-

[illegible] na „Stemmingsure' tog 'n ander mens. Dit is asof hy vastigheid gekry het en of die vertwyfeling langsaam opgehelder word deur hoop, en die verbittering en opstandigheid oorgaan tot stille berusting. Hy begin insien dat hy geen verandering aan die lewensgang sal kan aanbring nie, dat hy in die greep van die noodlot is en dat daar maar slegs een uitweg te vind is, en dit is om die lydensbeker tot die laaste druppel te ledig:

Hy wat sy lydingsbeker leeg kan drink,
"deur Vaderhande vir hom ingeskink,
hy sal die Hande kus, Sy kleedsoom raak,
en krag ontdek vir hierdie lewenstaak."

Met hierdie woorde aanvaar die digter sy nuwe taak, en waar hy vroeër weerbarstig was besef hy nou dat met stille lydsaamheid en geloof hy beter deur die moeilikhede van die lewe sal kom:

Wie need'rig op 'n klip sy hoof
"kan lê, en nog met skoon geloof
'n leer vir drome vind, ontdek
'n hemel op die droefste plek."

Gelyktydig met sy nuwe geloofsaanvaarding word baie dinge wat vir hom vroeër net duisterheid ingehou het nou ook helder, en omdat hy gewillig is om te gee en te vertrou kan hy nou meteens die groot Geheim uit 'n ander lig beskou en voel hy dat deur slegs „aan jou God te glo', die mens nader kom aan die swige Waarheid. Met hierdie nuwe geloof, of liewer die herlewing van sy ou kinderlike geloof voel hy ook seker van 'n tweede lewe en daarom is sy gebed nou:

O Saaier van die lewensbrood,
"wek my, soos die vergane saad,
tot nuwe lewe uit die dood!"

Die dood beteken nou ook nie meer die totale vernietiging van alles nie, inteendeel soos Totius glo hy aan die sirkelloop van alle lewende wesens, ons sterf alleen om voort te leef in die heerlikheid van God. Daarom ook dat hy nou met blydskap kan uitroep!

Ek vrees nie meer die dood, en neem
"nou bly
en kragtig in my hand
die donker roeiers van die boot,
en rustig gly
ek van die groene land
na verre kimme van die Dood."

Tot so ver merk ons dan twee duidelike rigtings in die

skyn kom is v.d. Heever na „Stemmingsure" tog 'n ander mens. Dit is asof hy vastigheid gekry het en of die vertwyfeling langsaam opgehelder word deur hoop, en die verbittering en opstandigheid oorgaan tot stille berusting. Hy begin insien dat hy geen verandering aan die lewensgang sal kan aanbring nie, dat hy in die greep van die noodlot is en dat daar maar slegs een uitweg te vind is, en dit is om die lydensbeker tot die laaste druppel te ledig:

Hy wat sy lydingsbeker leeg kan drink,
"deur Vaderhande vir hom ingeskink,
hy sal die Hande kus, Sy kleedsoom raak,
en krag ontdek vir hierdie lewenstaak."

Met hierdie woorde aanvaar die digter sy nuwe taak, en waar hy vroeër weerbarstig was besef hy nou dat met stille lydsaamheid en geloof hy beter deur die moeilikhede van die lewe sal kom:

Wie nood'rig op 'n klip sy hoof
"kan lê, en nog met skoon geloof
'n leer vir drome vind, ontdek
'n hemel op die droefste plek."

Gelyktydig met sy nuwe geloofsaanvaarding word baie dinge wat vir hom vroeër net duisterheid ingehou het nou ook helder, en omdat hy gewillig is om te gee en te vertrou kan hy nou meteens die groot Geheim uit 'n ander lig beskou en voel hy dat deur slegs „aan jou God te glo", die mens nader kom aan die ewige Waarheid. Met hierdie nuwe geloof, of liewer die herlewing van sy ou kinderlike geloof voel hy ook seker van 'n tweede lewe en daarom is sy gebed nou:

O Saaier van die lewensbrood,
"wek my, soos die vergane saad,
tot nuwe lewe uit die dood!"

Die dood beteken nou ook nie meer die totale vernietiging van alles nie, inteendeel soos Totius glo hy aan die sirkelloop van alle lewende wesens, ons sterf alleen om voort te leef in die heerlikheid van God. Daarom ook dat hy nou met blydskap kan uitroep!

Ek vrees nie meer die dood, en neem
"nou bly
en kragtig in my hand
die donker roeiers van die boot,
en rustig gly
ek van die groene land
na verre kimme van die Dood."

Tot so ver merk ons dan twee duidelike rigtings in die

skyn kom is v.d. Heever na „Stemmingsure" tog 'n ander mens. Dit is asof hy vastigheid gekry het en of die vertwyfeling langsaam opgehelder word deur hoop, en die verbittering en opstandigheid oorgaan tot stille berusting. Hy begin insien dat hy geen verandering aan die lewensgang sal kan aanbring nie, dat hy in die greep van die noodlot is en dat daar maar slegs een uitweg te vind is, en dit is om die lydensbeker tot die laaste druppel te ledig:

> Hy wat sy lydingsbeker leeg kan drink,
> "deur Vaderhande vir hom ingeskink,
> hy sal die Hande kus. Sy kleedsoom raak,
> en krag ontdek vir hierdie lewenstaak."

Met hierdie woorde aanvaar die digter sy nuwe taak, en waar hy vroeër weerbarstig was besef hy nou dat met stille lydsaamheid en geloof hy beter deur die moeilikhede van die lewe sal kom:

> Wie need'rig op 'n klip sy hoof
> "kan lê, en nog met skoon geloof
> 'n leer vir drome vind. ontdek
> 'n hemel op die droefste plek."

Gelyktydig met sy nuwe geloofsaanvaarding word baie dinge wat vir hom vroeër met duisterheid ingehou het nou ook helder, en omdat hy gewillig is om te gee en te vertrou kan hy nou meteens die groot Geheim uit 'n ander lig beskou en voel hy dat deur slegs „aan jou God te glo", die mens nader kom aan die ewige Waarheid. Met hierdie nuwe geloof, of liewer die herlewing van sy ou kinderlike geloof voel hy ook seker van 'n tweede lewe en daarom is sy gebed nou:

> O Saaier van die lewensbrood,
> "wek my, soos die vergane saad,
> tot nuwe lewe uit die dood!"

Die dood beteken nou ook nie meer die totale vernietiging van alles nie, inteendeel soos Totius glo hy aan die sirkelloop van alle lewende wesens, ons sterf alleen om voort te leef in die heerlikheid van God. Daarom ook dat hy nou met blydskap kan uitroep!

> Ek vrees nie meer die dood, en neem
> "nou bly
> en kragtig in my hand
> die donker roeiers van die boot,
> en rustig gly
> ek van die groene land
> na verre kimme van die Dood."

Tot so ver merk ons dan twee duidelike rigtings in die

geloofsopvatting van C.M. v.d. Heever; eerstens waar sy verbittering die oorhand het en hy soos Marais en Frans v.d. Heever die lewe slegs aanskou as 'n smartpad sonder doel en sonder enige vooruitsig. Maar hierdie pessimisme en verslaendheid word langsamerhand oorheers deur die wil om te glo in 'n geordineerde Skeppingsplan, wat die vertwyfeling van die digter op sy beurt weer omskep in hoop en sekerheid sodat hy terugkeer na die geloof van sy kinderjare. Die gety het gekeer en nou glo hy dat God hom die ware lewensweg sal aanwys:

O God wat in die duisternie
"my siel se verre keerkring is
waarin ek ewig bly!"

C.M. v.d. Heever het dus gesoek en gevind - van die uiterste droefgeestige pessimis het hy verander tot die lewensblye gelowige, die calvinis! En tog - tog voel ons na alles dat die digter nog nie gevind het dit waarna sy soekende siel altyd gehunker het nie. Is v.d. Heever tevrede met sy lewenslot? Het hy moontlik onder die invloed van Totius geword dit wat hy geopenbaar het in "Die Nuwe Boord" en in "Deining", en sal hierdie hervonde geloof van hom van permanente aard wees? Ons is geneig om dit te betwyfel, want reeds openbaar sy jongste werk die duidelike tekene - tekens wat selfs te bespeur was in sy rustigste periode - van afval. Daar is 'n nuwe vertwyfeling by hom te bespeur, twyfel of daar 'n lewe na die dood is en of alles "Eenmaal" maar nie geheel en al sal vernietig word nie:

En al die mensgeslagte sal vergete
"en weggebrand wees net soos gras;"

Weer sien hy die skynheilige spel van die lewe en voel hy die onrus by hom tot hoë golwe klim. Hy dink aan die mens se byna roekelose huigelagtigheid en dan kom die twyfel by hom op of dit nog langer vir hom moontlik is om aan dieselfde God te glo wat die massa-gepeupel in hul skynarms aanbid as Vader en God.

'n Bitterheid kom uit die see se sout
" O skoonheid wat in my nog suiwer lê -
O slaan die woorde dor en skeef en oud
tot waarheid wat ons ook aan God kan sê."

Hierdie verbittering is 'n direkte gevolg van die lewensgevoelsheid, en dit styg tot 'n soort van sinlose wanhoop as by Schopenheid,

hauer lees en dan tot die konklusie kom: "daar is vir ons geen heling", want:

> Hoe klein, hoe dwaas moet ons in kringe swerwe
> "op stuiwing van 'n donker wêreldwil,
> en al wat ons dan aan die einde erwe
> is seë dood en diep verloor en stil."

Hy wil nog glo – hy wil luister na die stem van sy kinderjare, hy wil weer terug na sy paasgevonde geloof in die God van sy Vaders, maar – en daar lê juis die droewige tweestryd in die lewe van G.M. v.d. Heever, die stryd tussen voorsende agnostisisme wat weemoed, vertwyfeling en verbittering meebring, en die Christelik-calvinistiese berusting in die ondeurgrondelike geheime van die heelal. G.M. v.d. Heever is nog steeds in "Verwarring", hy wil graag vertoef in die ruising van die winde van God:

> "Maar die gedaante van die lewe weef 'n blinde
> lot – en
> ek wat 'n godgekroonde was, die het geen
> maatstaf oor
> om sy te sê of ek aan God verwant is of
> 'n sot."

I.D. DU PLESSIS.

By I.D. du Plessis is daar twee duidelike tydperke in sy godsdienstige lewensopvatting te bespeur. Die eerste periode word weer gekenmerk deur twee rigtinge naamlik die eerste waar hy sterk aan Leipoldt herinner wat betref sy eensaamheidsgevoel, liefde vir die Oosterse geloof en panteïsme; kenmerke wat ons deurgaans in byna al sy werke aantref. Die tweede rigting in hierdie eerste periode is alleen beperk tot sy eerste bundel en bevat wat genoem kan word die verlore seun-tema, waar die digter hom op die ou bekende weë, beweeg, maar telkens weer wegbreek en soos die bybelfiguur sy geluk op ander paaie te gaan beproef; elke keer kom hy egter weer terug om vergifnis en genade af te smeek. In laasgenoemde tref ons dan ook die kern aan wat later in sy tweede periode tot so'n hoë klimaks gedy en wat die beste kan vergelyk word met die groot tweestryd wat daar gevind is in G.M. v.d. Heever se poësie. Waar du Plessis vroeër die kalm see bevaar het waar net af en toe die branderkabbelinge te bespeur was, vind ons hom nou op die onstuimige waters van die

[illegible] en daar tot die konklusie kom: "daar is vir ons geen heling", want:

> Hoe klein, hoe dwaas moet ons in kringe swerwe
> "op stuiwing van 'n donker wêreldwil,
> en al wat ons dan aan die einde erwe
> is seë dood en diep verloor en stil."

Hy wil nog glo - hy wil luister na die stem van sy kinderjare, hy wil weer terug na sy paasgevonde geloof in die God van sy Vaders, maar - en daar lê juis die droewige tweestryd in die lewe van C.M. v.d. Heever, die stryd tussen versende agnostisisme wat weemoed, vertwyfeling en verbittering meebring, en die Christelik-calvinistiese berusting in die ondeurgrondelike geheime van die heelal. C.M. v.d. Heever is nog steeds in "Verwarring", hy wil graag vertoef in die ruising van die winde van God:

> "Maar die gedaante van die lewe weef 'n blinde
> lot - en
> ek wat 'n godgekroonde was, die het geen
> maatstaf oor
> om sy te sê of ek aan God verwant is of
> 'n mot."

## I.D. DU PLESSIS.

By I.D. du Plessis is daar twee duidelike tydperke in sy godsdienstige lewensopvatting te bespeur. Die eerste periode word weer gekenmerk deur twee rigtings naamlik die eerste waar hy sterk aan Leipoldt herinner wat betref sy eensaamheidsgevoel, liefde vir die Oosterse geloof en panteïsme; kenmerke wat ons deurgaans in byna al sy werke aantref. Die tweede rigting in hierdie eerste periode is alleen beperk tot sy eerste bundel en bevat wat genoem kan word die verlore seun-tema, waar die digter hom op die ou bekende weë, beweeg, maar telkens weer wegbreek om soos die bybelfiguur sy geluk op ander paaie te gaan beproef; elke keer kom hy egter weer terug om vergifnis en genade af te smeek. In laasgenoemde tref ons dan ook die kern aan wat later in sy tweede periode tot so'n hoë klimaks gedy en wat die beste kan vergelyk word met die groot tweestryd wat daar gevind is in C.M. v.d. Heever se poësie. Waar du Plessis vroeër die kalm meer bevaar het waar net af en toe die branderaanbreelings te bespeur was, vind ons hom nou op die onstuimige waters van die

oop oseaan waar hy self nie weet of hy wil vaar na die beskermende hawe toe nie, of liewers die golwe moet trotseer deur dieper die see in te steek, weg van alle land – van alle redding!

SY EERSTE PERIODE.

Opmerklik is dit hoe 'n groot ooreenkoms daar bestaan tussen I.D. du Plessis en C.L. Leipoldt, eerstens wat betref hulle houding teenoor die Oosterse geloof. Dis natuurlik bekend dat beide van hulle groot belang stel in die Oosterling en dat hieruit natuurlik moes volg ook belangstelling en liefde vir sy geloof. Hierdie laaste feit maak dit reeds as vanselfsprekend dat du Plessis nie kan gereken word onder die calviniste van ons digters nie. En tog wonder 'n mens of so'n troue weergawe van die godsdiens van die Ooste nie 'n aanduiding is van eie innerlike gevoel nie, veral omdat daar tog geen verskil bestaan tussen die God van die Christen en die van die Mohammedaan byvoorbeeld nie. Pragtig laat die digter ons inleef in die muezzin se oproep tot die volk, om in stille eerbied hul hoofde te buig voor Allah, om dan teen die koperblou lug saam te bid:

> Allah i Akbar! Een ware God is daar,
> "Mahomed Sy Dienaar die Tolk van Sy woord" –

Dieselfde mooi weergawe van die Oosterse geloof tref ons aan in sy jongste bundel „Die vlammende Fez" wat uitsluitlik aan die Maleier gewy is. Hier ook blyk dit dat die muezzin se oproep opregter klink as slegs die weergawe van 'n waarnemer, en so voel ons dat

> Allahoe Akbar!
> "La ilaha il, Allah!"

die persoonlike gebed van 'n soekende siel is, wat nog nie oortuig is watter rigting gevolg moet word nie.

Hierdie afwyking van die Christelike geloof is by du Plessis heeltemal verstaanbaar, want in werklikheid het hy hom nooit tuis gevoel onder sy eie mense nie en het die eensaamheid altyd soos 'n donker skaduwee oor hom gehang, want vir hom is die mens as enkeling gebore en moet hy as enkeling deur die lewe gaan.

Eenling is die mens gebore;
"In die diepste van sy siel
Skuil 'n plek waar, mens-verlore,
Hy in eensaamheid moet kniel."

Dis natuurlik 'n kenmerk wat ons feitlik dwarsdeur ons poësie aantref, en wat ook grotendeels as oorsaak moet beskou word waarom du Plessis in die natuur - want dis tog die enigste plek waar 'n siel werklik kan troos vind in sy eensaamheid - meer sien as net die skoonheid daarvan. Want soos Leipoldt is die digter in 'n baie groot mate panteïsties aangelê, veral in sy eerste werke. Die kleureprag wat so'n groot rol in sy Oosterse ballades speel is hiervan genoeg bewys, maar ook die liefde wat hy het vir sy eie „kaal karo" en wat so sterk herinner aan die digter van „Skoonheidstroos", kan nie anders opgeneem word as in hierdie gees nie:

Neem alles van my weg; maar O,
"Gee my die grootse gees van die karo!"

Hier op die velde kan hy in vrede luister na die helder „kelkiewyn" van die vlakpatrys en hier kan hy hoor hoe „die blomme lid" in die wye deur songedrenkte vlaktes, die vlaktes wat feitlik deel van homself geword het, wat die middelpunt is waarom sy siel vasgenael is vir ewig:

Ek min jou soos die vlakpatrys die veld,
"Soos die wilde-eend die water min.
Hoe kan ek jou die uithoek ooit vergeld
Wat jy my deur jou ruistes bring?"

Naas hierdie panteïsties-Oosters-Eensaamheid-gedagte vind ons tog dat du Plessis aan die begin sterk Christelik-godsdienstig gesind was, en daarom is sy natuurliefde ook meer 'n soort van Christelike panteïsme wat dikwels sterker herinner aan Jan Celliers as aan Leipoldt, want agter al die skoonheid van die velde sien hy tog maar die hand van God en is die voëllied vir hom 'n bewys daarvan omdat hulle sing:

Net om te wys hul glo daaraan
"Dat God die Lente seën."

In hierdie opsig staan hy baie naby die Calvinistiese Lewensopvatting en daarom hekel hy ook die lewe wat in sy najaag van plesier en nietigheid die „leuse van die Christen-leer" vergeet. In 'n vers soos die volgende hoor ons gevolglik ook die ...

Eenling is die mens gebore;
"In die diepste van sy siel
Skuil 'n plek waar, mens-verlore,
Hy in eensaamheid moet kniel."

Dis natuurlik 'n kenmerk wat ons feitlik dwarsdeur ons poësie aantref, en wat ook grotendeels as oorsaak moet beskou word waarom du Plessis in die natuur - want dis tog die enigste plek waar 'n siel werklik kan troos vind in sy eensaamheid - meer sien as net die skoonheid daarvan. Want soos Leipoldt is die digter in 'n baie groot mate panteïsties aangelê, veral in sy eerste werke. Die kleurepraag wat so'n groot rol in sy Oosterse ballades speel is hiervan genoeg bewys, maar ook die liefde wat hy het vir sy eie „kaal karo" en wat so sterk herinner aan die digter van „Skoonheidstroos", kan nie anders opgeneem word as in hierdie gees nie:

Neem alles van my weg; maar O,
"Gee my die grootse gees van die karo!"

Hier op die velde kan hy in vrede luister na die helder „kelkiewyn" van die vlakpatrys en hier kan hy hoor hoe „die blomme bid" in die wye deur songedrenkte vlaktes, die vlaktes wat feitlik deel van homself geword het, wat die middelpunt is waaraan sy siel vasgenael is vir ewig:

Ek min jou soos die vlakpatrys die veld,
"Soos die wilde-eend die water min.
Hoe kan ek jou die uitkoms ooit vergeld
Wat jy my deur jou ruimtes bring?"

Naas hierdie panteïsties-Oosters-Eensaamheidsgedagte vind ons tog dat du Plessis aan die begin sterk Christelik-godsdiens-tig gesind was, en daarom is sy natuurliefde ook meer 'n soort van Christelike panteïsme wat dikwels sterker herinner aan Jan Celliers as aan Leipoldt, want agter al die skoonheid van die velde sien hy tog maar die hand van God en is die voëllied vir hom 'n bewys daarvan omdat hulle sing:

Net om te wys hul glo daaraan
"Dat God die Lente saai."

In hierdie opsig staan hy baie naby die Calvinistiese lewens-opvatting en daarom hekel hy ook die lewe wat in sy najaag van plesier en nietigheid die „lesse van die Christen-leer" vergeet. In 'n vers soos die volgende hoor ons gevolglik ook die sede-

preker van die Veertigers in Nederland, of selfs ons eie Patriotters:

> Die wêreld gaan verby met al haar ydelhede,
> "Sjampanje-ure wat gloei van liefde en haat -
> Maar in die Woord skuil daar 'n diepe vrede
> Vir hom wat alles aan Sy Skepper laat."

Die „Woord" bring hom dan ook rus en vrede en voer hom na „hoër sfeer". Die stranddienste word werklike opwekkingsdienste wat in „soete gemeenskap met die Heer" deurgebring word, en waar hy soos die tipiese calvinis bid:

> Van lae hartstog, ó [illegible] bedrog,
> "Selfsugtigheid en jaloesie,
> Van alles wat die vlees begeer,
> Red my, O Heer!
>
> Om edel, rein en sterk te wees,
> Opofferend en liefderyk,
> En net te doen wat U begeer,
> Help my, O Heer!"

Dit lyk dus asof die digter in sy begin-periode wel deeglik calvinisties gesind is, maar tog vind ons dat daar by hom reeds in hierdie geloofsvertroue die kiem van vertwyfeling skuil - die verlore seun-gedagte, want alhoewel hy na sy afdwaling tog weer terugkeer na die ou weg, is die „eiewaan" om „halsstarrig" van die „vaderhand" los te ruk en nie weer heen te keer eer die „wrange vrug" gepluk is nie, tog reeds duidelik sigbaar.

**SY LATERE PERIODE.**

Die panteïstiese neiginge van I.D. du Plessis, saam met sy eensaamheidsgevoel het ons in die begin reeds op die vermoede gebring dat sy „gelowigheid" nie van blywende duur sou wees nie, en sy verlore seun-gedagtes het ons daarin gesterk; want met hierdie idees wat tog nie met calvinisme of Christelikheid kan meedoen nie, was die digter gewapen om na mate hy meer van die „Woord" en die verdraaiing daarvan ondervind het, ook meer die skynheiligheid daarvan in te sien.

Soos die „Windhond" het hy baie gou op die spoor van die lewe se kleinlikhede gekom, dit gereeld aan die kaak gestel en die draak gesteek met die fantastiese onmoontlikhede van sekere bybelverhale, en laat hy die walvis byvoorbeeld dit uitskater:

> Jou storie het op hierdie onomstoot'bre feit misluk:
> "Want Jonah het - so glo ons vas - die walvis ingesluk!"

In sy jongste bundel „Skermutseling en Skote" val hy veral hier die ortodokse onmoontlikhede aan en laat 'n bom soos die volgende, onder ons kerklike gelowiges los:

> Hulle háat jou as jy sê wat almal weet is waar
> "Maar nie durf sê nie, want die Loerende Oog is altyd daar"
> Dogmaties word die primitiefste stellings neergelê:
> Wat wil jy meer betroubaar as beproefde dogma hê?
> Skynheiligheid wat welig in die Heilige Tuintjies groei"

Dis teen hierdie huigelagtige valsheid in die godsdiens wat die digter veral te velde trek en 'n verjongingskuur eis. Hy haat dit dat elke selfdenkende mens deur die kerk moet aangeval word:

> „Acof die Onvergaanklike deur denkers sal vergaan."

Die bekrompenheid van die Christelike godsdiens stuit hom teen die bors, so ook die aanmatigende en verwaande hoogskatting van die leiers van die kerk, en hy meen dat alleen 'n totale verjonging in die verdorde dogma die geloof weer kan red, totdat dit

> ..... weer hoog en suiwer brand as nuwe waardes kom
> "En 'n hernude Godsdiens uit die verdordheid blom."

Die opinie wat du Plessis vir die uiterlike vorm van die Christelike godsdiens koester kan gevolglik nie as bais hoog beskou word nie, en hierin sal hy seker min teenstand ondervind van persone wat nie self verblind is deur die dogma, wat vandag feitlik die hele Christelike leer beheers nie.

Maar hoe was dit met die innerlike godsdienstige oortuiging van I.D. du Plessis gesteld? Ons vind dat na hy die „sekerheid" van sy begin-periode ontgroei het, het daar langsamerhand 'n mate van onrus by hom ontstaan, hy is nou nie meer so doodseker nie en die lewe ontplooi hom nou duidelik in 'n groter vraag en raaisel as wat hy vroeër van af geweet het, daarom stel hy vir homself die vraag!

> „Kon ek net weet waarheen die reis gaan lei,"

want op sy lewenspad struikel hy

> „So blind, so onbewus van wat daar wag;"

Vroeër het hy duidelik verklaar dat hy „alles aan sy Skepper laat" en sodoende rus vind - maar nou? Weg is die geloofsvertroue, weg die skyn-sekerheid, en al wat daar nog oorbly is vertwyfeling, 'n vertwyfeling wat na mate die vorsing dieper wil deurdring, langsamerhand oorslaan na verbittering. In

hierdie opsig staan I.D. du Plessis en C.M. v.d. Heever dan ook baie na-aan mekaar, want by albei vind ons die groot tweestryd, die vertoef op die „trane-brug" waarvan Visser gepraat het. Dis 'n tweestryd wat altwee soms tot die uiterste pessimisme kan dryf.

Eienaardig is dit by die digter dat daar in sy verbittering wat soms gegloei het tot die felste sinisme, 'n verdere en duidelike stryd te bespeur is - 'n opvallende ooreenstemming met sy eerst periode - want alhoewel hy weet dat alle pogings van ons kant nutteloos is, is hy tog gewillig om te probeer, en lê dus vir hom self 'n taak op, naamlik om die stryd te aanvaar en vorentoe te beur teen die hoogste ongelykheid in. Hiernaas staan dan sy siniese opvatting en 'n uitspatlike wellustige lewensleer van eet, drink en wees vrolik want môre is jy nie meer daar nie! Eerstens merk ons dan dat hy vir sy eie verbittering wil terugdeins. Dit is asof sy oue geloof in die Algoedheid van 'n hemelse Vader wat nog altyd Sy beskermende vleuels oor hom uitstrek en hom wil bewaar teen totale verplettering op die rotse van ongeloof, nog nie opgehou het om te bestaan nie. Tussen hierdie twee uiterstes beweeg du Plessis hom en stort hy sy siel in wanhoopskrete uit in die bundels „Stryd", „Vreemde Liefde" en „Kwatryne."

Uit hierdie werke blyk dit duidelik dat die lewe vir hom „verlate" en „droewig" is, en oor die „skaduwees" en „donker water" is dit asof die wind vir hom

„'n Bitter deuntjie van die lewe bring."

Deur hierdie droewe verlatenheid strompel hy voort met sy „voorbestemde vrag",

„Tot waar die Manier swyend op my wag."

Die reis is lank en net waar hy hom voortbeweeg:

„Staar die lewe my met leë oë aan."

Tog wil hy nie moed opgee nie, want hoe gek dit ook al klink, hy besef dat hy die stryd aanvaar het en sy enigste troos is: „Ek het ook probeer." Deur hierdie worsteling heen klink sy strydroep dan ook byna soos die gekkegelag van 'n kranksinnige:

O laat ons opstaan as ons val, en stoei
"Om seëvierend in die stryd te gaan
Tot waar standvastiglik die stil wit vlam
Van tydloosheid teen donker hange gloei;
O laat ons breek deur bande wat ons boei
En singend langs die duister weë gaan!"

Hy wil dus die ongelyke stryd manmoedig voortsit tot aan die uiterste einde; maar soms voel hy asof hy onmoontlik kan verder gaan en dan is dit dat daar voor hom opdoem die aanloklikhede van die wellus van vrouens en wyn, en wil hy in die fonkelende kleuregloed van die genot sy ellende doodsmoor:

Agter die gordyn, broer,
"hè - wie van ons weet?
Hartseer en venyn, broer?
Laat ons maar vergeet!
Kyk hoe in die helder wyn
Sterre dans en vrolik skyn:
Stil die hart se bitter pyn,
Môre is ons dood!"

Aan die een kant dus nog die wil om voort te gaan met die wete dat alles net ydelheid is, en daarteenoor die totale oorgawe aan die wellus. Dit is daarom dat hy geneig is om nog verder weg te dryf en al verbitterder te word, want omdat hy weet dat daar behalwe die dood niks oorbly nie, of op sy beste 'n hoë mate van onsekerheid, en omdat hy in die lewe self ook niks sien wat die moeite werd is om voor te leef nie, bly daar in werklikheid dan nêrens iets oor nie en moet hy met hierdie uiterste twyfel en onrus:

"vlug vir die lewe en vlug vir die dood."

Is dit dan verstaanbaar waarom hy met wrange sarkasme soos die grynslag op 'n doodshoof uitroep:

Die Lewe is 'n spotter wat lag en verskeur
"En die uiterste verg as hy troos.
Geniet dit: die ergste wat met jou gebeur
Oorval ook die kind en die roos."

En met hierdie grillerige woorde skyn dit amper of I.D. du Plessis daarin geslaag het om Marais, Toon v.d. Heever en Uys Krige na die kroon te steek wat sarkastiese verbittering betref, en tog, waar laasgenoemdes selde of ooit blyke van toenadering getoon het, vind ons by du Plessis soos by C.M. v.d. Heever dat daar diep onder hierdie sinisme nog 'n vonk van hoop en vertroue skuil. Is dit moontlik dat dit juis sy panteïstiese neiging is wat hom daardie bietjie geloofsvertroue laat

behou het? Dit skyn wel so te wees, want die „wyd-oop sluise" van sy siel herinner hom wanneer hy op sy eensame natuurtogte gaan dat dit onmoontlik is dat alles slegs skyn kan wees:

Hoe kan ek glo
"Dat alles kom en gaan,
Gereël deur wette wat vanself ontstaan;
Dat selfs die sap wat styg, bedrog is:
'n wanhoopsdaad;
En heel die vreemde lewe
Hoogverraad?"

Sy verstandelike laat hom dus voel dat daar tog meer agter die lewe sit as wat met die eerste oogopslag te bespeur is, en daarom wil hy werklik glo en is sy bede selfs nog in sy siniese gemoed die smekende:

Laat dit nie wees nie, o my God,
"Dat ek met leë hande voor U kom te staan."

Laat U Gees wanneer hy my kom haal steeds werkende vind - werkende selfs in my verbittering - laat my leuse steeds bly: Stryd! - 'n stryd om deur te dring na die onpeilbare, 'n stryd om my lewenslas soos 'n man te dra tot die einde toe. So beskou I.D. du Plessis die lewe en so bid hy tot God nie as die neerbuigende maar onderduimse fariseer nie, dog as die idealistiese held wat saam met sy strydbanier beslis is om op die voorpunt ten gronde te gaan.

Ek vra nie meer om met gekelkte hande
"Die trae vreugdedruppels op te vang;
Ek smeek nie om bevryding van die bande
Wat dieper byt met elke jaar se gang.
Gee my die krag om op die vreemde wee
My dors te les met branding van die gal;
Gee met die krag om met besliste tree
Te gaan tot waar die duister my oorval."

**EITEMAL.**

In sy eerste werkie „Weerklankies" laat Erlank ons dink aan die optrede van 'n stout kind wat vir die eerste maal die ontdekking van 'n nuwe woord doen, en dan ten volle gebruik maak om die krag daarvan uit te buit, om eerstens sy ydelheidsgevoel te streel en tweedens aan sy vriende te toon dat hy iets ken waarvan hulle nog nie heeltemal bewus is nie - hierdie woord is vir Eitemal - „God." Nêrens vind ons in ons poësie so'n mate van niksbeduidende woordspelery as in hierdie bundeltjie nie, en juis hierdeur het hy dié Naam goedkoop gemaak en ter-

behou het? Dit skyn wel so te wees, want die „[illegible] sluise" van sy siel herinner hom wanneer hy op sy eensame natuurtogte gaan dat dit onmoontlik is dat alles slegs skyn kan wees!

Hoe kan ek glo
"Dat alles kom en gaan,
Gereël deur wette wat vanself ontstaan;
Dat selfs die sap wat styg, bedrog is:
'n wanhoopsdaad;
En heel die vreemde lewe
Hoogverraad?"

Sy verstandelike laat hom dus voel dat daar tog meer agter die lewe sit as wat met die eerste oogopslag te bespeur is, en daarom wil hy werklik glo en is sy bede selfs nog in sy siniese gemoed die smekende:

Laat dit nie wees nie, o my God,
"Dat ek met leë hande voor U kom te staan."

Laat U Gees wanneer hy my kom haal, my steeds werkende vind – werkende selfs in my verbittering – laat my leuse steeds bly: Stryd! – 'n stryd om deur te dring na die onpeilbare, 'n stryd om my lewenslas soos 'n man te dra tot die einde toe. So beskou I.D. du Plessis die lewe en so bid hy tot God nie as die neerbuigende maar onderduimse fariseer nie, dog as die idealistiese held wat saam met sy strydbanier beslis is om op die voorpunt ten gronde te gaan.

Ek vra nie meer om met gekelkte hande
"Die trae vreugdedruppels op te vang;
Ek smeek nie om bevryding van die bande
Wat dieper byt met elke jaar so [illegible]
Gee my die krag om op die vreemde [illegible]
My dors te les met branding van die gal;
Gee net die krag om met besliste tred
Te gaan tot waar die duister my oorval."

EITEMAL.

In sy eerste werkie „Weerklankies" laat Eitemal ons dink aan die optrede van 'n stout kind wat vir die eerste maal die ontdekking van 'n nuwe woord doen, en dan ten volle gebruik maak om die krag daarvan uit te buit, om eerstens sy ydelheidsgevoel te streel en tweedens aan sy vriende te toon dat hy iets ken waarvan hulle nog nie heeltemal bewus is nie – hierdie woord is vir Eitemal – „God." Nêrens vind ons in ons poësie so'n mate van niksbeduidende woordspelery as in hierdie bundeltjie nie, en juis hierdeur het hy dié Naam goedkoop gemaak en ter-

selfdertyd getoon hoe min betekenis hy werklik daaraan heg: „Jy mag die naam van die Here jou God nie ydelik gebruik nie," is deur die digter hier tientalle keer oortree, maar een enkele gediggie soos „Die Burger en sy Perd" wel die volgende bewyse lewer:

„Vergeef my, God, dat ek nou ween,"

of:

„Ou vrind, ou maat (O God, dis swaar),"

en:

„Totsiens, totsiens! Gelei hom Vader."

Dat 'n mens diep kan getref word deur die dood van 'n dier wat gedurende sy lewe na-aan jou gestaan het is ongetwyfeld waar, maar om soos Erlank te kerm en te kla en telkens God tot getuie te roep is verregaande ligsinnigheid. Want hoe min hy werklik die naam as verhewe beskou blyk nog uit die volgende versreël uit „Trekkerswens":

„Gee my 'n God en geweer om aan te glo" -

Dit ly geen twyfel dat die vuurwapen deur hom op gelyke voet met die Heer gestel word nie. Verdere voorbeelde wat 'n groot deel van die werkie in beslag neem is nog die volgende:

„Gee my van God se grond net ses voet vier -",

„God! dat mens oor tyd en ruimtes, oor die Hedetjie kan heenslag,"

en terwyl hy oor sy nooientjie mymer, volg dit:

„Alleen met haar en met my God ....,"

of so'n onding soos:

Die eerste soen, ons liefdesbrood en wyn,
"Ek sweer met hierdie soen voor God daarbo
Dat ek vir ewig 'n jou liefde glo."

Hierdie aanhalings is nie die enigste nie, 'n mens moet maar net „Weerklankies" lees om te sien hoe 'n wanklank die naam van God werklik kan word in die mond van 'n - nouja, godsdienstige maniak, is moontlik die beste wat in hierdie geval vir Eitemal kan gebruik word. Die snedige opmerking van Kloos aan die Predikante van Veertig is gevolglik ook toepaslik op die digter: „O, de naam Gods is ... op een zekar niet gewilde, maar daarom toch niet minder betreurenswaardige wyze, door tal van ordentlijke-

godsdienstige schrywers schromelyk misbruikt. Terwyl men dien naam toch alleenmaar dan behoorde te noemen dien naam van voor velen het Allerhoogste en Diepste wat bestaat, indien hy, hetzy kan klinken als een donderslag van overweldigend gevoel, hetzy kan ruischen als een verrukkende zefier vol zoete geuren, maar die nooit in rhetorische of smale rymen .... dienen mag als relief voor ongevoelde, honderdmaal reeds herhaalde praatjes, waar men zyn oogen by uit de wryven zit."[6)]

Dit skyn asof Erlank 'n soort van panteïsme aanhang waarin hy die Goddelike nie alleen in die skoonheid soek nie, maar ook in elke lewende wese of plant. Hierdie gevoel word in sy eerste werk verskriklik onbeholpe geuiter, maar in „Phaeton" is dit sterker, en mooi gee hy dit weer as sy kindjie deur hom aan sy bors gedruk word terwyl die storm daarbuite woed:

> Laat blinkwit bliksemskigte
> „Die nag in repe sny;
> Ek weet my God is iewers
> Want jy is dig by my."

Die liefde – sy Magdaleen – speel veral 'n groot rol in hierdie panteïsme, maar waar hy in „Weerklankies" 'n banaliteit soos „Ek sweer met hierdie soen voor God daarbo" kon uiter, vind ons in sy tweede bundel 'n groter suiwerheid en kinderlike opregtheid, as hy in sy „Liefdessang" sing:

> Jy is Gods albasterskaaltjie,
> „Blank en broos en teer
> Vir die wierook van sy wese
> Fyn gefatsoeneer."

Hierdie panteïsme van die digter is geneig om dikwels oor te gaan in 'n diepe vertroue in sy Hemelse Heer, en daarom kan ons by Erlank ook praat van Christelike panteïsme, want hy toon daarmee dat hy omtrent niks verskil van die eng calvinistiese geloofsopvatting nie. God is vir hom groot en Almagtig en hyself klein en nietig, daarom fluister hy saggies:

> Soms voel ek so sielsallenig,
> „Keer my klagte tot my weer;
> Maar die soeklig van die Hemel
> Laat my fluister! Hier's ek Heer."

In hierdie lig beskou hy die Godheid dan nie alleen as 'n persoonlike Hulp nie, maar presies soos die calviniste, as die

Leier van die volk, en is God vir hom dus die [illegible] wat elke burger deur die stryd gevoer het en aan elkeen persoonlike beskerming verleen het. Daarom kan Erlank hom ook so volkome berus in die wil van God en sien ons in die klag van Christus in Getsémane ook die digter se eie rustige onderdanigheid:

Die huiwer-stil. 'n Mens betree
"Die bedetuin Getsemané.
Die liefde vlam op sy gesig
Met heilig-blanke towerlig,
En tot die aarde buig hy neer:
U wil, U wil geskied, O Heer....."

Hier het ons Eitemal dan as die ortodokse gelowige. Maar dit is hy sekerlik nie, want alhoewel hy veel verskil van C.M. v.d. Heever en I.D. du Plessis, staan hy tog nader aan hierdie digter as aan die Totius - Celliers groep. Naas sy Christelike onderwerping aan die geloof is daar tog 'n duidelike teken van afvalligheid wat ons reeds in „Weerklankies" aangetref het, maar wat in „Phaeton" 'n hoogtepunt bereik, sodat ons soms verbaas staan en nie kan glo dat dit een en dieselfde persoon is wat hier sy sielsgevoel uiter nie. „Cabaret-Liedjie" het reeds getoon dat die digter nie so doodseker is van sy eie gemoed nie en dat daar onder al sy kalme vertroue tog 'n kiem van onsekerheid leef, daarom klink dit:

Dood is die lelie en my lief
-"Al wat mooi is, moet verdwyn -
Klink en klink en drink die wyn
Drink tot die vaalaardag verskyn."

Hierdie ligsinnige lewensroes vind ons in 'n versterkte vorm weer terug as die digter sy dronkmanslied neurie:

Styf gearm huistoe slinger
"onder singlawaai,
wyl die dronk ou wêreld om ons
Rondomtalie draai."

Maar dis nie hierdie skynbare oppervlakkigheid wat die digter so vreemd laat staan teenoor sy vroeëre opvatting nie, as wel die feit dat hy nou duidelike tekens openbaar dat sy sekerheid vir homself nie meer so baie seker is nie en dat die lewensweg wat in die verlede so doodsekuur in die skadu van God gevolg het, nou 'n kronkelende grootpad word sonder einde:

Ver slinger die wapad dof
"In die landstreek Wie-weet-waar -".

En naas hierdie vertwyfeling is dit of die digter in sy Calvinistiese God ook nie meer die enigste Alvader sien nie, sy lewensblik het ruimer geword en hy besef die moontlikheid dat daar dalk meer as net een regte pad is, of hoe anders verklaar ons gedigte soos „Phaeton" en „Die lied van Vishnu" waarin gedagtes geuiter word wat hy vroeër nooit sou dink te besig behalwe uitsluitlik aan die Christelike God nie? Nou egter laat hy die Hindoese Opperheer 'n selfverheerliking uitjubel in die woorde:

> Ek is die blom en die blom se geur;
> "Ek is die pad en die wandelaar;
> Ek is die man wat offers bring,
> Die offerende en offeraltaar;
> Ek is die soeker en wat hy soek,
> Ek is die twyfel en twyfelaar;
> Ek is die tyd, en die ek wat lig
> Vir hemelbolle went'lend naar,
> Naar my, naar my, die ewigheid;"

Hoor ons hierin nie die loflied van die ortodokse Christen vir sy Jehovah nie? Maar dis tog sekerlik nie wat Erlank bedoel het nie, en hoe moet ons dit dan verklaar teenoor sy vroeëre houding? Moontlik sal 'n volgende bundel die antwoord bring, maar as ons moet oordeel uit Weerklankies en Phaeton, dan kan ons maar alleen die tweestryd daarin merk - 'n stryd tussen wegbreking en oorgang tot die agnosticisme, en die begeerte om nog te vertoef onder die alles-oorheersende Almag van God, die Bybelse Jehovah.

W.E.G. LOUW.

Soos by die ouer broer is die opstandsgedagte ook by W.E.G. Louw soms baie sterk, maar waar dit by eersgenoemde die kern van sy hele godsdiens vorm is dit by die jonger Louw slegs af en toe bespeurbaar en ontstaan dit alleen as gevolg van die feit dat die tweestryd in sy eie siel nog nie tot kalmte en rus gekom het nie. Die opstand by W.E.G. Louw is dan ook meer 'n verwyt wat die Godheid toegeslinger word omdat die Almagtige [illegible] die onrus in sy siel gelaat het, meer agter, omdat hy God beskou as die oorsaak van al sy klein-menslikhede: „God waarom het [illegible] my die lewe kalk gemaak!" roep hy verbitterd uit; 'n kalk [illegible] waarin nog nooit die glans van wyn kon fonkel nie; of 'n [illegible]

werblom wie se brose blaartjies deur die lewenswind wreed verwoes word sodat alleen die siel met sy "trillende pyn" oorbly. Die verwyt word sterker na mate die digter dink aan die almag waaroor die Skepper beskik het toe Hy Sy pronkstuk geskape het. As God dan die mens na Sy beeld gemaak het, waarom het Hy hom met al die tekortkominge oorlaai? Want:

> My het U met 'n bitter lag gemaak
> "tot smaad en spot van U volmaakte werk:
> 'n koning deur sy eie drang gekneg,
> tweeslagtige heerser teen homself verdeel,
> in hoë heiligheid 'n halwe God,
> maar met die donker drifte van 'n dier!"

Met hierdie laaste twee versreëls skilder Louw in werklikheid dan ook sy selfportret, want hoe dikwels sien ons hom nie met sy "donker drifte" om dan ineens weer op te styg tot die "hoë heiligheid" van "'n halwe God" nie? Dit is ook juis hierdie teenstrydighede in sy eie lewe wat hom so verbitterd stem, want nie alleen verwyt hy God dat Hy 'n karikatuur as Sy volmaakste deel van die Skepping die wêreld ingestuur het nie, maar die Godheid word ook blameer vir die digter se opstandigheidsgevoel, omdat Hy as Almagtige behoort te geweet het hoe Sy skepsel sou optree en dit dus kon voorkóm as Hy dit wou. Hy het hom egter gemaak en toe as 'n nar gelaat:

> verblind, verdwaas en innerlik verskeur -
> "om teen U wil en Skepping op te staan!"

of, so stel hy die vraag in "Die dood van die dwaas," was dit juis "U duister lis met my om my U twebsteid, die vryheid van wil en wens te skenk, die mag om tussen goed en kwaad te onderskei, maar dan terselfdertyd tog in kettings te hou, sodat hy soos die valk in die lugre die oneindige blou kan inpeil maar in die aand weer verplig is om terug te keer na sy bevuilde nes? Dis hierdie saat wat God in sy siel gelaat het wat die oorsaak is van sy opstand teen God. Nooit kan hy die Godheid vir so'n onvolmaaktheid vergewe nie, teen sulke lewensteenstrydighede moet hy rebelleer, en omdat God hom so geskape het, met sy innerlike drange en al, is hy gewillig om die stryd ten volle te aanvaar. En God as Alwetende moet ook weet dat daar vir hom geen ander weg oop is nie, dis nie sy eie keuse nie, die deur

die Skepper op hom afgedwing:

> "Laat voorw ur geen ander keuse, Heer,
> "as hierdie opstand, hierdie bitterheid."

So neem hy dan met die grootste verbittering die wapens teen die Voorsienigheid op. Nou is daar geen klagte meer nie, alleen 'n smeekgebed om vergifnis omdat hy verplig word tot die stryd „Teen U ..... met my felle woord." Hy besef dat hy 'n dwase stap begaan, maar eerlik is hy oortuig dat daar niks anders vir hom oorbly nie en dat hy daartoe verplig word deur die Formeerder self:

> Uit die voorste kranse van die ewigheid
> "het Hy Sy hoë Woord tot my gespreek,
> en kyk: Sy sterre vlam getuienis,
> Sy wet is dit waarteen my wil hom breek!"

Dis hierdie opstand, hierdie byna profane Lucifer-idee waarin die twee Louw's sulke groot ooreenkoms met mekaar vertoon, sodat in die een se worsteling ook die ander sen s'n kan gesien word. Maar merk ons in hierdie stryd nie dikwels ook ons eie nie, ons eie vrugtelose pogings om die kettinge wat ons geklinknael hou aan die werklikheid te breek, te vernietig, en na so'n moedige kragsinspanning 'n trotse oorwinningslied aan te hef wat moet getuig van ons onwil om langer te buig en te kniel in 'n slaafse onderhorigheid? Want alleen hy wat hierdie pynigende geestessmart, hierdie vernedering, hierdie magteloosheid in sy eie siel geveel opbruis het soos 'n donderende onderaardse stroom, alleen hy sal die opstand by Louw kan besef en ook kan verstaan.

Hierdie opstandige verwyt teen die Almag kan ons maklik verstaan moes gepaard gaan met 'n mate van vertwyfeling, wat op sy beurt weer oorlaan tot die heftigste verbittering. Dit is dan ook die kenmerke wat ons sterk aantref in veral die eerste twee bundels van Louw. Die digter kan die onrus in sy hart nie onderdruk nie en dit laat hom telkens besef dat hy afdwaal van die godedienstige weg, dog hierteenoor, teen „die bitterheid van rypingspyn en groei" staan hy geheel en al magteloos en kan maar alleen oor die lewe heen staar:

> „en wonder wat werklik is, en wat bedrog en droom...."

Die dan wanneer hy „soos 'n vreemdeling" gans verlore en vereensaamd voel, 'n:

> enkeling, tot verdwaasing en vereensaming gebore,<br>
> „in tranelose huiwering ....."

Die pynlike eensaamheid dryf hom tot die besef dat alles - hierdie lewe sowel as daarna, „sonder sekerheid of hoop" is, maar as hy hom dan bedreig voel deur die algehele vernietiging, weet hy ook terselfdertyd dat hy die stryd tog nie alleen sal kan voleindig nie. Dan volg 'n natuurlike ommeswaai en wend hy hom tot sy Skepper teen Wie die oorspronklike opstand en stryd aanvaar is, en in sy wanhoop bid hy luid:

> Hoor U dan nie die verlate roep<br>
> „in angs en uiterste nood<br>
> van U kindere voor die donkerte<br>
> en die heimnis van die dood?"

Hy wil dus weer terugkeer en glo dat die lewe na alles tog nie so vaal en droewig is nie, maar so gemaklik is die terugkoms nie, en in die worsteling van sy tweestryd raak hy maar net dieper „verstrik verstrengel in twyfel en gedagte", en hy word meer verbitterd omdat hy nie „die sin en samehang van al die leed" in die Skeppingsplan kan begryp nie. In hierdie verbitterde stryd is dit veral die dood en vernietiging van alle dinge wat hom soos spoke aanstaar en hom die vraag laat stel:

> Wat is die sin en wat die doel<br>
> „dat alles met die wind verwaai?"

Die onrus, vertwyfeling en verbittering lei hom gevolglik tot 'n hoë mate van sinisme, sodat hy self twyfel of hy ooit weer uit al die verwarring en duisterheid 'n uitweg sal kan vind. Bitter klink sy „Lied" dan ook onder die berustende Christus-sonnette in sy jongste bundel:

> Ons is almal sterwelinge<br>
> „wat vreemd staan onder die sterre;<br>
> ons is almal swerwelinge<br>
> wat luister na die verre<br>
> stemme oor die heuwels en die water,<br>
> wat nog nie weet van die verloregaan<br>
> van alle dinge later."

Daar is min digters in ons poësie wat so 'n algehele verandering in hulle godsdienstige opvatting ondergaan het as W.E.G. Louw, en alhoewel hierdie ommekeer nog nie in alle opsig-

Dis dan wanneer hy „soos 'n vreemdeling" gans verlore en vereensaamd voel, 'n:

"in tranelose huiwering .....
enkeling, tot verdwaaling en vereensaming gebore,"

Die pynlike eensaamheid dryf hom tot die besef dat alles - hierdie lewe sowel as daarna, „sonder sekerheid of hoop" is, maar as hy hom dan bedreig voel deur die algehele vernietiging, weet hy ook terselfdertyd dat hy die stryd tog nie alleen sal kan voleindig nie. Dan volg 'n natuurlike ommeswaai en wend hy hom tot sy Skepper teen Wie die oorspronklike opstand en stryd aanvaar is, en in sy wanhoop bid hy luid:

Hoor U dan nie die verlate roep
"in angs en uiterste nood
van U kinders voor die donkerte
en die heimnis van die dood?"

Hy wil dus weer terugkeer en glo dat die lewe na alles tog nie so vaal en drewig is nie, maar so gemaklik is die terugkeer nie, en in die worsteling van sy tweestryd raak hy maar net dieper „verstrik verstrengel in twyfel en gedagte", en hy word meer verbitterd omdat hy nie „die sin en samehang van al die leed" in die Skeppingsplan kan begryp nie. In hierdie verbitterde stryd is dit veral die dood en vernietiging van alle dinge wat hom soos spoke aanstaar en hom die vraag laat stel:

Wat is die sin en wat die doel
"dat alles met die wind verwaai?"

Die onrus, vertwyfeling en verbittering lei hom gevolglik tot 'n hoë mate van sinisme, sodat hy self twyfel of hy ooit weer uit al die verwarring en duisterheid 'n uitweg sal kan vind. Bitter klink sy „Lied" dan ook onder die berustende Christus-sonnette in sy jongste bundel:

Ons is almal sterwelinge
"wat vreemd staan onder die sterre;
ons is almal swerwelinge
wat luister na die verre
stemme oor die heuwels en die water,
wat nog nie weet van die verloregaan
van álle dinge later."

Daar is min digters in ons poësie wat so 'n algehele verandering in hulle godsdienstige opvatting ondergaan het as W.E.G. Louw, en alhoewel hierdie ommekeer nog nie in alle opsig-

te by Louw volkome is nie, moet die oorsaak daarvan grotendeels gesoek word by sy panteïstiese neiginge wat hul ontstaan gehad het in die eensaamheidsgevoel van die digter. Dis dan ook interessant hoe die allenigheid die mens gewoonlik nader bring na sy God - of hierdie God nou ook mag wees die ortodokse calvinistiese of dié van die Skoonheid maak geen saak nie, maar sodra die mens deur afsondering tot die eensaamheid gedryf word, volg dit byna gereeld dat hy ook toenadering soek by die bomenslike of Godheid. By Louw was die eensaamheid uitermate hoog en in hierdie gemoedstoestand het hy hom reeds bereidwillig verklaar om die stryd teen God te staak:

> Maar daar's die trane in my oë van 'n kind,
> "en oor my waai die wolke eensaam met hul wee."

Hy gevoel hom gans verlate en deur sy naaste verstoot. Geen wonder dat hy hom wil vereenselwig met die natuur nie, want die hart wat pyn en die siel wat deur die medemens nie verstaan word nie soek troos en medelye in die dinge rondom hom - in die skoonheid van die berge en riviere, in die see en die vlaktes, in blomme en kleure, in die melodie van die lied, kortom in alles wat vir die massa „alledaags en saai" skyn te wees. Om hierdie rede is dit ook dat Louw reeds in sy vroegste verse - juis in die jare wanneer die siel die eensaamste voel - kon verklaar:

> Ek het die glans van God gesien
> "in die lig wat vloei deur die wind,
> in die stille krag van vreugde en lyding
> met die wonderoë van 'n kind.
>
> Ek het die glans van God gesien
> in die stralende son en die heldere lug,
> in steeds vlugtende water en wolke,
> in die blom en in die vrug."

So tref hy later die „Vreemdeling" aan:

„Langs die stofpad in die witte somerson,"

en as hy probeer om van Hom af weg te vlug dan merk hy dat dit reeds te laat is want:

> In alle winde was dié ene stem
> "wat roep, dringend, nie meer te ontkom;
> Sy liefde het my in die slaap geklem,
> Sy Oë was in elke ster en blom."

Hy was dus nie meer te bevry uit die mag van God nie en langsamerhand begin hy hom onderwerp en glo hy dat:

> God, die Magtige wat woon in lig,
> "wat oor die afgrond sweef en met Sy hand
> die Gewester in vaste stand kan snoer,
> wat hoog in winde, hael en weerlig gaan,"

hom sal help en beskerm teen die aanslae van die lewe en in sy eensaamheid sal sterk sodat hy kan uitstyg bo sy medemens soos die vlakvoëltjie in die oggendbloute na die reën. Dit is nog 'n trotse geloof in 'n God wat nog geensins ooreenstem met die God van die vadere nie, maar dis duidelik dat die opstand in sy siel gestil is en dat daar nou nog slegs 'n tweestryd heers tussen te glo en nie te glo nie. Waar hy tot so ver maar weinig verskil getoon het met die godsdienstige ongelowiges waaronder gereken kan word N.P. van Wyk Louw, Toon v.d. Heever en 'n paar ander, is daar nou duidelike tekens dat hy van hierdie groep begin wegbreek en voortaan eerder kan vergelyk word met C.M. v.d. Heever, alhoewel sy vertwyfeling, na die opstand gebreek is, nooit so diep gestrek het nie en sy geloof deurgaans 'n meer ortodokse vorm aangeneem het as v.d. Heever s'n.

Naas sy verwyte, opstand, verbittering en panteïsme is Louw ook nog in 'n geringer mate hedonisties aangelê, want duidelik konstateer hy:

> Ek ken U nie. Hier is my koningryk;
> "Alleen die wêreld ken en het ek lief."

Op hierdie aarde is vir hom al wat dierbaar is, "die stemme van vroue", "koele hande", "amandelbome in bloei" en "blomme teen die reën," daarom vra hy homself af:

> Hoe moet ek eendag van dié dinge skei
> "waarmee ek so verstrengel is?"

Maar dit blyk tog dat al hierdie dinge langsamerhand alleen herinneringe word uit 'n tyd toe hy homself nog nie kon vind nie, en dat dit nou vir hom slegs ydelheid is, die brosse oppervlakte van 'n dieper en vaster sielelewe wat onafskeidbaar veranker is in die ewig Goddelike. Al sy twyfel en verbittering, sy eensaamheid en opstand teen God word in hierdie ligging, dan ook slegs die diep onderaardse water wat [illegible]

en bruis totdat dit eindelik uitbars om daarna 'n stille stroom te vorm, wat alhoewel dit soms nog deur versnellings en watervalle sy rustigheid en kalmte verloor, nogtans slegs in een rigting vloei en uiteindelik sy water stort in die deinende en oneindige grootheid van die see en kalmte van Gods liefde. Soos meeste van ons jongere digters het Louw die stormende opstand teen die Al-Godheid fel uitgeleef; dit het hom dikwels bittere tye besorg, maar in afwyking van die res het hy tot berusting gekom en sy hele siel en wese oorgedra aan die liefde van sy God en Vader. Die stryd en vertwyfeling is nog dikwels daar, maar dis nou nie meer die vervloekte onsekerheid van I.D. du Plessis byvoorbeeld nie, maar meer die menslike vertwyfeling wat ons ook dikwels by Totius aangetref het.

W.E.G. Louw kan met reg beskou word as die verlore seun in ons poësie. Hy het uit eie keuse weggebreek van die ou weë, rondgedwaal en dikwels sy wellus laat botvier. Maar soos die bybelse figuur is hy deur sy hartstog gedwing tot die alleenigheid, en in sy eensaamheid en smart het hy tot inkeer gekom, opgestaan en teruggekeer tot sy Vader. Op sy smekinge het hy vergifnis gevind en na hy 'n louteringsproses ondergaan het, het hy tot berusting gekom, 'n berusting in die Algoedheid van Hom wie se planne hy nie kan deurgrond nie, maar gewillig is om te volg sonder om te vra.

Reeds gedurende sy „twyfelmoedige dwaasheid" kon hy agter die skyn, die glans van die waarheid en Goddelikheid merk soos uit die volgende blyk:

> "'n Vale nagwind, laag van leë droefenis,
> deurwaai die stiltes van my binnehof,
> waar, soos 'n dwaas, ek nog nie kan verstaan
> die rykdom agter skaduwes en stof."

Telkens sien ons hoe hy gedurende hierdie periode tog strewe na:

„die eenvoud en versekering wat myne was as kind,"

want juis die gedagte dat hy opgevoed is in 'n gelowige huisgesin het hom altyd laat hunker na die rustige tevredenheid wat hy in sy kinderjare geken het. Dit het toe reeds 'n groot tweestryd by hom veroorsaak, waar aan die een kant sy verbitterde opstandsgedagte gestaan het en aan die anderkant die geloofsvu-

groue van sy jeug. Hierdie tweestryd het hy maar te goed geweet en daarom ook dat hy erken:

> Ek ken tog immers al U Woord
> "en U volmaakte Reg,
> tog volg my voete vryelik
> hul eie, dwase weg."

Dit was die gedagtes waarmee hy te kampe gehad het toe hy as verlore seun gedwaal het langs weë wat hom vreemd was, maar lank sou hy nie sy nuttelose stryd voortsit nie, en toe hy eenmaal tot oortuiging gekom het dat hy die verkeerde pad volg het hy dadelik gehandel en met beslisste optrede verklaar:

> Ek sal opstaan en na my vader gaan;
> "opstaan uit my vodde en my vuil;
> opstaan en onder die volle maan
> wat geel streep oor die vleiland, gaan en huil
> aan sy breë skouer, en hom saggies vra
> om alles te vergeet, en te vergewe."

Na hierdie erkenning voel hy sterk genoeg om die "haat en hoon" en die spotlag van die lewe, wat tog nooit sy oorwinning oor die skande sal begryp nie, te weerstaan. Want nou dat hy eenmaal teruggekeer het voel hy die branding van:

> "die verbloede heiligheid van Christus-hande."

Hy draai hom gevolglik weg van die mense met al hulle harteloosheid en volg alleen die pad wat lei:

> "na Hom wat nooit my sal versmaad."

Hierdie verlore seun-gedagte tref ons deurgaans in Louw se latere werk aan en orals toon hy berou oor sy vroeëre afdwaling, die afdwaling van sy "eerste jongkrag" toe hy in oormoed en "verlange na die daad" verseker van sy eie mag die Heer hoogmoedig verlaat het. Maar na sy tuiskoms het hy net een bede gehad:

> Vergun my nou van alle rykdom
> "en die aarde se goud-blanke prag,
> deur die jare wat nog voorlê, Heer,
> geen gewin as U genade dag na dag."

Dr. G. Dekker beweer dat W.E.G. Louw sterk onder invloed van die Nederlandse religieuse digters staan.7) Dit sal nie betwyfel word nie, maar dan moet ons ook weet dat hy afgesien van hierdie beïnvloeding nog sy individualiteit behou in sy godsdienstige poësie en dat hy hierin wel groot ooreenkoms Want in sy gedigte soos vertoon met die calvinistiese.

troue van sy jeug. Hierdie tweestryd het hy [illegible] beseef en daarom ook dat hy erken:

> „Ek ken tog immers al U Woord
> en U volmaakte Reg,
> tog volg my voete vryelik
> hul eie, dwase weg."

Dit was die gedagtes waarmee hy te kampe gehad het toe hy as verlore seun gedwaal het langs weë wat hom vreemd was, maar lank sou hy nie sy nuttelose stryd voortsit nie, en toe hy eenmaal tot oortuiging gekom het dat hy die verkeerde pad volg het hy dadelik gehandel en met besliste optrede verklaar:

> „Ek sal opstaan en na my vader gaan;
> opstaan uit my vodde en my vuil;
> opstaan en onder die volle maan
> wat geel streep oor die vleiland, gaan en huil
> aan sy breë skouer, en hom saggies vra
> om alles te vergeet, en te vergewe."

Na hierdie erkenning voel hy sterk genoeg om die „haat en hoon" en die spotlag van die lewe, wat tog nooit sy oorwinning oor die skande sal begryp nie, te weerstaan. Want nou dat hy eenmaal teruggekeer het voel hy die branding van:

> „die verbloede heiligheid van Christus-hande."

Hy draai hom gevolglik weg van die mense met al hulle harteloosheid en volg alleen die pad wat lei:

> „na Hom wat nooit my sal versmaad."

Hierdie verlore seun-gedagte tref ons deurgaans in Louw se latere werk aan en orals toon hy berou oor sy vroeëre afdwaling, die afdwaling van sy „eerste jongkrag" toe hy in oormoed en „verlange na die daad" verseker van sy eie mag die Heer bly-moedig verlaat het. Maar na sy tuiskoms het hy net een bede gehad:

> „Vergun my nou van alle rykdom
> en die aarde se goud-blanke prag,
> deur die jare wat nog voorlê, Heer,
> geen gewin as U genade dag na dag."

Dr. G. Dekker beweer dat W.E.G. Louw sterk onder invloed van die Nederlandse religieuse digters staan.[7] Dit sal nie aangetwyfel word nie, maar dan moet ons ook weet dat hy afgesien van hierdie beïnvloeding nog sy individualiteit behou in sy godsdienstige poësie en dat hy hierin wel groot ooreenkoms vertoon met die calvinistiese. Want in sy godsdiens stem ver-

... sy latere verse, staan Louw nie ver verwyder
Totius nie, veral omdat hy, na hy sekerheid gekry het, tot

van Totius nie, veral omdat hy, na hy sekerheid gekry het, tot volslae berusting kom met die Goddelike planne van die Skepping. Van ons jongere digters moet Louw dan ook beskou word as die suiwerste godsdienstige; "Adam en ander Gedigte" is hiervoor veral 'n sprekende bewys en die sonnette-reeks "Die Passie van ons Heer," is sekerlik die oortuigendste verse van hierdie aard wat in ons poësie tot nog toe verskyn het. Elkeen van die vyftien gedigte behels dan ook een of ander aspek van die godsdiens of kan daarmee in verband gebring word; dit alleen bewys in watter rigting die belange van die digter strek. Saam met die talle gedigte uit "Die Ryke Dwaas" en "Terugtog" waar die godsdiens die kerngedagte vorm, kan ons Louw dus beskou as ons Geerten Gossaert, dié digter onder die jongeres wat tot hede beslis die meeste aandag aan die godsdienstige gegee het en wat sekerlik in die toekoms hierop sal voortbou - hopelik met dieper vorming en deurdringing as wat tot dusver nog die geval was met baie van sy werk. Want watter suiwere verse hy ook al gelewer het, daar bly tog nog altyd die gedagte, veral in sy eerste twee bundels, dat die gevoel nog te oppervlakkig is, dat die deurlewing nog nie diep genoeg is nie en dat die pyn en smart nog maar skyn-pyn en smart is, en dat sy gebede nie gelouter is van dit wat wêrelds en enig is nie. Daarom dat 'n strofe soos die volgende in werklikheid dan ook die waarde van beide die digter se gevoel en sy werk uitdruk:

> Ek het nog nie genoeg met U gestry,
> "my kwetsure en verwondinge is skyn,
> my vanhoop maar vóórtowering
> van komende verstelling en pyn.
>
> U het in my hartelag en my moed
> my nooit in waarheid nog verwond
> U bitter kelk gaan my nog steeds verby,
> U lyding het ek nooit deurgrond."

Dit is die gedagte wat oor altyd op die agtergrond voel opdoem by die lees van Louw se godsdienstige poësie. Ons voel nog te dikwels dat:

> Dit was maar ydel spel van woorde,
> "opwerp van skanse teen die tyd -"

Maar dan moet 'n mens ook minstens erken dat selfs Totius se

werk nie hiervan vry te spreek is nie, en dat by Louw, ook op hierdie stadium nog nie met sekerheid 'n koersvaste rigting kan bepaal word nie. Hy is sterk religieus, maar die tweestryd in sy eie gemoed is nog te sterk om nou al te verklaar of hy moontlik die vaandeldraer van die calvinisme onder ons jongere digters sal wees.

ELIZABETH EYBERS.

Die lewe is vir Elizabeth Eybers soos 'n digte sluier waardeur sy onmoontlik met haar geestesoog kan dring. Maar erger nog is dat sy in hierdie duisternis as 'n blinde moet voortstrompel, wat vooraf reeds weet dat haar soek na lig tot mislukking gedoem is. Afgesien van hierdie feit egter is sy die tipies en jeugdige hooghartige wat vas beslote is om die soektog en die stryd sonder hulp voort te sit. Soos 'n ou-tydse ridder sonder sy haar af van die gemeenskap en trek haar terug in haar „drome-veiligheid" wat moet dien as pantser waaragter sy in „trotse eensaamheid," „selfgenoegsaam-koel" haar kan beskerm teen die aanslae sowel as die onverstaanbaarhede van die lewe. Hierdie afsondering en ongenaakbare hooghartigheid bring egter geen bevrediging en oplossing vir haar stryd nie, en dan probeer sy 'n presies teenoorgestelde metode, naamlik om soos 'n wellusteling die lewe te geniet met volle teue!

Kom, laat ons met gretige teue nog drink,
"die bruisende, ruisende glase laat klink!
Skuil daar ooit pyn agter dié wat blink?"

Maar ook hierin vind sy geen bevrediging nie, en kom dan tot die gevolgtrekking dat sy besig is om te vergeefs te soek. Dit stem haar tot eindelose weemoedigheid, want:

My siel was leeg .......
"die sluiers wat die Oneindige omhul
bly onbeweeg ......"
niks kom dit vul."

So bly sy dan verbysterd staan voor „die kloof wat grondeloos gaap" tussen die werklikheid en haar fantastiese droomwêreld wat sy so graag wou verwesenlik sien. Sy is diep geskok omdat sy weet dat sy na haar „blou-omwaasde paradys" waaruit sy gewek is, nooit weer kan terugkeer nie en dat die lewe:

"gun vir die swerwer geen vergetelheid -
altyd die wonder, altyd die verwyt
van nooit te vind en nogtans te onthou ..."

Dit veroorsaak verbittering, want sy weet dat haar diepste begeertes nie kan verwesenlik word nie en dat al haar pogings om nog te strewe slegs die floue gefladder teen die tralies van haar lewenshok is, waaruit sy nooit kan ontsnap nie. Bitter is dus haar opstandskreet as sy dit uitstoot:

"Hoe kan jy ooit van 'n bestemming weet,
jy wat 'n toeval is, 'n noodlotsgril,
wat saam moet speel, gewillig sonder wil,
die marionettespel wat lewe heet?"

Die woorde wat ons onwillekeurig laat dink aan Eugéne Marais se Skoppensboer. Ons is die resultaat van een of ander gril van die noodlot, wat kan ons anders verwag as om slegs die [illegible]rol van 'n houtpop te speel! Daarom voel sy dat sy soos 'n nar "deur die leë kronkelgange van die dag" beweeg, waar sy lag en praat en 'n skyn-lewe lei terwyl haar siel soos 'n "dorre-skulp" voel:

".... Daar is nie één wat raai
hoedat ek langs die donker weë gaan,
soekend wat ongevonde is . . ."

Onder hierdie onrus, onsekerheid en twyfel begin sy na hulp verlang, maar omdat sy weet dat dit in die lewe nie te vind is nie wend sy haar tot die Onbekende. Onbekend is sovêrre dat sy die Godheid waarvan ander so liggies praat nie kan nie, maar sy is oortuig dat as sy weet hoe om Hom te vind Hy haar leed en pyniging sekerlik sou verseg. Hier begin die tweestryd by Elizabeth Eybers dan, sy wil glo, glo met haar hele siel en wese, maar die verstandelike is nog te sterk en sy kan eenvoudig nie glo aan die God wat deur die menigtes voorgehou word as enige Ware en Opper-Magtige nie. Groot is haar twyfel, maar groter die verlange om die ewige alles-oorheersende Godheid te vind, as sy met trane in haar oë bid:

"Klein teen die sandlugkoepel staan
ek, eensaam soos 'n kind.
Gei, ek het van U weggegaan
omdat ek U sou vind."

Nou besef sy meteens hoe ver sy van die Goddelike verwyder was omdat sy altyd op die verkeerde weg gesoek het, en terwyl sy na die wit vlug van duiwe staar daal daar 'n vrede oor haar en be-

sef sy dat sy nêrens meer tevrede sal wees nie as alleen aan die boesem van haar God nie. Saggies prewel sy dan ook: „vergewe, o Heer!" Sy besef ook nou dat sy deur al die pyn moes gaan om gelouterd te word, nie as „half-god" of „half-gek" nie, maar slegs as eenvoudige mens. Nou berus sy haar in die wil van God en weet sy dat die enigste skuilplek wat daar is in die arms van haar hemelse Vader is, en met innigheid juig dit in haar:

„hoe rustig klop my hart wat nie meer vra
in hygende verlange, nie meer kla
of jammer oor die smaad van eensaamheid."

Hierdie ontwikkelingsgang is nie so duidelik by Elizabeth Eybers te bespeur as dit moontlik hier weergegee word nie; want daar is orals gevalle waar sy as predikantsdogter reeds in haar vroegste gedigte bewys lewer dat sy sterk godsdienstig gekleurd is, en in haar jongste poësie kom weer voorbeelde voor van afval, onrus en verbittering. Dit alles toon natuurlik aan dat daar geen sprake kan wees van 'n duidelike en afgebakende weg nie, en dat die tweestryd by haar nog verre na nie beslis is nie.

<u>D.J. POTGIETER.</u>

In 'n groot mate kan Potgieter vergelyk word met Elizabeth Eybers deurdat hy net soos sy in onrus en vertwyfeling verkeer, dan in baie opsigte afdwaal, maar weer terugdwaal na die bekende weg om daar onder die vleuels van sy Albeheerser te skuil en hom te berus. Hy wil graag deurdring tot die grondgeheime van die lewe om sodoende die ewige raaisels op te los, maar hy vind dat al sy pogings en gebede geen oplossing bring nie.

„....... Ek het geluister en toe vind
ek my weer met die ou vertwyfeling,
wat met 'n spotlag onbeantwoord bring
die duister vrae wat die siel verblind."

Die waaroms en hoekoms van die lewe doem voor hom op in lang rye en vir geen een kan hy 'n antwoord vind nie, selfs vir sy eie lewe so

„doodgetrou na voorskrif van die Woord,"

kry hy geen satisfaksie nie en gevolglik slaan hy oor na die

sef sy dat sy nêrens meer tevrede sal wees nie as alleen aan die boesem van haar God nie. Saggies prewel sy dan ook: „vergewe, o Heer!" Sy besef ook nou dat sy deur al die pyn moes gaan om gelouterd te word, nie as „half-god" of „half-gek" nie, maar slegs as eenvoudige mens. Nou berus sy haar in die wil van God en weet sy dat die enigste skuilplek wat daar is in die arms van haar hemelse Vader is, en met innigheid juig dit in haar:

> hoe rustig klop my hart wat nie meer vra
> „in hygende verlange, nie meer kla
> of jammer oor die smaad van eensaamheid."

Hierdie ontwikkelingsgang is nie so duidelik by Elizabeth Eybers te bespeur as dit moontlik hier weergegee word nie; want daar is orals gevalle waar sy as predikantsdogter reeds in haar vroegste gedigte bewys lewer dat sy sterk godsdienstig gekleurd is, en in haar jongste poësie kom weer voorbeelde voor van afval, onrus en verbittering. Dit alles toon natuurlik aan dat daar geen sprake kan wees van 'n duidelike en afgebakende weg nie, en dat die tweestryd by haar nog verre na nie besllie is nie.

D.J. POTGIETER.

In 'n groot mate kan Potgieter vergelyk word met Elizabeth Eybers deurdat hy net soos sy in onrus en vertwyfeling verkeer, dan in baie opsigte afdwaal, maar weer terugdraai na die bekende weg om daar onder die vleuels van sy Albehoeder te skuil en hom te berus. Hy wil graag deurdring tot die grondgeheime van die lewe om sodoende die ewige raaisels op te los, maar hy vind dat al sy pogings en gebede geen oplossing bring nie.

> ....... Ek het geluister en toe vind
> „ek my weer met die ou vertwyfeling,
> wat met 'n spotlag onbeantwoord bring
> die duister vrae wat die siel verblind."

Die waaroms en hoekoms van die lewe doem voor hom op in lang rye en vir geen een kan hy 'n antwoord vind nie, selfs vir sy nie lewe so

> „doodgetrou na voorskrif van die Woord,"

kry hy geen satisfaksie nie en gevolglik slaan hy oor na die

ander uiterste en erken openlik:

> My siel, na hierdie lewe is jy Syne,
> "hiernamaals maak Hy met jou wat Hy wil;
> maar voor die hart se wellus moet verstil
> en sterf, is jy nog hier en is jy myne!...."

Daarom weier hy ook soos N.P. van Wyk Louw om langer die dogma slaafs na te volg, dit wat voorskryf dat jy jou vyande moet lief hê soos jy jouself het, en hy vra homself af:

> Moet ons die gloed kalmeer wat hoog-op bruis
> "en willoos langs dieselfde stofpad gaan,
> al agter uitgeleefde wette aan
> en met die oues eë: Die God se kruis"?

Nee, dit kan en wil hy nie doen nie, dan breek hy liewers geheel en al weg, want hy weier die "pap verheerliking van slawevrede en - versoekingsleer;"

Soos so baie van die jongere digters kom Potgieter dus ook in opstand teen die wette van die Hoër Wil. Hy word deur felle hartstogte gedryf tot die uiterste wanhoop van die hel; maar as hy voel dat daar geen uitkoms meer is nie en dat die afgrond dreig sonder die minste hoop op verlossing, dan daag daar eensklaps 'n nuwe vrede oor hom, want:

> O God, U het U hand gereik
> "en my weer opgestel;
> my weer betyds vanuit die slyk
> op vaste grond gestel."

Die vaste grond bring egter nie 'n oplossing vir sy menigvuldige probleme nie, maar deur hierdie nuwe geloof het hy nader gekom aan die waarheid:

> Die lewe bly maar nog geheim,
> "die 'waarom' is nog daar ...
> maar hoe die lig en skadu rym
> begin ek nou gewaar."

Nou erken hy ook sy vroeëre dwaling, veral dat hy "met die donker drifte van 'n vraat' die wêreld alleen wou instap, maar dat hy deur veel skande wysheid geleer het en nou soos W.E.G. Louw gewillig is om terug te keer met die bede:

> "O God, maak rotsvas dan my krag."

Hy smeek voortaan alleen om lig en rus, en vra dat God sy siel soet vrede skenk as hy weer in angsnood gaan kerm en kla.

Potgieter hou hom deurgaans in sy bundeltjie besig met die metafisiese en 'n mens merk dadelik sy verbitterde ...

heid wyl hy blindelings rondtas om hulp. Hy is soos die verlore seun wat die lewe ingevlug het met die hoop dat hy daar vrede en rus sal vind. As hy egter sat is van al die gehuigel wat juis uit die lewe vloei, dan besef hy dat daar niks oorbly as om maar weer terug te keer na sy Vader nie. Sy tuiskoms wek nogtans geen berusting nie, maar vir die oomblik voel hy egter veilig en tevrede. Of dit die einde van sy stryd en vertwyfeling sal wees en of die opstand nie weer later sal terugkom en hom sal uitdryf om liewers in vodde tussen die varke te beweeg, is nog nie 'n uitgemaakte saak nie – 'n volgende bundel sal die antwoord daarop moet gee. Sy eersteling hou egter 'n groot belofte in en ons kan daarin duidelik merk die tweestryd wat soms sulke felle hoogtes in die poësie van ons jongeres kan bereik.

DRIE JONGERES.

Die laastes wat hier nog kan genoem word is Ben Dreyer, S.J. Pretorius en Olga Kirsh. Dreyer is nie alleen ouer as laasgenoemde twee nie maar staan letterkundig ook ver agter by hulle. Hy word alleen genoem omdat hy af en toe bewys lewer dat hy ook deur die lewe teen wil en dank worstel en dan nog verward raak "in struike van omstandigheid". Tog glo hy dat die beste wat die mens kan doen en die enigste weg wat nog oopstaan is om te "bid en hoop en glo."

S.J. PRETORIUS.

In teenstelling met meeste van die jonger digters in ons poësie nader Pretorius die Metafisiese maar selde, en in sy eersteling-bundel word hoogstens 'n paar reëls aan die onderwerp gewy, waarin ons egter merk dat die lewe ook vir hom 'n raaisel is:

> van altyd soek en nimmer vind,
> "van dinke deur die dood omkring,
> dit is die lied wat reën en wind
> en alle aardse dinge sing."

Maar afgesien van die feit dat die lewe vir hom net 'n lang soektog is na beter dinge, begeer hy van die ewige niks meer as aardse geluk nie en herinner hy ons hierin sterk aan die

spontane A.G. Visser. Hierdie lewe is vir hom goed genoeg en in die wete dat hy niks meer as 'n God-vergete mens" is nie, bid hy soms in sy eensaamheid:

God neem hierdie roer
"van my siel in my hand,
en rig my tog ver
van die rotsige strand!"

Behalwe hierdie gedagtes en nog 'n paar gediggies oor enige bybelfigure is daar egter nog geen godsdienstige rigting in Pretorius se werk te bespeur nie, en is die gebruik van die naam van God by hom ook niks meer as 'n kraguitdrukking met weinige betekenis nie.

<u>OLGA KIRSH</u>.

Ook vir hierdie jongste digteres in ons letterkunde is die lewe duister en is sy besig om na 'n oplossing te soek:

Lank het ek daarna gesoek, gekniel
"tussen die smekende skare in die skaduwee
van kerkpilare; maar dit was nie daar nie."

Hierdie reëls roep onwillekeurig die naam van die groot Indiese filosoof Tagore voor ons gees, en soos vir hom, het die lewe ook vir Olga Kirsh geen oplossing gebied nie, sodat sy moet erken:

"ek het steeds die duisternis betas."

Alhoewel dus verbitterd in 'n seker mate wil sy tog nie in op-
stand kom teen die Goddelike nie, sy keer terug en vlug na die
veiligheid van die Heer, en as die reën die vuil van die aarde
weggespoel het voel sy ook gesuiwerd van alle wanhoop en jubel
sy bly:

O, dat my siel kon styg en styg tot God
"..........
want God het al die wondere gemaak
van lewe wat verskyn en dan verlep
om weer vervang te word, en te verbly."

Die ewige sirkelgang van die lewe stel haar dus tevrede en daar-
om sien sy ook in die pyne wat die moeder in haar barensnood
moet verduur 'n mate van skoonheid en Goddelikheid, en troos
sy met die woorde dat:

na die wonder, as die slaap jou sus,
"sal op jou stil gelaat Sy glimlag rus."

Met hierdie wete wil sy as jong meisie haar berus want sy glo
dat die heilige liefde wat sy nou smaak haar ook sal lei tot die

grootse wonder wat vir haar 'n openbaring was en erken sy aan die geliefde:

> Onwetend het jy my gelei tot God,
> "ek het 'n kind geword van die natuur,
> 'n ingewyde in haar stille wet."

---

## AANTEKENINGE - HOOFSTUK IX.

1. E.C. Pienaar, Taal en Poësie, pg. 591.
2. Dr. Abel Coetzee, C.M. v.d. Heever - die wese van sy kuns, pg. 23.
3. ibid, pg. 76.
4. ibid, pg. 23.
5. Dr. G. Dekker, Afr. Litt.-Gesk. pg. 126.
6. Willem Kloos, Veertien jaar Litt. Gesk. I, opstel Over Kritiek.
7. Dr. G. Dekker, t.a.p. pg. 125.

## HOOFSTUK X.

## VERTWYFELING EN ONRUS LEI TOT SINISME EN OPSTAND TEEN DIE GODDELIKE.

Die houvas van die calvinisme op ons poësie het 'n hoogtepunt bereik toe die Afrikaanse letterkunde nog in sy kinderskoene gestaan het. Die Eerste Taalbeweging was in werklikheid dan ook die tyd van onvergelykbare godsdienstigheid en die godsdiens sou daarna nooit weer word wat dit gedurende hierdie periode was nie; want Totius, hoewel suiwerder hy ook as sy voorgangers in sy geloof gewees het, het tog sonder twyfel oomblikke van diepe twyfel beleef, en na hom was daar nooit weer sprake van 'n onwankelbare geloof of vertroue nie.

Die vertwyfeling wat dus sy verskyning by ons mees religieuse digter gemaak het, het daarna al sterker geword en die onrus het langsamerhand tot 'n groot mate van sinisme gelei, totdat dit in die werk van sommige van die jongeres opvlam tot heftige opstand. Met die koms van die Lucifersgedagte hoor ons dan ook duidelik die gelui van die doodsklok oor die calvinisme, want alhoewel die algemeen-godsdienstige seker nooit uit die lewe van 'n volk, en gevolglik ook nooit uit die volkse letterkunde en nog minder uit sy poësie sal verdwyn nie, is dit tog duidelik dat ons jonger digters hieromtrent 'n besliste houding aanneem, veral as minstens een van hulle reeds openlik verklaar dat hy die calvinisme grondig haat.[1a] Maar om teen die calvinisme gekant te wees, beteken nog geensins om die godsdiens te haat nie, en hoe hoog die vlamme van opstand soms mag opslaan is dit tog duidelik dat daar in ons poësie geen minste teken van ateïsme te bespeur is nie. Die opstandigheid, onrus en vertwyfeling moet dus alleen beskou word as ontwikkeling en die innige begeerte vir hervorming, en daarom is dit ook moontlik dat al hierdie kenmerke in ons jonger en individualistiese poësie sal lei tot loutering van daardie gevoel wat van-

dag wel as godsdienstig beskou word, maar wat in werklikheid niks meer is as 'n oppervlakkige gehuigel nie.

EUGENE N. MARAIS.

Ons het reeds daarop gewys dat selfs die calvinistiese Totius nie altyd vry te spreek was van die vertwyfeling in sy godsdienstige opvatting nie, en ook dat hierdie onsekerheid in 'n baie groot mate aan te tref was in die tog godsdienstige Jan Celliers; terwyl Leipoldt reeds van die begin af tekens van "afvalligheid" toon en later byna 'n suiwere panteïs word. Die anti-Christelike, of liewers die anti-calvinistiese, is dus 'n kenmerk wat vroeg reeds in ons poësie te bespeur was. Hierdie afdwaling van die calvinistiese opvatting dat die saligheid alleen te vind is in die navolging van die leer van Calvyn en dat in hierdie leer die enigste ware geloof skuil, is egter in verre die sterkste by Eugene Marais aan te tref.

Soos by meeste van ons digters die geval is, was Marais ook afkomstig uit 'n vrome ouershuis en hierdie feit word veral duidelik weerspieël in sy vroegste versies waar die godsdienstige nogal 'n groot voorrang geniet het. "Sy Latynse kennis was buitengewoon, deels omdat hy dikwels Sondae uit die Bybel en veral uit die Psalms oorsettings van die vulgaat in Engels sit en doen het." 1) Een van sy eerste Engelse versies "There shall be no more sea", is dan ook gebaseer op Openbaring 21. 1. 2), en hierin merk ons duidelik die invloed van die calvinisme:

> However great man's boasted might may seem,
> "He's like a bubble floating down some stream
> When launched on thy remorseless bosom; He
> Who stilled the waters of stormy Galilee
> Is thy sole master; 't is he that guides the
> fisher's bark,
> While night, with livid lightning lit, hangs dark
> Upon thy troubled waters, and to Him we'll flee
> For refuge, when there shall be no more sea." 3)

Ongeveer dieselfde tyd verskyn ook nog die mooi gediggie "Love" waarin hy afsluit met die woorde:

> Love holds the Universe in sway,
> "All other powers above;
> The sphere its marvellous might obey
> And God Himself is Love!" 4)

Alhoewel sy vroegste jeugwerk dus 'n oorheersende gods-

dienstige kleur vertoon, het hy nogtans lank voor sy twintigste jaar reeds bewys gelewer dat hy met die enge calvinistiese opvatting van „my geloof en my kerk" is alleen reg, nie saamgaan nie, en so skryf hy in 1891 onder die skuilnaam Africanus Junior, die rym „Gert Senekal" met die uitsluitlike doel om die verskillende twistende kerkpartye van daardie tyd tereg te wys.[5] Op die tema „Abou ben Adhem" vertel die ouderling aan die Engel dat hy dink hy die reg het om voor God genoem te word omdat hy die Heer en sy kerk lief het, en vir laasgenoemde al jare werk sonder die minste beloning of dank. Hierop antwoord die Engel egter:

> ......Jy het niks gedaan
> "Dat jou naam waardig maak om hier te staan."

Na 'n jaar verskyn die Engel weer en dan antwoord Gert Senekal op 'n ander wyse:

> Ek het God lief bo wêreld en bo al;
> "En langes God is dit my wens
> om dierbaarste te hou my ewe-mens.
> My kerk en alles sou ek wil verlaat
> Om my net skoon te hou van mense-haat."

Dan plaas die Engel sy naam bo-aan die lys, en Marais het sy les duidelik geetel naamlik, dat daar baie dinge is wat hoër staan as die enge kerklike godediens.[6]

Daar word deur beide persone wat die digter seker die intiemste gekon het d.i. Dr. Preller en sy biograaf du Toit, op die verdraagsaamheid van Marais teenoor die godsdiens gewys, maar dat hy wel alle vorms van skynheiligheid in die godsdiens verfoei het is duidelik soos die voorval in die Uitvoerende Raad van die Z.A.R. getuig: Eugene was parlementêre verslaggewer en het onopsetlik 'n snedige opmerking van die voorsitter van die Raad gehoor wat hy gebesig het aan 'n vriend i.v.m. een van hul medelede. Die volgende dag het Marais die geval as volg gerapporteer: „I had never thought that the chairman, that religious man, with eyes turned up and mouth turned down, whose every word is oiled with the grace of God, whose every phrase is mingled with biblical allusions, - I had never thought, I say, that this man could utter anything he would blush to see published."[7] Alhoewel die digter destyds slegs 18 jaar was

het hy hiermee tog duidelik gewys wat hy van die fariseeragtigheid van die groep „ek slaan my oë op na die berge" met al hul onderduimsheid en agter die godsdiens skuilery dink. Die daarom seker nie te vergesog as ons beweer dat dit hierdie verfoeilike in die calvinisme was wat hom daarvan weggedryf het en van hom gemaak het 'n verwerper van die bestaande as-waarheid-aangeneemde godsdiens nie. Want hierteenoor wou hy liewers wees die soeker na hoër lewenswaarhede, waarna hy in werklikheid ook gestreef het tot op die laaste toe.

Sy lewenshouding wat Dr. Preller opsom met die twee woorde: „melankoliek moeë,"[1] moet ons grotendeels ook uit hierdie oogpunt beskou, naamlik dat die hele lewe vir hom 'n kruipende onderduimsheid was waarin die sogenaamde kerkmense die vernaamste rolle gevul het. Sy swaarmoedigheid het dan ook nie juis gespruit uit die dood van sy vrou nie, maar was 'n natuurlike proses wat langsaam gegroei het as gevolg van die sieklike huigelagtigheid van die lewe, wat op sy gevoelige digtersiel alleen een gevolg gehad het naamlik, 'n pessimistiese verbittering. Daarom dat hy die grootste deel van sy medemense beskou het as 'n klomp kwiksotte wat hy op sy fyn-spottende manier gelyk gegee het want:

wat van sulke dinge
"kan 'n kneg tog weet?"

Hoewel Eugene Marais dus gedurende sy jeug sterk godsdienstig gesind was en later baie verdraagsaamheid vertoon het met die gelowiges, sal ons hom nie juis kan beskou as 'n godsdienstige nie! By hom is daar eerstens nie die lewensblyheid van die gelowige Christen te bespeur nie, (of die blyheid wat daar behoort te wees nie) en bestaan die lewe slegs uit 'n aaneengeskakelde ketting van eensaamheid, vertwyfeling, verbittering en sinisme. Hierdie eienskappe kom reeds baie sterk uit in sy eerste mooi gediggie „Wintersnag", waar die koue ooswind 'n „treurige wysie" sing, en waar op die enkele grashalms wat in die „brande" verspreid staan, die paar doudruppels gou „verbleik .... tot ryp in die koue!" Hierdie eerste juweeltjie in ons poësie is dus nie alleen die duidelike wegbreek van die ge-

rym van die Eerste Beweging nie, maar dit is ook die eerste teken – 'n baie duidelike teken – dat die calvinisme van die vorige eeu nie langer meer 'n alleen-rol in ons literatuur sou speel nie. Winternag dra nie slegs die duidelike tekens van vertwyfeling nie, maar dit bevat ook die eerste kiems van verset, 'n verset of opstand wat gerig is teen die ortodokse godsdienstige opvatting van veral die ou testament.

Hierdie „donker" gedagtes van Marais tref ons selfs aan in daardie gediggie waarvan Preller beweer dat dit saam met „Die Smid" miskien die enigste is waar die digter nie sy melankoliese moegheid vertoon nie,9) naamlik „Klaas Vakie". Want ook hier merk ons alleen die swaar swart donkerte om die „smarte lyfie" wat uit die „skadu" met sy „swart manel" te voorskyn tree, terwyl „die nag so swart as kruit" oor alles wag! En as tant Sannie vermaan om bed-toe te gaan:

dan kom hy weer van daárvandaan
"en trap so soetjies in my spoor!"

Sien ons nie in die swart maneldraer en sy spoortrappery reeds die kern van „Donker Stroom" nie? Dog hierdie vernietigende pessimisme van die digter word baie duideliker aangetref in sy bekende „Mabalel", waar die vrolike meidjie die jong lewe verteenwoordig, en wat singende die „stille, brede Rakwen'" tegemoet gaan, Rakwen' waar „die witgepluimde riete" in al hulle blankheid en reinheid tog van beter weet en dus „'n treurig wiegelied" liepel. Die digter wat reeds deur sy diep en donker waters gegaan het wil haar waarsku teen „die vreeslike gesol", en die of hy nie kan glo dat daar nog mense is wat „niks gewaar" van „die dreigende gevaar" wat die lewe werklik is nie. Daarom is sy vraag aan Mabalel ook so vol vreesbevangs:

Voel jy nog nie, kil en snood,
"om jou hart die skadu van die dood?" –

Maar onderwyl ons niksvermoedend voortbeweeg wag Lalele die metgesel van Rakwen, hulle wat verteenwoordig die:

Kwintessens van alles boos,
"die wreedheid self, meedoënloos."

En daar by die skynbare kalme watermeidenheid is die riete reeds besig om 'n „rouband .... van swart verdriet" te bind! Mabalel

rym van die Eerste Beweging nie, maar dit is ook die eerste teken – 'n baie duidelike teken – dat die calvinisme van die vorige eeu nie langer meer 'n alleen-rol in ons literatuur sou speel nie. Winternag dra nie slegs die duidelike tekens van vertwyfeling nie, maar dit bevat ook die eerste kieme van verset, 'n verset of opstand wat gerig is teen die ortodokse godsdienstige opvatting van veral die ou testament.

Hierdie „donker" gedagtes van Marais tref ons selfs aan in daardie gediggie waarvan Preller beweer dat dit saam met „Die Smid" miskien die enigste is waar die digter nie sy melankoliese moegheid vertoon nie,[9] naamlik „Klaas Vakie". Want ook hier merk ons alleen die swaar swart donkerte op die „snaakse lyfie" wat uit die „skadu" met sy „swart manel" te voorskyn tree, terwyl „die nag so swart as kruit" oor alles wag! En as tant Sannie vermaan om bed-toe te gaan:

dan kom hy weer van daárvandaan
"en trap so soetjies in my spoor!"

Sien ons nie in die swart maneldraer en sy spoortrappery reeds die kern van „Donker Stroom" nie? Dog hierdie vernietigende sinisme van die digter word baie duideliker aangetref in sy bekende „Mabalel", waar die vrolike meidjie die jong lewe verteenwoordig, en wat singende die „stille, brede Rakwen'" tegemoetgaan, Rakwen' waar „die witgepluimde riete" in al hulle blanken reinheid tog van beter weet en dus „'n treurig wiegelied" lispel. Die digter wat reeds deur sy diep en donker waters gegaan het wil haar waarsku teen „die vreeslike gasel", en die of hy nie kan glo dat daar nog mense is wat „niks gewaar" van „die dreigende gevaar" wat die lewe werklik is nie. Daarom is sy vraag aan Mabalel ook so vol vreesbevange:

Voel jy nog nie, kil en snood,
"om jou hart die skadu van die dood?" –

Maar onderwyl ons niksvermoedend voortbeweeg wag Lelele die metgesel van Rakwen, hulle wat verteenwoordig die

Kwintessens van alles boos,
"die wreedheid self, meedoënloos."

En daar by die skynbare kalme waterhelderheid is die riete reeds besig om 'n „rouband .... van swart verdriet" te bind! Mabalel

het die lewe singende ingegaan om alleen blymoedig-wreed weer daaruit te verdwyn. Al die kortstondige vreugde en vrolikheid is maar net 'n grap wat deur die lewe op ons uitgehaal word, en as dit jou eenkeer weggeruk het dan is al die geloof op redding en herlewing 'n klug, want:

„terugkom sal sy, - nimmermeer!"

Dieselfde hardvogtigheid en koue sinisme wat in Mabalel so duidelik deurgestraal het vind ons ook in Mahlo-a-Maledi; hier net meer direk en minder in die simboliese. Wreed-spottend- as mens so iets wel by Marais kon verwag - klink sy woorde as hy dink aan klein Marie wat so bitter moes ly wyl haar Moeder gelowig gebid het:

tot Hom wat alle kleintjies lief had, en hul reg,
"g'n enkel een 'n druppel water sou ontseg, -"

Maar het Hy gehoor, Hy die liefdevolle kindervriend en Vader?

en dag na dag, en nag na vreeslik' nag,
"was al haar smeke onverhoor, haar trane opgeeg."

Bitter klink sy laaste vaarwel aan die kleintjie dan ook:

Vaarwel Marie!
"ek weet dit nie
tot wie so groot genoeg dit kon trek
jou reine onskuld op die vreeslik' pynbank uit
te rek;"

Dit laat ons dink aan die woorde van Multatuli: As God 'n werklike God is dan moet Hy 'n God van liefde wees; maar waar is die liefde hier? Watter doel word met sulke sadistiese pyniging beoog, wie kan in so'n handelswyse behae skep. 'n Christen-God? Voorwaar dan kán Hy geen God wees nie!

Dit was hierdie openbaringe van die lewe wat Eugene Marais verbitter het, verbitter het tot die swartgalligste pessimis in ons poësie, sodat hy selfs later nie eers meer probeer het om na 'n oplossing van die groot Geheim te strewe nie en maar net fatalisties kon spot:

Dus onverlee
"lag ons maar mee
met elke toer
van Skoppensboer!"

Geen wonder dat hy met verlange uitgesien het na die „donker stroom" wat sy peillose smart en lewensmoegheid moes uitwis nie; en toe die diep rivier nie na hom wou vloei nie het hy besluit

om homself daarin te werp en so te vervul wat hy reeds jare van te vore geskryf het: „In een van die oudste Egiptiese handskrifte, die beroemde Tweegesprek tussen die skrywer en sy eie siel, kom die digter tot die gevolgtrekking dat die blote bestaan van die siel gegrond is op verdriet en pyn, en dat daar slegs een volmaakte middel is: om self 'n einde aan die bestaan te maak!"[10]

Oor hierdie laaste daad van die digter laat Preller hom as volg uit: „Ons geloof verbied dit en Eugene Marais was nie 'n ongelowige nie".[11] Nee, hy was nie 'n ongelowige nie, maar net so min as wat hy hom in sy lewe aan die „ware" geloof gesteur het, of liewers net so onsydig as wat hy daarteenoor gestaan het, net so min sou hy hom seker ook gedurende sy laaste worsteling daaroor bekommer net, naamlik wat die gelowiges nou eintlik oor sy daad sou dink. Marais was die eenling gedurende sy hele lewe en hy het verkies om die lewe sonder hulp uit te gaan. Hierdie uitsonderlike dood van hom roep dan onwillekeurig ook sy woorde terug wat hy geuiter het op die eiland Chiloaan:

God van ons Vaders, bly U wil bestaan,
"leer ons genadiglik die dood blymoedig in te gaan."

Dis een van die calvinistiese leerstellings, maar 'n stelling wat dikwels net in teorie bestaan - want hoeveel van die gelowige Christene is gewillig om die donkerstroom, of net die een skrede wat hulle daarheen sal voer, blymoedig in te gaan? Marais het hulle - hoe die daad ook deur hul mag afgekeur word - hierin 'n voorbeeld gestel, en was tenminste dapper genoeg om die grens te oorskrei wat hom sou beland in die diep rivier wat uiteindelik moes voer na óf 'n oord waar geen pyn meer sou bestaan nie, óf wat die onverklaarbare geheim sou oplos.[12]

## TOON V.D. HEEVER.

Vanaf die verskyning van Toon v.d. Heever se „Gedigte" tot vandag nog, is die digter deur die meerderheid van ons kritici aangeval en uitmekaargeskeur, grotendeels as gevolg van sy selfstandige houding in verband met die godsdiens. Want in die

om homself daarin te werp en so te vervul wat hy reeds jare van te vore geskryf het: „In een van die oudste Egiptiese handskrifte, die beroemde Tweegesprek tussen die skrywer en sy eie siel, kom die digter tot die gevolgtrekking dat die blote bestaan van die siel gegrond is op verdriet en pyn, en dat daar slegs een volmaakte middel is: om self 'n einde aan die bestaan te maak!" 10)

Oor hierdie laaste daad van die digter laat Preller hom as volg uit: „Ons geloof verbied dit en Eugene Marais was nie 'n ongelowige nie". 11) Nee, hy was nie 'n ongelowige nie, maar net so min as wat hy hom in sy lewe aan die „ware" geloof gesteur het, of liewers net so onsydig as wat hy daarteenoor gestaan het, net so min sou hy hom seker ook gedurende sy laaste worsteling daaroor bekommer het, naamlik wat die gelowiges nou eintlik oor sy daad sou dink. Marais was die eenling gedurende sy hele lewe en hy het verkies om die lewe sonder hulp uit te gaan. Hierdie uitsonderlike dood van hom roep dan onwillekeurig ook sy woorde terug wat hy geuiter het op die eiland Chiloaan:

God van ons Vaders, bly U wil bestaan,
"leer ons genadiglik die dood blymoedig in te gaan."

Dis een van die calvinistiese leerstellings, maar 'n stelling wat dikwels net in teorie bestaan - want hoeveel van die gelowige Christene is gewillig om die donkerstroom, of net die een skrede wat hulle daarheen sal voer, blymoedig in te gaan? Marais het hulle - hoe die daad ook deur hul mag afgekeur word - hierin 'n voorbeeld gestel, en was tenminste dapper genoeg om die grens te oorskrei wat hom sou beland in die diep rivier wat uiteindelik moes voer na óf 'n oord waar geen pyn meer sou bestaan nie, óf wat die onverklaarbare geheim sou oplos. 12)

## TOON V.D. HEEVER.

Vanaf die verskyning van Toon v.d. Heever se „Gedigte" tot vandag nog, is die digter deur die meerderheid van ons kritici aangeval en uitmekaargeskeur, grotendeels as gevolg van sy selfstandige houding in verband met die godsdiens. Want in die

godsdiens geld die spreuk nou eenmaal - dit maak nie saak of jy Christen, Mohammedaan, Boeddhis of wat ook al mag wees nie - as jy in Rome is moet jy jou soos die Romeine gedra, anders moet jy Rome verlaat. En al verlaat jy Rome, dan word die verwyte nog agter jou aangeslinger en dien jy as ope skyf vir alle godsdiensverkondigers om voorgehou te word as iemand soos wie 'n goeie gelowige nie behoort te wees nie. Daar is in die godsdiens dus weinig plek vir mense wat „anders" is. Godsdiens beteken geloof en geloof beteken slegs die „regte" geloof, wat vir die Christen die Christelike is, vir die Mohammedaan die Mohammedaanse en so aan tot by die belaglikste kinderagtigheid van wie weet watter barbaarse godesaanbidding. Om hierdie rede is dit dat Toon v.d. Heever die stiefkind van die Afrikaanse poësie geword het, want sy digkuns is in 1919 uitgemaak en aangeval asof dit uit die bose gekom het, en „selfs vandag is dit nie gewoon en sal dit seker ook nie word nie," skryf Dr. Kritzinger.[13] Want soos in 1919 toe die kritiek van die standpunt uitgegaan het dat „Gedigte" alleen studente verwaandheid is en jeugdige onbesonnenheid, so praat sommige van ons vooraanstaande letterkundiges vandag nog van 'n ontwrigte lewensbeskouing,"[14] en 'n „vertroebelde lewensvisie."[15] Maar al hierdie here ons kan sê wat nou juis die teenoorgestelde is van 'n „ontwrigte lewensbeskouing. Sal dit wees 'n calvinistiese, of 'n nasionaal-Calvinistiese? En sal dieselfde resensente dan verduidelik of ons ooit 'n groter ontwrigting kan aantref as wat daar op die oomblik plaasvind in hulle „suiwere en gevestigde" lewensvisie, of altans die van hul geloofsgenote, waar massaslagting, vernietiging, haat, kleinsieligheid en al die res, hoogty vier! As ons Christen-calviniste hierop 'n eerlike en bevredigende antwoord kan gee, sal ons moet toegee dat dit vir hulle nie nodig is om hulle mooiklinkende maar ontsielde teorieë in die diepste skuilhoeke te gaan begrawe nie.

Dit was hierdie verregaande skynheiligheid en selfaanmatiging wat vir v.d. Heever verdryf het van die algemeen-aangeneemde „smartvolle weemoed... de waarhede," en hom gevoer het tot die

geskokte godsvertroue, uitgedoofde lewensideale - wat soms oorslaan tot 'n bitter-vertwyfelende spotlag."[16] Want watter denkende mens wat nie net slaafs volg soos 'n skaap wat na die slagter gelei word, kan hierdie teenstrydighede wat vandag 'n hoogtepunt bereik het, maar wat tog altyd teenwoordig was aanskou, en dan nog praat van vertroebeling en ontwrigting? Frans v.d. Heever het geweier, soos baie voorgangers in die geskiedenis reeds gedoen het, en gevolglik daarvoor duur moes betaal, maar v.d. Heever was gewillig om te ly, bereidwillig om die woestyn ingedryf te word, eerder as om saam te praat en saam te bid met 'n klomp vrome huigelaars!

In hierdie opsig is daar dan tussen v.d. Heever en Eugene Marais 'n groot mate van ooreenkoms: "Hy (v.d. Heever) is begaan oor die raaisels van die lewe en die skynbare futiliteit van die verganklike stem hom tot die pessimisme wat by hom en Eugene Marais tot sinisme verloop soos in laasgenoemde se Skoppensboer."[17] Soos Marais is v.d. Heever die vereensaamde enkeling wat ware is vir die gehuigel van die openbare mening, in besonder die Christelike. Maar waar Marais verdraagsaamheid vertoon het of minstens hom nie oor hierdie teenstrydigheid bekommer het nie en alleen sy eie droewe lewenspad bewandel het, daar kon v.d. Heever dit nie laat om sy kastyders in hulle eie munt terug te betaal nie. Hy kan hom nie bedwing om soms die gésel te gryp en striemende wonde toe te dien nie; en juis hierin moet ons die oorsaak soek waarom Marais altyd deur die publiek sowel as deur die kritiek geduld is, terwyl Toon die volle aanslae van hul skeldtaal moes verduur.

Van die begin af was v.d. Heever gekant teen die hedendaagse lewensnorme, waar soms die smerigste vrek en die vuilste mens-vark die toonaangewende rol vul, uitsluitlik en alleen omdat hy die ondersteuning van 'n groot bankrekening het:

> Ons, wat verlepte soene walgend gaar,
> "moet in die spore van ontwyers loop."

En omdat dit een van die Christelike opvattings is naamlik dat hierdie soort, nie alleen in die lewe 'n hoofrol speel nie, maar saam met hom gelyk gestel word voor God, beveg hy dit met hart

en siel. Want hoe 'n samelewing moet dit dan wees waar „die arme van gees," die „aardryk beërwe," vra hy homself af? Liewers wil hy dan as eenling voortworstel as om met sulke geestelike slyk te meng. Alleen in sy afsondering wil hy uitstyg bo die verrotting van hierdie soort, of hy wil saam met 'n enkel vriend wat hy aanspreek as:

> Jy is 'n god, wat al jou skepping droom
> „en onbevlek in gulde sonlig doop,"

beur na die ewige blou van idealisme en sieleadel! Dog dan besef hy dat die lewe met hom en sy idealisme die spot dryf, sowel as met hulle wat hul kleinheid probeer wegsteek agter 'n kunsmatige grootheidswaansin, en hy sien in dat ons almal voor die gode slegs 'n nietigheid of niks kan wees nie - ons vorm maar net die newelagtigheid in die dun kant van die lewenstregter

> „Waar die mens sy klein toneeltjie speel en op sy rede roem
> Alvermoënd soos 'n suigeling, alwetend soos 'n sot,
> 'n Hanswors vir die Gode, 'n selftevrede sot."

As hy die lewe so aanskou dan groei sy verbittering tot 'n wrede sinisme, en die vraag ontstaan by hom of dit nie die beste is om maar net vir die hede te leef nie, want:

> As rantsoen vir jou liefde sou 'k die god'likheid verbeur,
> „ Vir die wellus van jou lippe bly die ewigheid verbeur."

Die Goddelike en Ewige het vir hom daarom nog minder beteken as die leë hede, en gevolglik kon hy geen groot liefde toon teenoor die hiernamaals en die bybelse God nie. Byna veragtend praat hy dan ook van die God met Sy „ysere simfonie" wat die mens geskape het met al sy menslike swakhede maar nogtans van hulle 'n bo-menslike optrede verwag.

> Het God gevoel 'n snaar gespan tot brekens in sy hart,
> „Het God gevoel verlangens wat verwesenliking tart,
> Hy sou hul nie geskape het as bakens van ons smart
> Waar hul so ongenaakbaar beef -"

Die Christelike God en godsdiens trek hom dus nie aan nie en al wat hy daar voor oor het is minagting, veral vir die volgelinge van hierdie geloof, wat van die vroegste eeue af nog niks anders as hulle onderduimse gehuigel. Sonder aan die dag gelê het nie as hulle onderduimse gehuigel. Sonder skroom diep hy hul verlede dan as volg op!

Toe kom Godshamer; die woorde dreun
"Soos hy spreek met swaard en met vuur,
En in naam van Christus die kinders vermoor
En hele lande laat smeul en laat smoor
Onder sang van Godslof daar 'n monikkekoor,
En verwoesting van skut en van skuur;
Want die naam van die Koning van Vrede dien vaak
As 'n leuse vir die wat stry
Vir eer, of vir goud en die lus om te buit,
Of die mag van 'n grensende volk te stuit
Of om rang in die volkery."

Daarom dat Radbod die ou „heiden" dan ook liefs die hel verkies as om saam met sulke huigelaars in dieselfde hemel te wees, en sy antwoord aan die prediker is saaklik:

Priester, jou hemel kan jy maar hou;
"Liefs daar as met Christen-graamtes daarbo,
Te gierig te eet, net ruim om te glo."

In „Mania Blasphemantoria" tref ons dieselfde gedagte aan - net meer verbitterd omdat hierdie godsdienstiges werklik daeliks besig is om hul eie God te onderkruip - mekaar eiehandig uitmoor of beroof, en dan van beide kante met 'n vroom gesig bid:

„Gee redding, gee uitkoms, o Here!"

Die eienskappe wat die Christene in die algemeen openbaar en wat hom soms so verbitter, grotendeels as gevolg van die skynheiligheid daarvan, het hy onder ons eie volk des te beter opgemerk en aan die galg gehang. Hier egter het hy dit meer teen die godsdienstige opvatting en uitlewing van die calviniste, waar hy veral teen die predestinasie leer van Calvyn te velde trek. Dr. Kritzinger skryf: „hieroor word die skrywer bitter en skerp en ons voel dat hy dit veral teen die leerstelling het soos hy dit toe verstaan het."[16] Dit skyn asof prof. Kritzinger hiermee te kenne wil gee dat Toon v.d. Heever destyds 'n verkeerde begrip van die leer gehad het, maar die professor begaan sekerlik 'n fout as hy die skuld op die digter se mi verstand wil plaas, want hoe ons die saak ook al wil verklaar, dit bly tog maar een van die onmoontlikste stellings wat die calvinisme kan verkondig, en elkeen wat met oortuiging dit wil aanneem kan nie anders as om te voel soos die digter toe hy vir die eerste keer die ware betekenis daarvan besef het:

Die wee my God, ek voel dit nog, die wee
"Waarmee ek daardie kerkgebou verlaat het;
Dit het soos vure oor my siel geskroei;
Soos wurms in my murg geboor, my brein
Laat brand soos koors ....."

Met reg vra hy waarom God dan die mens bewus gemaak het van 'n ewige lewe en hom gebied het om te gehoorsaam:

"En toe, net soos 'n kind 'n hondjie terg,
"Dit weggeruk?"

Kan so'n handelswyse spruit uit die liefde van 'n God? Kan so iemand wat van die grondlegging af reeds besluit het: "Dat ek verdoem is," 'n God wees!

Dit was teen hierdie soort van ding dat Frans v.d. Heever die swaard getrek het. En nie so seer teen sulke verouderde stellings nie, want dit, het hy goed begryp het elke mens die reg om te verkondig, maar waar hy dit wel teen gehad het was dat die Christene so doodseker is dat hulle alleen reg het en dat alle andersdenkendes reeds verdoem is tot die ewige afgronde. Daarom was dit dat die digter sy spot soms nie kon bedwing nie, veral wanneer hy noodgedwonge moes luister na die stereotiepe gebed van die dominee wat met bombastiese stembuiging voor die skare optree, terwyl hul met nederige respek hulle hoofde buig:

Oneindig', ondeurgrondelik', Wese.
"Oor konings en oor heersers Vors!
Ons nader U in stof en vrese,
Wat op U vloer die volk're dors.
O God ......"

en die antwoord van v.d. Heever is tipies van wat hy werklik van hierdie soort gedoente dink:

By God? O, ek was glad van streek,
"Ek was van mening dat met die gebrange
'n Ringkop sy kaptein toespreek!"

Kan ons, wat met hierdie holle woordespel daeliks in aanraking kom die digter kwalik neem? Laat meeste van die gebede wat in biduure gehoor word ons nie dink aan 'n inboorling indoena wat sy opperhoof vir een of ander rede wil paai nie! En soos die digter die holheid van die godsdiens raaksien, so verwys hy ook na die dubbele valsheid van die politiek, wat naas hulle politieke gehuigel ook nog altyd besig is om die naam van God in te sleep vir eie gewin. In ons land altans, is die twee begrippe dan ook feitlik onafskeidbaar en daarom roep hy met bitterheid uit:

"Ydelheid, vriend; louter ydelheid."

Soms skyn dit of v.d. Heever hom wel te buite gegaan het in sy aanval teen die Christelike geloof en dat die algemene teenstand wat sy werk uitgelok het grotendeels aan homself te wyte is. Dit mag waar wees, want dis onteenseglik waar dat hy dikwels bloedige wonde toegedien het aan hulle wat met waardige stemme en opgeslane oë nie gebloos het om die sentiment en goedgelowigheid van die massa uit te buit, totdat daar van 'n eie denkwyse nie meer sprake was nie. Maar moet ons die digter hieroor aanval Christus het immers self die géeel gebruik in die suiwering van die tempel! En wat v.d. Heever teen die geloof uitgebring het, of liewere teen die skyngeloof, kan ongelukkig vandag nie bestry word nie. Hy was heftig teen die Christelike godsdiens gekant, veral teen die metode waarop dit uitgeleef is, maar dat v.d. Heever self 'n ongelowige was durf nie beweer word nie, want daaroor het hy bewys in sy werk gelewer. Diep in sy siel het hy altyd gehunker na die volmaakte Goddelike, na die opregte skone, en na die ewig liefdevolle. Daarom dat hy byna met smartvolle verlange by die aankyk na die spel van kinders kan sug:

> Kon ons maar soos hulle die wêreld verag
> "En spot met sy wel en sy wee."

En die deinende vlaktes waar die wasigras soos gelukkige skape oor die velde huppel laat hom met 'n diep-weemoedige mymering terug verlang na die wydtes:

"Waar 'n mens nog vry kan asemhaal en aan 'n God kan glo!
Hier sien hy die ewige gang van die lewe, en hier kan hy die
alomteenwoordigheid van 'n God gevoel wat Hom meester maak van
die mens se siel en lewe, sonder dwang of sonder vrees vir 'n
vernietigende hel daarna.

Wat ons dus ook mag dink van die poësie van Frans v.d.
Heever, ons kom tog nie van die idee weg dat onder al die skyn-
bare barsheid, daar nog 'n hart klop wat smagtend wag op die
oplossing van die groot Geheim nie. Sy siel wag verlangend
om met die ruising van die sandwind te sweef na die hoëveld van
sy kinderjare waar hy as kind nog begerig is om in die kinder-
like geloof van sy moeder te glo. Met droefheid en heimwee

moet hy gevolglik ook erken dat die weg van die Goddelike ondeurgrondelik is:

> U yster-septer was ons Hoop, o Heer,
> "Sou hul verbrysel soos 'n pottebakkersvat.
> Maar ondeurgrondelik steeds is U beleid;
> So het 'k dit nie kon dink nie -
> Nee, nie so nie."

E.A. SCHLENGEMANN.

Opvallend by Schlengemann is sy liefde vir die ou godeleer, en 'n mens wonder soms of hy, indien die lewe aan hom langer gespaar was, nie moontlik in die voetspore van Toon v.d. Heever sou volg nie, want reeds met sy eerste bundel is die ooreenkoms tussen die twee dikwels klaar en duidelik.

Schlengemann se teenstand teen die konvensionele blyk duidelik uit die gedig "Aan Prometheus," wie hy besing as:

> "Trotse Rebel teen Almags dwinglandy!",

en sy versoek aan hierdie held uit die verlede is dan ook:

> Ons is 'n jeug wat nog opstaan en stry
> "Van Nougesetheidsmag te word ontslae.
> Verlos ons van konvensies' slaafse tug,
> Leer ons die Waarheid soek, en maak ons vry!"

Die lied van die Wiking ter ere van sy eie gode en ten koste van die leer van Christus, is mens dan ook geneig om te sien in die lig van die digter se persoonlike oortuiging:

> Nie vir ons 'n god van vrede'.
> "nie vir ons sy sagte leer!
> want met ootmoed in gebede
> kan geen Wiking hom verneer!
> Wotan is alleen ons god,
> heldeloos sy gebod!"

Hiermee moet nie vir 'n oomblik aangeneem word dat Schlengemann moontlik 'n heidense leer aangehang en wou verkondig nie, maar alleen dat hy nie 'n voorstander van die Christelike was nie en dat hy in die geloof van die ou Noormanne, die Grieke en die Romeine net soveel goeds bespeur het as dit waarop die Christene roem - en moontlik meer.

In 'n groot mate was Schlengemann hedonisties aangelê en trek hy gevolglik te velde teen die vrekkerige gierigaard, sowel as teen die idealistiese dromer wat beide blind is en nie kan geniet wat die hede in volle teue skenk nie. Vir hom is almal, eerwugtiges en dromes wat net na die toekoms wil staar,

'n klomp sotte, en daarom getuig hy:

> Sug dan nie oor gister, nog vir môre se bewe;
> "Vandag is die tyd waarin ons moet lewe!"

Hierdie hedonistiese strekking is nie by een van ons digters so sterk aan te tref nie, want alhoewel I.D. du Plessis en 'n paar ander duidelike tekens daarvan toon en Frans v.d. Heever met uiterste sinisme die Christelike leer verwerp en hom alleen wend tot die hede, het daar by hul almal tog altyd 'n hoër strewe oorgebly soos hulle persoonlike lewes ook getuig. Schlengemann egter roep in wanhoop uit:

> Ag wat help die blinde oneindige strewe
> "na die goud aan die reënboog se end?"

Alles is tog maar ydelheid en al wat oorbly is net die teenwoordige:

> Vandag sal ek drink v[illegible] die wyn van die lewe
> "en wees met 'n slukkie kontent.
> O, drink van die vreug wat jy nie kan weggee –
> drink diep – o, my siel, want daar's niks nie hierna."

Sulke verbittering en wanhoop kon dan ook net gelei het tot 'n doodsverlange wat selfs sy hedonistiese wellus op die duur nie kon onderdruk nie, en hy verplig was om te erken:

> Ek was moeg vir die wêreld en sy mense;
> "en moeg vir die strewe en stry;
> en moeg vir gedagtes en drome
> en wense wat nêrens heen lei;
>
> Ek was moeg vir die tyd'like vreugde
> van wellus en weelde en wyn;
> en moeg vir die werklike lewe
> van twyfel en droefheid en pyn –."

Daar het vir hom dus totaal niks oorgebly nie as alleen die holheid van die werklike waardeur hy hom moes heen beweeg nie. Daarom klink die woorde van Prof. Francois Malherbe ook vreemd en onwaar as hy beweer dat Schlengemann „graag net wou lewe."[19)] Maar moontlik dien dit as stawing vir die gedagte wat reeds in die inleidende hoofstuk van hierdie werk geuiter is, naamlik dat niks bestendig is in die lewe nie, want wat die een dag so is, is die volgende dag weer anders, en nooit kan 'n opregte oordeel gevel word oor die innerlike roersele van die mensesiel nie. Maar tog bly Schlengemann, afgesien hiervan, een van die interessantste figure in die Afrikaanse poësie en moet sy vroeë dood betreur word, veral omdat hy, in teenstelling met Toon

v.d. Heever, deur die kritici uiters goedgunstig ontvang is, en daarom sou die uitbreiding van die godsdienstige in sy werk, later 'n besondere studieveld kon bied.

UYS KRIGE.

> Die pad deur die woestyn is eindeloos.
> "Die mens se leed is soos die pad deur die woestyn.
> Die mens se leed is eindeloos."

In hierdie drie droefgeestige reëls het Uys Krige feitlik sy hele lewensopvatting aan ons blootgelê. Droefheid, eensaamheid, leed, wroeging, 'n ondeurdringbare geheimenis, verganklikheid waar die dood oor alles heers, wanhoop, doelloosheid en 'n narrespel - daaruit bestaan sy lewensweg, dié lewensweg vir hom! In ons ganse letterkunde word daar selde so'n hoë mate van wanhoop en droefheid, gepaard met totale vertwyfeling wat soms oorslaan tot die uiterste mate van verbittering en sinisme aangetref. Alleen Eugene Marais kan hierby vergelyk word wanneer ons na sy grillerige kerkhof-treurlied moet luister:

> Gewis is alles net 'n Grap!
> "Ons speel in die komedie mee
> geblinddoek met 'n lamferlap
> wat selfs die son 'n skadu gee."

Uys Krige ons romantiese swerwer; hy wat die lewe in al sy uitinge gesmaak het en wat dus sekerlik geregtig is om met gesag te praat, by hom vind ons alleen uiterste pessimisme en verslaendheid! Geen hoop of opbeuring, geen vonkie van geloof in 'n moontlike gelukkiger namaals nie - alleen smart en eensame droefheid met 'n enkele skrale troos van:

> O sluk die vog wat in die bekers blink!
> "Kyk, in elk kruik of kelk, diep weggesink, die ster
> glim daar soos goud of vonk soos vuur,
> wat ons tot vrolikheid en vreugde wink."

Maar wanneer die glase in skerwe lê en die sinlike vreugde met benewelde brein en slepende tong tot 'n dronke hoogtepunt gevoer is, dan klink daar spottend deur die feesrumoer die stem:

> Onthou hoe kort die fees, hoe lank die nag, my broeders, dink
> " aan hom, die kelner wat sal kom .... O hy sal skink,
> Wrang, suur, onsmaaklik, daardie allerlaaste drank:
> die grys brakwaters van die Dood - en jul sal drink."

Reeds in sy eerste bundel het Krige duidelik getoon dat die blymoedige by hom 'n ongekende en vreemde begrip is, want

v.d. Heever, deur die kritici uiters goedgunstig ontvang is, en daarom sou die uitbreiding van die godsdienstige in sy werk, later 'n besondere studieveld kon bied.

UYS KRIGE.

Die pad deur die woestyn is eindeloos.
"Die mens se leed is soos die pad deur die woestyn.
Die mens se leed is eindeloos."

In hierdie drie droefgeestige reëls het Uys Krige feitlik sy hele lewensopvatting aan ons blootgelê. Droefheid, eensaamheid, leed, wroeging, 'n ondeurdringbare geheimenis, verganklikheid waar die dood oor alles heers, wanhoop, doelloosheid en 'n narrespel - daaruit bestaan sy lewensweg, dié lewensweg vir hom! In ons ganse letterkunde word daar selde so'n hoë mate van wanhoop en droefheid, gepaard met totale vertwyfeling wat soms oorslaan tot die uiterste mate van verbittering en sinisme aangetref. Alleen Eugene Marais kan hierby vergelyk word wanneer ons na sy grillerige kerkhof-treurlied moet luister:

Gewis is alles net 'n Grap!
"Ons speel in die komedie me
geblinddoek met 'n lamferlap
wat selfs die son 'n skadu gee."

Uys Krige ons romantiese swerwer; hy wat die lewe in al sy uitinge gesmaak het en wat dus sekerlik geregtig is om met gesag te praat, by hom vind ons alleen uiterste pessimisme en verslaendheid! Geen hoop of opbeuring, geen vonkie van geloof in 'n moontlike gelukkiger namaalse nie - alleen smart en eensame droefheid met 'n enkele skrale troos van:

O sluk die vog wat in die bekers blink!
"Kyk, in elk kruik of kelk, diep weggesink,
glim daar soos goud of vonk soos vuur, die ster
wat ons tot vrolikheid en vreugde wink."

Maar wanneer die glase in skerwe lê en die sinlike vreugde met benewelde brein en slepende tong tot 'n dronke hoogtepunt gevoer is, dan klink daar spottend deur die feesrumoer die stem:

Onthou hoe kort die fees, hoe lank die nag, my
breeders, dink
" aan hom, die kelner wat sal kom .... O hy sal skink,
Wrang, suur, onsmaaklik, daardie allerlaaste drank:
die grye brakwaters van die Dood - en jul sal drink."

Reeds in sy eerste bundel het Krige duidelik getoon dat die blymoedige by hom 'n ongekende en vreemde begrip is, want

in „Lied van Kalomien' klink dit wenend:

> – Sal die lot my tot die afgrond voer
> "van verdriet, diep en donker soos die nag."?

En in sy bekende „Nagreën" hoor ons in die sagte ruising van die reën sy eie droefgeestige siele-weeklag:

> Net soos een
> "wat daar ween
> siel-alleen
> moeg en mat
> skreiend, wat
> sonder troos,
> moedeloos
> nom vergeet
> in sy leed
> diep en breed,
> ongemeet
> – uitsigloos ...."

Skreiend is sy smart reeds hier wanneer hy dink:

> aan vroeggestorwe vreug – die skade wat daar deur
> "die onverbiddelike jare my berokken is ....,"

en aan sy weerlose onmag as hy besef:

> „daar's nie eén enkel ding wat ek verstaan,"

behalwe alleen die wete dat alles „te vergeefs" is, en daar slegs een waarheid bestaan naamlik: „dat jy en ek moet gaan," want:

> Ons dae blinddoek ons, so klein van krag,
> "Vir Dood, die beul, wat geduldig wag.
> Skavot-toe struikel ons, dáár waar hy staan,
> grynsend, gemasker, in sy donker drag."

Die hele bundeltjie skep 'n gees van smartlike droefheid, byna tere en bejammeringswaardige verbittering – want dís die eienaardige by Krige, dat net soos by Marais, sy verbittering eerder bejammerend is. Daar is geen geen felle aanslae teen die lewe en geen roekelose opstand teen die Goddelike nie, alleen weemoedige droefnis oor 'n voldonge feit.

„Rooidag" toon nie alleen 'n groot vooruitgang aan op letterkundige gebied nie, maar gee ook 'n vollediger beeld van Krige se lewenshouding wat reeds so sterk uitgebou is in Kamtering. Hier is in werklikheid geen nuwe idees te bespeur nie, maar die wat ons vroeër opgemerk het is vollediger weergegee en 'n mens voel dat dit 'n groter houvas op die digter gekry het en nou 'n deel uitmaak van sy werklike lewe. Vreed klink die eggo hier aan die begin as dit antwoord op die digter se

bede vir die verwesenliking van sy drome:

Verniet! Verniet!
Nooit" sal daar end kom aan jou klag...."

Die lewe sal dus duister en doelloos bly en ons self is soos 'n stuurlose boot op die wye oseaan, voortgedryf deur magtige stormwinde wat geen hoop het op die beskerming van 'n hawe nie. Hierdie wete bring groter verbittering en daarom sê hy dat: „Die Lot's 'n hanswors wat met lang-verwronge gesig slaan bol'makiesie" en wat nooit 'n antwoord gee op ons: „Waarheen, Waarom en die Wat-daar-voor...." nie!

Dit sou vir Krige nog moontlik gewees het om al hierdie feite te aanvaar, want per slot van rekening is dit alles tog maar deel van die Voorsienigheid - die ewige Onbekende wat vir die een net so duister en bitter is as vir die ander een, maar wat hom werklik dieper gegrief het as al hierdie onverklaarbare onbarmhartighede, was dat die mensdom self agter meeste daarvan geskuil het en dat hul daeliks besig is om hul medemens te uitoorlê, óf om hulle self te bevoordeel, óf om die reeds in duisternis-verkeerde massa nog dieper die donkerte in te druk. Hier het hy dit dan veral teen die onderduimsheid van die godsdienstiges, of liewers die gewetenloses wat die godsdiens as een van hul magtigste wapens beskou om daarmee 'n denklose en goedgelowige publiek om die bos te lei met fraaiklinkende slagspreuke en vlagswaaiery. Oor ons eie altyd op die voorgrond synde calvinisme skryf hy: „Drie dinge haat ek. Op eties en estetiese gebied: die Calvinisme, waar dit alles wat jonk, fris, kerngesond en lewensbly is, op hardhandig kunsmatige manier wil in die kiem smoor en totniet maak; en veral waar vermom, dit wil deurgaan as letterkundige kritiek."[20] Die huigelagtigheid van die Christendom in die algemeen word in „Die Lied van die Fascistiese Bomwerpers" gehekel. Maar vandag lyk die Fascisme van 1935 soos 'n onskuldige kind in vergelyking met die skynheiligheid wat die ganse wêreld in magtige vloedgolwe oorstroom het. En soos tóe 'n klein deeltjie gedoen het, skree byna die hele mensdom vandag saam met die moordende motore van die bomwerpers.

Ons is die redding,
"Ons is die skans, die setel,
die veilige heilige vesting
wit en hoog bo-op die berg se top.
Ons is die stem, die woord van God
wat bom en staal en lood en vlees en bloed geword het!

Lewe Christus, die Koning!"

Kan ons die digter kwalik neem by die [illegible] van so'n gedig? Is dit nie juis hierdie skandelike gehuigel van 'n Christelike wêreld wat die denkende mens al verder wegdryf van die greintjie geloof wat daar nog in sy diepste wese oorgebly het nie, is dit nie hierdie misbruikmaking van 'n Naam wat eens soos die sagte geruis van die reën die wêreldsiel kon verkwik, maar wat nou alleen die sinlose geskree van die gepeupel kan uitlok, of anders die weinige denkendes soos eensame swerwelinge die ledige ruimtes injang, omdat hulle weier om langer te glo aan 'n God wat deur die mens verlaag is tot 'n belaglike karikatuur nie? [illegible]arom dat die digter sy „Lied" afsluit met sulke, byna banal[illegible] [illegible]or[illegible]e soos:

Daar hang 'n jonkman aan die kruis,
"hy dra 'n doringkroon.
Sy oë is droewig,
droewer as die reën,
en sy wonde bloei aanhoudend.
Altyd sonder ophou
drup-drup sy warm bloed
af op die wêreld.
Wend julle na hom,
Hy sal verstaan.
Hy sal vergewe ......"

Was Krige voor die oorlog reeds tot die uiterste toe verbitter, die oorlog het hom geleer dat daar in hierdie lewe niks die moeite werd is om voor te leef nie, en dat alles ydelheid is soos eeue gelede al beweer is deur die wyse Salomo. Sy bundeltjie „Oorlogsgedigte" is dan ook in werklikheid van begin tot einde een lang klaaglied en weemoedige geween, af en toe onderbreek met 'n hartroerende gesnik, wat soms oorslaan tot 'n snerpende gil soos die laaste wanhoopskreet van die aanvallende soldaat, wat verstrik rank in die doringdraadversperring voor die moordende vuur van vyandige kannonne. Kan 'n mens tot sulke uiterste wanhoop gedryf word? Alleen hy wat werklik geworstel het deur die stikkende rookwolke van moderne vuurmonde, en gewalg het van die stinkende damp van half-gaar liggame wat

kort vantevore[illegible] mense was met 'n siel soos hyself, maar nou tot 'n pappery vertrap word onder die ruspers van staalmonsters, is natuurlik daartoe instaat – maar dan ook slegs hulle! Ons wat veilig op die agtergrond bly, wat gereeld nog op 'n Sondagoggend in die koel skaduwee van die koepeldak kan luister na die bekoorlike en strelende orreltone, ons kan net praat van Liefde en Hoop en Geloof, ons kan glo aan 'n Goddelike redding, ons kan met 'n vrome gesig bid: Here seën ons doringdraadversperrings, maak die trefafstand van ons kanonne groter, gee dat ons vlamwerpers die vyand onverhoeds betrap, en gee Here dat ons ons vyande mag vernietig tot die laaste een – want U Here kom mos die wraak toe, maar U weet ook mos dat ons die stryd voer om U leer te beskerm! En ons wat so kan bid met alle erns en opregtheid, en so kan vergader in die huis van God, ons kan nie sulke skreiende wanhoop verstaan nie, ons kan nie begryp hoedat 'n jong mens nie kan rus vind in die veilige arms en aan die liefdevolle boesem van sy Vader en sy God nie – maar dan ook slegs ons!

Vir Krige is daar egter nie meer Liefde en Hoop en Geloof nie, sodat selfs die vrolike tone van die klavier vir hom is:

> swaar
> "en diep
> en droewig,
> donker,
> donker,
> donker
> sy weeklaende
> dubbele akkoorde."

Krige is nie langer meer 'n „normale" mens nie – hy is die eensame soldaat wat aansloof deur die stof:

> 'n enkel vaal stippel
> " teen die nog valer vaal
> van die ontsaglike hemel;"

hy is die soldaat wat hom bevind op die pad wat kronkelend deur die vaal woestyn slinger; hy is dit wat hom beweeg:

> onder 'n vaal vuil leë lug,
> "vaal en vuil en leeg soos hierdie wildernis –";

sy pad deur die lewenswoestyn is eindeloos, eindeloos slinger dit voort en al wat daar vir hom nog bestaan is die vaal- en vuilheid, die grysheid wat is:

„soos die hoogste smart, die diepste leed,"
die grysheid wat alles oordek want:

„Die grys lig lê oor die hele wêreld, die ganse lewe."
Die oorlog het Krige gebreek. Die oorlogsgees het hom die eensame woestynpad laat kies bo die heerlike geloof in die God van die vadere!

N.P. VAN WYK LOUW.

Hoeveel stemme daar ook al verhef is teen hierdie Ismael in ons letterkunde, een feit staan vas, en dit is dat hy altyd probeer het om minstens eerlik teenoor homself te wees, eerlik in sy oortuiginge en eerlik in sy godsdienstige uitinge. Selde het van Wyk Louw sy emosionele gevoel weggesteek agter mooiklinkende Christelike gesegdes, maar hy het manlik tevoorskyn getree met dit wat hy gevoel het reg is, of dit nou ingedruis het teen die openbare gevoel of nie. Grense wou hy nie erken nie, en dikwels is gevestigde belange saam met die mure wat dit moes beskerm met woeste stormgeweld aangeval en vernietig tot op die grond toe, want sy „naakte siel wil sonder skroms" alles uiter wat daar diep in hom sluimer, en dan weer skielik opbruis; dit wil die „heil'ge, nooit-gehoorde dinge sê, waarvoor die mense huiwer ....," en in plaas van die niksbeduidende en ydele woordepraal wil hy die diep-deurwrogte waarhede openbaar. En as hy deur die waarheid moet weggedryf word van die twyfelagtige sekerheid van die samelewing, dan verkies hy liewers die vereensaming waar hy versoker van sie krag die maatskaplike stryd kan aanknoop:

.....met die oerkreet
"van alle dinge
smyt ek my tartende
skreeu in die sterre in,
waar ylweg my smart
weerklink langs die steiltes...."

Naas hierdie eerlikheidsopenbaring teenoor homself en die wêreld daarbuite, wil hy ook poog om sy eie siel te suiwer so

dat hierdie siel deursigtig word
"in vreemde voorgevoelde lig."

Hy wil alles verwyder wat in sy binneste vuil en onedel is, en
om dit te kan doen voel hy dat hy eerstens moet strewe na die

algehele Waarheid. Hy moet probeer om 'n oplossing te vind vir dit wat reeds so vele voor hom na gestreef het om te verstaan, en hy moet deurdring na die onpeilbare geheimenis van dit wat ons Lewe en Dood noem:

„Met oë wat blind-glasig was
en wyd van vrees en waan,
wou ek sien wat geen mens mag sien,
en wat geen mens begryp, verstaan."

Hierdie versingsgedagte van Louw, sy dors na kennis insake die „onmeetbare" en „ondeurgrondelike", het hom al nader gebring aan sy „Ik-ben-een-God"-idee wat later by hom herhaalde kere aangetref word. Want in sy soek en pogings om deur die kors van die oppervlakkige te dring om die diepere en edeler granietgoud te delf, het hy hom stadigaan begin beskou as 'n meer-Mens; daarom weier hy ook om sy stryd met die hulp, of teen die gewone en alledagse mens voort te sit, maar:

„met U, met U is my geding,
wat my geskei het van hul ras:
sal U die skulp van stilte breek
waarin ek so verborge was?"

Met sy stryd teen die Goddelike hoop hy dus terselfdertyd dat die sluier wat sy lewensvisie inkort sal verbreek word en hy daardeur instaat sal gestel word om dieper deur te dring as die gewone aard-mens. Hierin het hy natuurlik net soos meeste van sy voorgangers, insluitende die calvinistiese Totius, ook maar net probeer om deur te dring deur die ondeurgrondelike probleem wat die lewe is. Dog na al sy pogings moes ook hy ten laaste erken dat die diepe duisterheid wat hom omhul nie verlig kan word nie:

„Nog gaan daar sterre op ongewisse
bane, dwalend deur die siel;
nog draai voor my die vlammewiel
hier tussen vele duisternisse."

Daarom sien hy ook in „Die drinker in sy kroeg" sy eie lewe weerspieël, en met 'n groot mate van bitterheid merk hy dat hy ook gevange is: „in vreemde vlakke en kringe" en kan maar net sug:

„as ek deur daardie deur kan gaan,
dan vind ek dalk wat ek wou hê"-

Maar steeds bly die lewe 'n „kamer van spieëls" waarin net die

swige „sfinks" kan gewaar word – die sfinks wat die lewe self is:

> ......Hy heers, en hoor
> gebêde en klagte nie; en ken geen pyn
> of trots of vrees van sterflikheid – verloor
> in 'n dooi Godsdroom wat elke ding verklein;
> en die wind van duisend jaar het oor die poot
> se magtige nael 'n smal duin opgestoot."

Die duisternis van die lewe en die ondeurgrondelike swigheid daarvan omknel hom en laat hom soos 'n nietige stippel in die skaduwee van hierdie swyende Sfinks voel. Nou neem die minderwaardigheidsgevoel sy lewensinsig in beslag en hy verkies om in stille eensaamheid hom van alles terug te trek, maar dadelik besef hy weer dat daar geen keuse vir hom gelaat is nie en dat die lewe hom dwing om deel te neem, sodat hy verplig word om die bitter kelk te drink:

> Want jy is meester van die fees,
> "jy is dit wat die beker skink."

Met hierdie opgelegde taak struikel hy dan voort, en sien maar te duidelik sy eie weerloosheid in teen die „wêreldwinde" waar hy „naak staan" in die „slagreen" daarvan. Onder hierdie hulpeloosheid kring die heelal welwend oor hom en:

> oor ons klein smart en liefde en al die lieflikheid
> "van oog en oor en sinne menigvoudig."

Sy nietigheidsbesef dwing hom gevolglik om in „Klein Gebed" soos alle mense hom te wend na die onbekende Goddelike en eg-menslik te bid:

> God, ons wat die eenvoudige dinge doen
> "en nie die donker draaie van U weg
> en doel begryp, ons vra alleen
> dat U in ruil vir arbeid en verdriet
> die eenvoud van ons dade neem."

En hierin merk ons die opregtheid van van Wyk Louw se godsdiensgevoel. Soos hy gestreef het om slegs die naakte waarhede van sy siel te uiter, en soos hy altyd gepoog het om hierdie innerlike van hom rein te hou, so wil hy ook „in alle eenvoud" tot God nader sonder grootdoenery en bombastiese voorpraal. Om dieselfde rede kan hy ook nie in die ortodokse Jehovah 'n alles-omsluitende God sien nie, maar is sy Meester die Eenname:

> met die stille oog, wat wet
> "van ewige dinge alleen
> sien sonder lag of ween."

In die diens van hierdie God wil hy hom gewillig plaas, want:

> Jou skadu hang oor my,
> "Jou gees is wierook om my wyd,
> Van nou af tot in ewigheid."

Dis nie dat hy hierdie Meester uit blote liefde of vrees volg nie, maar hy voel dat hy tot die daad van geloof en navolging gedwing word na 'n lange stryd wat hy „met blinke swaard" teen Hom gevoer het. Sy stryd was egter tevergeefs, God het hom oorweldig en:

> Nou het Jy my gebind, gebreek
> "op hierdie yster lewe;
> ek voel die dowwe lede bewe:
> Jy het Jou wr aan my gewreek."

Alhoewel hy lam geslaan is en voel dat die stryd reeds verlore is kan hy tog nie tot berusting kom nie, en merk ons maar altyd sy vertwyfeling wat hom soms nog tot „Paniese Angs" kan dryf. Hy vrees in werklikheid nie die aardse smart nie, maar sy grootste vrees lê in die gedagte dat sodra hy van sy wonde herstel is hy weer die stryd sal aanknoop, om dan te veg vir volkome wegbreking van die God wat hom gedwing het om te volg. Hy vrees dat sy eie weerstand te sterk mag word, want hoewel God nou orals by hom is, proe hy tog gedurigdeur in hierdie nabyheid „die soutesmaak van U dood."

Soos hy hom dus in die lewe klein gevoel het, so gevoel hy hom voor God nog nietiger, veral by die gedagte dat wat hy ook al mag doen daar niks ooit kan opweeg teen die ontsaglike grootheid van God nie.

> Voor U is alle dade klein,
> "is als verganklik, en vergaan
> ons wete en ons ware soos
> 'n stem wat uitroep in die lug,
> en al ons reg ly skipbreuk, sink
> in U, verborge, bodemloos."

Van Wyk Louw se vrees is baie gou bewaarheid geword. Sy strewe om na te vors en te probeer speel soos vroeër reeds aangetoon, het hom in die rigting van selfstandigheid gelei. Met hierdie selfstandigheidsgevoel kan hy nie as nietige wese gebuk gaan onder die oneindige Grootheid van God nie. Dit moes noodwendig tot 'n botsing voer, en by die digter het dit as gevolg [illegible] van die heel... In [illegible] gehad opstand teen God en die [illegible]

groot mate moet hierdie opstand sielkundig beskou word; 'n minderwaardigheidskompleks wat tot uiting kom deur kompensasie te probeer soek in selfverheffing. Sy nietige rol wat hy verplig is om te vul in die groot wêrelddrama bring hom op die waansinnige gedagte hoe groots dit moet wees om self God te wees; hoe 'n heerlike gevoel sal dit nie bring as hy self instaat is om die smart, ellende en nietigheid wat die Skepper op ons geplaas het toe te pas op Hom wat in sy Goddelike onaantasbaarheid nou net sit en toekyk nie; hoe sou dit voel om God te bind met die kettings wat hy vir ons gesmee het, om Hom te straf met die wette wat hy daeliks op ons toepas!

Dan wou ek my in gloria troon,
"my hof by winde en sterre hou;
ek wou met swig-stille oë
op U en op U knegskap skou."

Hy bly al die tyd egter nog so veel mens, dat byna onmiddellik na hy hierdie waaghalsige wense geuiter het, hy weer tot inkeer kom en besef dat hy moontlik te ver gegaan het, en dan smeek hy weer om vergifnis. Maar tog voel hy terselfdertyd dat sy rus daarmee heen is en dat sy berusting in die Goddelike Wil vir ewig verlore is, en dat daar voortaan ook vir hom alleen die kruis en doringkroon wag op die nimmer eindigende donker pad:

O God, vir my die wilde sin,
"die oë wat hul waansin noem,
om wat ondenkbaar is, te dink,
en wat onmoontlik is, beg[illegible]n."

Die stryd in sy tweede fase is nou onverbiddelik aangeknoop, en omdat Louw in die yster harnas baie gelukkiger voel
as in die vredeskleed, styg hy soms tot 'n hoë mate van vol-
voering sodat hy soos Willem Kloos wat uitgeroep het: Ik ben
een God in 't diepst van zyn gedachten, hom ook vergelyk met
die hoogste Goddelike, veral omdat hy in hierdie gedagte ge-
sterk word deur die Christelike opvatting naamlik dat ons alsiel
geskape is na Sy beeld. Daarom volg dit spontaan:

Ek vloei in Hom, vloei in Sy wydheid
"soos 'n stroom in die oseaan;
en soos geur in die blomme lewe,
leef ek in Hom!
ek is Hy, Hy ek,
grensloos in ewigheid."

Daar is dikwels lang resensies gelewer oor dié enkele

verarreël van Kloos omdat hy dit durf waag het om hom in sy diepste siel te vergelyk met die Godheid. Hierteenoor vind ons dat N.P. van Wyk Louw dit alles vrygespring het, inteendeel, dat hy self beskou is as „uitgesproken religieus."[21] Dit klink bra onbillik teenoor die Nederlandse digter, want in bogenoemde vers ly dit geen twyfel dat Louw hom meer verwaandheid aanmatig as Kloos ooit van gedroom het. 'n Gedig soos die volgende is dan ook verder bewys hiervoor; die digter kom in opstand teen die soms kinderagtige onbillikheid van die Joodse Jehovah waar hy byvoorbeeld vir Moses die beloofde land laat sien maar dan 'n sadistiese plesier daarin vind om hom tog nie toe te laat om daarheen te trek nie. So, sê Louw, sal hy Hom sekerlik nie laat kom tussen hom en sy begeertes nie:

> So ruk ek van Sy mond die beker af:
> "Hy sal nie glimlag in Sy hart om weer te
> sien in die eensaam dal 'n eensaam graf.
> So sal ek in my siel 'n hemel bou,
> omring dit met die mure van my trots
> en kroon dit met die poorte van my Wil.
> Daar sal ek my in lig en glorie hou,
> en skud Hy die hoë poorte op my rots,
> ek glimlag in my kalm hemel stil."

Ons het hier sekerlik te doen met die uiterste verwaande goddeloosheid in ons Afrikaanse poësie - die die Lucifer-gedagte, 'n gewone klein-menslike wese wat in opstand geraak teen die Hoë Godheid. Dis die sprokie uit Arabiese Nagte, 'n Lalliputter of 'n kwiksot wat met 'n ou verroeste swaard afstorm op die Windmeule! En tog - wie sal dit wees om die eerste klip na die digter te gooi? Het Louw nie aan die begin gesê: „My heil'ge nooit-genaakte siel wil sonder skrome" juis daardie „heil'ge nooit-gehoorde dinge" uiter nie. Hy het nie hier in woorde uitgedruk wat ons self so dikwels in ons siel in magteloosheid na gehunker het nie. Is dit nie die ewige opstandigheidsgedagte wat so oud as God self is nie? Lucifer het daarvoor die hemel moes verlaat, Lucifer wat nie langer in sy half-Goddelike trots die eenselwigheid kon en wou verduur nie!

> Magt'loos, en droewig om die hoon
> "van Hom wat Sig in enkelheid al
> hoe grimmiger geskulp, gesluit
> het en so eensaam woon
> dat niks Hom ooit genaak,
> en al die liefde en gebede

> van dié wat blind bemin en bid,
> 'n ewige branding óm Hom maak,
> maar nêrens deur Sy sonnevrede
> 'n ingang vind -'

Teen hierdie ongenaakbaarheid waarteen die opperste Engel hom verset het, kom Louw ook in opstand, en soos Lucifer is ook hy gewillig om sy straf - as daar dan straf moet wees - te ontvang. Hy weier egter om hom te laat lei en te laat dwing deur sulke grimmigheid, sulke verregaande blinde selfsug. Hierteen kom die digter in opstand en tree hy in stryd met die ortodokse God wat vandag nog deurgaans vir ons voorgehou word as 'n ware God in die enigste betekenis van die woord. Uit hierdie oogpunt beskou kan ons dan ook die verset wat daar opbruis in sy siel verstaan; hy wil nie die Goeie, die Goddelike God bestry nie - eerder voel hy gemsig om Hom slaafs te gehoorsaam, want hierdie God is deel van hom, is hyself - maar wie hy teen stry is die kerklike, die ortodokse Jehovah wat geen sielvolle, geen Goddelike Opperwese ooit was en nooit sal wees nie.

Die opstand van Louw teen die Opperwese moes noodwendig ook 'n opstand teen die kerk meebring, en daarom het hy gevolglik ook te velde getrek teen die dogma en die ortodokse godsdienstige opvattings soos duidelik te sien in "Die hand van God," waar hy die "kerklike" geloof met swiepende sweepslae kasty oor hul huigelagtigheid. Die kerkvaders, die prinse in die geloof, "dié hele bleek-geslag" wat moet optree as regters, maar gedurig deur hulle oog hou op promosie, vir hulle het hy geen simpatie nie, want hulle:

> verdoem intussen volgens maat en wet,
> "en plooi, nie onbehaaglik, fyntjies aan die vye
> voue van die statige kleed; word vet
> van die gesonde vaste en feeste ............"

Sekerlik geld hierdie aanklag nie alleen vir die Roomse priesters en geestelikes nie! Want soos hy opstand teen God, so kom hy ook in opstand teen die kerk wat hierdie God as paaiboelie gebruik het deur die eeue heen, om sy eie posisie te handhaaf en 'n goedgelowige gemeente soos kindertjies te laat gehoorsaam, omdat dit gewees het dat die grootste geloof die geloof is wat op vrees baseer is - vrees vir die Onbekende!

Dit skyn dan asof van Wyk Louw volkome met die godsdienstige tradisie van die Afrikaner gebreek het. Die moontlik, maar wie sy „Diepere Reg" lees kom wel gou tot ander oortuiging, en selfs in die ander bundels word daar telkens bewyse gelewer dat die digter geensins as 'n afvallige kan beskou word nie, want teenoor die ortodokse God en geloof waarteen hy die stryd soms so heftig kon aanknoop, het hy sy eie Wese van Waarheid gestel en het hy dikwels in stille deemoed daarvoor gekniel:

> „Groot Gees, Jy wat in sterre woon,
> in stof en blomme en in my –"

bid hy dan met ootmoed, en sien in hierdie God van hom sy ewebeeld en besef hy dat hulle beide saamgebind is deur die band wat ons lewe noem, want:

> „Jóu siel is dit, Jóu siel wat ly,
> Jóu smart is dit waaruit ek ween –
> ék wat 'n droom is wat Jý droom,
> Jý wat al-ewig is, al-een."

Hierdie God van hom is nie die ongenaakbare wat skuilhou in die hoogste hemele nie, want alhoewel dit naamloos is, is dit om hom:

> „soos lug, soos dag en nag gehang –"

dit is om hom en in hom, die verborge en tog kan dit „skielik lig en naakend voor ons staan." In werklikheid is dit die skoonheid wat „in ons .... die kringloop en die sin van die heelal voltooi." Die die hoogste en volmaakste, die die ewige waardeur selfs God

> „Sy ewige wese en Sy [illegible] vreug [illegible]."

So stel van Wyk Louw sy Goddelike aan ons voor en moet ons saamstem met Dr. Dekker wat skryf: „wel beleef hy nog oomblikke van bitterheid en opstand, selfs van verbystering, maar hy het vir homself die oplossing gevind in sy panteïstiese lewensbeskouing." 22)
Want alhoewel die digter nog nie 'n onveranderlike rigting ingeslaan het wat sy godsdiens betref nie, merk ons tog reeds duidelik die panteïs in hom, want hy sy God nie soek in die Christelike hemel nie maar in die dinge rondom homself, en bowe alles in sy eie siel. Daarom het hy die lewe ook nie beskou as 'n voorbereidende skool vir die hiernamaals nie, maar meer as 'n

Dit skyn dan asof van Wyk Louw volkome met die godsdienstige tradisie van die Afrikaner gebreek het. Dis moontlik, maar wie sy „Diepere Reg" lees kom wel gou tot ander oortuiging, en selfs in die ander bundels word daar telkens bewyse gelewer dat die digter geensins as 'n afvallige kan beskou word nie, want teenoor die ortodokse God en geloof waarteen hy die stryd soms so heftig kon aanknoop, het hy sy eie Wese van Waarheid gestel en het hy dikwels in stille deemoed daarvoor gekniel:

> „Groot Gees, Jy wat in sterre woon,
> in stof en blomme en in my -"

bid hy dan met ootmoed, en sien in hi... die God van hom sy ewebeeld en besef hy dat hulle beide saamgebind is deur die band wat ons lewe noem, want:

> „Jóu siel is dit, Jóu siel wat ly,
> Jóu smart is dit waaruit ek ween -
> ék wat 'n droom is wat Jý droom,
> Jý wat al-ewig is, al-een."

Hierdie God van hom is nie die ongenaakbare wat skuilhou in die hoogste hemele nie, want alhoewel dit naamloos is, is dit om hom:

> „soos lug, soos dag en nag gehang -"

dit is om hom en in hom, dis verborge en tog kan dit „skielik lig en nakend voor ons staan." In werklikheid is dit die skoonheid wat „in ons .... die kringloop en die sin van die heelal voltooi." Dis die hoogste en volmaakste, dis die ewige waardeur selfs God

> „Sy ewige wese en Sy eie vreug aanskou."

So stel van Wyk Louw sy Goddelike aan ons voor en moet ons saamstem met Dr. Dekker wat skryf: „wel beleef hy nog oomblikke van bitterheid en opstand, selfs van verbystering, maar hy het vir homself die oplossing gevind in sy panteïstiese lewensbeskouing." 22) Want alhoewel die digter nog nie 'n onveranderlike rigting ingeslaan het wat sy godsdiens betref nie, merk ons tog reeds duidelik die panteïs in hom, want hy sy God nie soek in die Christelike hemel nie maar in die dinge rondom homself, en bowe alles in sy eie siel. Daarom het hy die lewe ook nie beskou as 'n voorbereidende skool vir die hiernamaals nie, maar meer as 'n

arena van die verbitterde Noodlot teen wie hy soms woes te velde getrek het met die diepste verbittering en wanhoop, en waarin hy groot ooreenstemming toon met I.D. du Plessis.

Van Wyk Louw is geen Christen in die betekenis wat vandag algemeen aan die woord geheg word nie, en net soos Marais, Toon v.d. Heever en Uys Krige het hy teen die gevestigde godsdiens heftig in opstand getree, maar wie hom durf beskuldig as godlose of selfs as afvallige, moet eers sy hand in eie boesem steek en kyk of dit nie dalk oordek met melaatsheid sal uitkom nie!

D. GILDENHUYS, ERNST VAN HEERDEN, EN S.V. PETERSEN.

Nog drie digters wat onder hierdie groep kan gereken word is Gildenhuys, van Heerden en Petersen.

In sy werk „Getye", lei D. Gildenhuys sy „Boek Een" in met die kwatryn:

> Ek was 'n eensaam swerweling
> "aan gindse somerkus
> 'n Ongebonde sterweling
> Gebore sonder rus."

Mooi weerspieël hierdie vers die digter se lewensopvatting soos dit deurstraal in die res van die bundel. Hy wil die lewe geniet soos die natuur dit vir ons gegee het om geniet te word, maar hy wil ook geen oppervlakkige wese nie en daarom hou hy hom besig met vorsing:

> Ek sing van die dinge wat daar is,
> "wat ons niks van weet nie;
> Van dinge waaroor ons nog gis,
> En nie kan ontleed nie."

Sy groot begeerte is om in die Toekoms te skou en te probeer oplos:

> „Die geheime wat dit hou."

Die ortodokse godsdienstige opvatting kan hom geen bevrediging bring nie en hy vra hom self af of die hele godsdiens nie maar moontlik selfbedrog is nie:

> is dit net 'n gissing,
> "'n Eie self-beslissing,
> Van wat jy dink?"

Omdat niemand hom 'n bevredigende antwoord kan gee nie en dit skyn asof almal maar net 'n geloof bely met die vae hoop dat

hul later daardeur sal gebaat word, vra hy op 'n spottende wyse waarom ons dan strewe en probeer om goeie mense te wees:

"Aan wie bring jul die huldeblyke,
Wat baat ons al die lof en eer?
Die mensdom is net dooie lyke
En sal tot stof terug moet keer.

Wat help tog al die huldeblyke?
Die lewe is die mens se straf.
Die lewendes slegs dooie lyke;
Die wêreld net één enkel graf."

'n Hoër mate van verbittering word selde by ons jongere digters aangetref. En om te toon hoe min hy werklik dink van al die fantastiese teorieë in verband met 'n Goddelike Wil sê hy dat hy ook glo:

"Dog ek onderwerp my stil tevrede
Aan 'n hoër Wil, die Rede."

Dit skyn dus asof Gildenhuys in werklikheid die Afrikaanse digter is wat die naaste aan die begrip ateïsme kom, en dat daar by hom nie meer sprake is van 'n calvinistiese opvatting nie. En tog is daar by hom ook tekens van vertwyfeling - maar vertwyfeling aan die Rede. Want net soos meeste van ons jonger digters nie meer seker is van die calvinistiese God nie, so wil Gildenhuys ook nie al sy vertroue baseer op die stelling "eien is glo" nie, en hunker hy weer na die teenoorgestelde nl. na die liefde wat alleen kan voortvloei uit die Goddelike. Daarom mymer hy:

"So eenvoudig soos die son sy strale gee;
So meervoudig soos die golwe van die see
So veelvoudig is die liefde wat Hy gee."

<u>ERNST VAN HEERDEN</u>.

Hierdie digter van wie mens graag 'n volgende bundel sal sien verskyn, staan in baie opsigte na aan die twee Louw broers, en is moontlik dié persoon wat die duidelikste godsdienstige spoor nagelaat het van die heel jongste digters. In sy godsdienstige opvatting is hy soos N.P. van Wyk Louw, 'n goeie voorbeeld van die opstandige - en in sy bundel tref ons aan al die kenmerke van hierdie groep, naamlik vertwyfeling, vereensamende smart, opstand en uiteindelik berusting in die geloof.

Duidelik merk ons die Louw-invloed reeds in sy inleidende

gedig as hy vra:

> Is ek, getekende, Gods lenste las,
> "wat om my waan Sy donker wraak moes ken,
> of sal 'n vreemde, late seën die hart verras
> wat net die onrus in die stryd kon wen?"

Sy lewensstryd lewer dus niks meer as slegs onrus, vertwyfeling en verbittering nie, want in sy wedloop teen die lewe het hy vroeg reeds die voeteval van 'n „ongesiene makker" gehoor, en hy besef te goed dat hy teen hierdie spanmaat nie kan volhou nie

> hy weet al het hy nou die loop gewen,
> "die ander man sal eendag eerste wees."

As kind van sy tyd wat die skynheiligheid van die godsdiens veral teen die agtergrond van die onlangse verwoestende oorlog waargeneem het, vra hy, terwyl hy staar na die gloed van 'n brandende stad wat die naghemel rooi kleur, met bytende sarkasme:

> Sal daar nog iemand hoop of iemand glo,
> "sal sou die doodsvaal hemel opgaan,
> en vurige perde op die berge loop,
> en witte engele teen die nanag staan?"

Sy geloof in die Christendom, veral met hulle leuenagtige oorlogsteorieë, bestaan by hom dan ook so goed as nie.

Die teenstrydighede in die lewe wat hy daeliks teenkom, het hom so in die war geetuur en met wanhoop gevul dat hy soos 'n drenkeling in die vloedwater rondgryp na elke moontlike reddingsmiddel alleen met die doel: „om tog ons menswees te verstaan," maar terwyl sy blindelingse pogings voortduur voel hy in sy onderbewussyn reeds dat sy soekery geen resultate sal lewer nie, omdat hy saam met ander vorsers na 'n „blinde doel" streef, en hul almal in hul ywer nie merk dat hul slegs wonde en pyn, hartseer en droefheid behaal nie:

> Ons is die soekers na 'n ligtende verskiet
> "waar sterre fakkel-groot die blou ontstyg,
> waar ons soos stille, blinde voëls sal swyg
> totdat die ou pyn uitrank in 'n nuwe lied."

Dis te verstane dat hierdie duisterheid van die lewe saam met die doelloosheid daarvan die digter in opstand sou bring teen die Skepper en Meester van dit alles. Maar in teenstelling met die twee Louws, veral met N.P. van Wyk, is dit asof van Heerden terugdeins teen openlike verset, dit is of die houvas

van die tradisionele geloof te sterk is en hom nie toelaat om met sy heimlike wense en begeertes openlik voor die dag te kom nie; telkens dreig hy en 'n enkele keer kom hy so ver om met durf uit te roep:

> Maar eendag sal my opstand vlamrooi straal
> "en ek nooit weer U lis en woede vrees;
> van elke rookzuil en verlate ster
> sal ek die draaiing en die vuurstreep wees."

Hierdie opstand in hom wat nooit weer onderdruk sal kan word nie sal ons seker in 'n moontlike volgende bundel aantref, maar in sy eersteling is die digter nog die weerlose wat nie bestand is teen die haat sowel as die liefde van God nie, want alhoewel hy hom met alle geweld en wapens tot sy beskikking wou wreek teen die Goddelike, het God hom tog oorrompel en:

> Nou skuil ek gans ontkrag en reddeloos
> "voor rimpellose seë van verraad."

So groot is sy nederlaag dat hy soms wonder of hy ooit werklik in opstand teen God getree het, en hy is so verward in die strikke van die lewe dat hy niks anders meer kan sien as newelagtigheid nie. Daarom stel hy homself die vraag:

> My hoë hoon en ou verraad,
> "die heimlike afguns van my spot -
> is dit ook oorlogscamouflage,
> my camouflage voor God?"

Die digter verkeer nou in so'n grootskaalse warboel dat hy voel dat die enigste uitweg moontlik sal wees om terug te keer na die ou bekende weë, en nog half versuf stotter hy:

> Ek 't strompelend teruggekeer soos 'n verblinde
> "wat stil maar kenlik weet hy is weer tuis,
> en langs my venster waai nou God se winde,
> en God se sterre brand nou oor my huis."

Oppervlakkig beskou sal dit skyn asof van Heerden met hierdie laaste vers genoeg bewys gelewer het dat hy die opstandigheidsperiode vergoed vaarwel gesê het, maar tog meen ek dat hy nooit soos W.E.G. Louw sal kan berus in die alles-oorheersende Wil van God nie, en dat hierdie terugkeer van hom net "camouflage" is. Sy rustelose siel sal hom nie laat bind nie en soos N.P. van Wyk Louw, kan met sekerheid verwag word dat die opstand in 'n volgende bundel weer met heftige laaie sal opvlam.

S.V. PETERSEN.

Jy wat gemaklik met die wind saam
"bergaf swaai,
Jy wat kan lag.....
.......
Dink jy ooit
daaraan, dat 'n duisend ander
dag na dag
teen loodreg kranse op moet beur?
'n slag vir slag
terneerstort gekneus, verskeur?"

Daar sal seker min wees wat by die lees van hierdie bundeltjie nie sal dink aan die woorde van Christus aan die Samaritaanse vrou by die put, toe hy aan haar gesê het: "glo My daar kom 'n uur wanneer julle nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem die Vader sal aanbid nie."[23] Sal daar ook 'n dag in ons letterkunde, in ons blanke beskawing kom wanneer ons verplig sal wees om te erken: daar is nie meer 'n verskil tussen u en my godsdiens nie, ook nie tussen u en my kleur nie? As daar ooit so'n dag sal aanbreek dan is "Die Enkeling" voorwaar die vinger teen die muur! Wat gaan die Christelike Nasionaal-calvinisme se standpunt hierteenoor wees? En as hulle die weg inslaan wat algemeen kan verwag word - hoe kan daar weggedoen word met die kleurskeidslyn? - watter waarde of betekenis sal Christus se woorde dan nog hê? Want hoe ons die saak ook al wil beskou, kan ons nooit van die feit wegkom dat Petersen en sy soort tog maar vlees van ons vlees en bloed van ons bloed is nie.

As dit,
"as dit by vaders kom, is ons
verwant!
En vreemde broer, durf jy
ontken, die broederband?!"

Hier is 'n probleem vir ons calvinistiese letterkundige kritici. Sal hul dit eerlik aandurf? S.V. Petersen het die handskoen gewerp - die ons blanke kritiek, ons hele blanke beskawing wat sal moet antwoord!

..............

Dit kon nie anders, by Petersen kon daar nooit 'n ander houding verwag word nie. Wat ons wel verbaas is dat die opstand, die ingehoue haat en magtelose woede nie veel hoër opgevlam het nie.

"Is veel geverg, dat ek
moet swyg! hoe kan ek swyg?"

En sy opstand wat deurgaans meer 'n maatskaplike as 'n godsdienstige is word verswelg met sy verwytende wanhoopsgebed:

> "Ag, Nasarener, wek,
> in my, net vir 'n uur, 'n wilde mag;
> net vir 'n uur, 'n hand gestrek
> in simsonkrag
> teen Filistyner-spotgelag!"

Hoor ons hierin nie die wraakgedagte wat ook deur die ou psalmis geuiter is na die Babiloniese wegvoering van die Jode nie, toe hy sy volk mishandeld en vertrap in sy gebed met dié vreeslike woorde gedenk het: "Here, onthou vir die kinders van Edom die dag van Jerusalem, vir hulle wat gesê het: Breek weg, breek weg, tot op die grond met hom! o Dogter van Babel, jy wat verwoes sal word, gelukkig is hy wat jou sal vergeld wat jy ons aangedoen het! Gelukkig is hy wat jou kinders gryp en verpletter teen die rots."[24)]

In hierdie vereensaming, onderdrukking en smart soek Petersen geen hulp vir hom of sy soort nie, nie by die mens of by God nie. Hy is die uitgeworpene, die Ismael, hy weet daar sal geen hulp vir hom en hulle soos hy wees nie, hy weet dat God in hierdie probleem net so magteloos staan as die hele Christelike beskawing, en daarom is sy belydenis in "Ecce Homo":

> "Ek soek geen ligstraal op die donker pad,
> die onbekende pad waarlangs ek nou
> met lompe treë voel-voel sukkel soos
> 'n kind. Ek soek geen staf om op te leun;
> en word ek moeg op hierdie lange pad,
> dan soek ek niemand om my op te hou
> as ek oor rotse val, stuur my g'n troos -
> al is dit vreemd, op die krag te steun."

Omdat die digter weet dat hy die enkeling en verstoteling is en 'n bitter lewensweg moet volg, 'n weg wat sekerlik nie uit eie keuse gevolg word nie, soek en verwag hy dan ook geen hulp of simpatie nie. Hoe kan hy ook op aardse of Goddelike steun staatmaak? Hy weet immers dat daar vir hom in die Christenwêreld sowel as in die hemel geen plek saam met hulle sal wees nie. Sy stryd is 'n lange en eensame wat hy sal moet deurworstel tot op die laaste toe, en al wat hy nog begeer is om alleen in die donkerte weg te skuil om sy vodde en vuil-bruin kleur te verberg. Oneindig diep en troosteloos smeek hy dus in "Ballade van die Nag."

Hou t'rug, hou t'rug die daeraad
"en laat die nag hier bly by my!
Oplaas is ek in ruegewaad –
Ek wil nie van die donker skei!"

Voorwaar hier is 'n smart wat te diep is vir woorde, hier is 'n mens wie se lewenslot nooit deur hom alleen kan gedra word nie.

## AANTEKENINGE - HOOFSTUK X.

1a. Uys Krige in sy Afrikaanse Versameling pg. 147.

1. F.G.M. du Toit, Eugène N. Marais - Sy bydrae tot die Afr. Lett., pg. 7.

2. ibid., pg. 107.

3. ibid.

4. ibid., pg. 109.

5. ibid., pg. 110.

6. ibid.,

7. ibid., pg. 2[illegible]

8. Dr. G. Preller, voorwoord by E. Marais se Gedigte.

9. ibid.

10. F.G.M. du Toit, t.a.p. pg. XXI

11. Dr. G. Preller, t.a.p.

12. In Mahlo-A-Maledi sluit die digter af met die woorde:

    Miskien, ag, as jou liewe lippies nou kon praat,
    "jou soete stem weer hoorbaar word, was jy in staat
    die groot geheim te openbaar
    waaroor ons nou verbyster staar.
    Ag, liefling, almal sal jou bitter mis.
    Vaarwel, Marie! Ek weet dit nie!
    Een ding weet ek gewis: voortaan
    sal niemand jou meer pynig nie."

13. Dr. Kritzinger, Lett. Kragte, pg. 145.

14. Dr. G. Dekker, Afr. Litt.-Gesk., pg. 118

15. Dr. E.C. Pienaar, Taal en Poësie, pg. 572.

16. ibid.

17. Prof. S.P.E. Boshoff, Beskouinge en feite, pg. 215.

18. Dr. Kritzinger, t.a.p. pg. 144.

19. Dr. F.E.J. Malherbe, voorwoord by Schlengemann se Gedigte.

20. Uys Krige, Afrikaanse Versameling, pg. 147.

21. Dirk Coster, inleiding by Uys Krige se Afrikaanse Versameling, pg. 13.

22. Dr. G. Dekker, Afr. Litt. Gesk. pg. 131.

23. Johannes 4 vers 21.

24. Psalm 137 vers 7 - 9.

# HOOFSTUK XI.

## BESLUIT.

„Stigting en lering, selfs ware godsdienstigheid, is nie onbekend in ons letterkunde nie, maar die groot godsdienstige poësie, die uiting van die mens se onmiddellike verhouding teenoor die Heelal, die gesprek van die mistikus met God asof hulle alleen teenoor mekaar staan in die oneindigheid - hierdie dinge kom nie in 'n lokale literatuurtjie voor nie. Dis alleen wanneer die mens kan voel as draer van die volle menslikheid dat hy waarlik met God kan praat."[1] So dink N.P. van Wyk Louw oor die godsdienstige in ons digkuns, en omdat daar in ons poësie nog nie die waaragtige religieuse gevoel, suiwer-onbevlek en breed-menslik, aangetref word nie, omdat dit nog te plaaslik en oppervlakkig is, moet ons Louw hierin gelyk gee, en moet daar openlik erken word dat daar nog nie sprake is van die „groot godsdienstigheid" in ons verskuns nie. Want hoe godsdienstig die volk hul ook mag voordoen, en hoeveel daar gepraat word oor die godsdienstige agtergrond - histories sowel as letterkundig, dit staan tog sonder twyfel vas dat ons digters op hierdie gebied nog te beperk-kerklik is en nog te veel die bepaalde dogma aanhang, met die gevolg dat daar tot dusver nog nie in geslaag is om uit te styg tot die sfeer van alles-omvattende grootheid nie.

Vanaf die ontstaan van die volksplanting aan die Kaap drie eeue gelede, tot vandag waar ons op die drumpel staan van 'n nuwe era, is ons op staatkundige, opvoedkundige en maatskaplike gebied beheers deur die eng-kerklike opvatting en kan ons feitlik praat van 'n klein calvinistiese staatjie. Die invloed wat calvinisme dus op ons digkuns gehad het is onbetwisbaar, maar soos in die inleidende hoofstuk reeds gesê, was hierdie invloed geen goeie nie, tenminste sover dit die louter godsdienstige in die poësie betref. Die rede daarvoor is, dat ons kunstenaars nog nie geslaag het om weg te breek van die idee dat calvinisme

nie die enigste opregte godsdiens verteenwoordig nie; want soos Leendertze en Tazelaar beweer: „de Christelyke burgery is niet de zuivere verteenwoordiger van het Christendom, en het Westersch Christendom is niet de volle gestalte van de Christelyke Religie, en de Christelyke Religie zelf is niet dan een gebrekkige afglans van Christus en de uiteindelyke bedoeling van Zyn Woord."[2] Veral het die ouer geslag kunstenaars hierdie waarheid nie begryp nie, en daarom het hulle werk ook altyd die lokale kleurtjie gedra, sodat ons „die uiting van die mens se onmiddellike verhouding teenoor die Hoogal" daarin mis. Op die keper beskou kon dit dan ook nie anders nie, want die individualiteit en die moed om te sê wat daar op die hartsgronde gelê het, het nog altyd ontbreek:

My naakte siel wil sonder skrome
"in alle eenvoud tot jou gaan...."

is nog steeds vermy, en ons digters het gevolglik teenoor die Goddelike geetaan soos beskroomde en bevreesde kinders teenoor 'n hardvogtige vreemdeling. Nie alleen het die moed dus ontbreek om tot die Godheid te nader soos vriend tot vriend of vyand tot vyand, hoe die geval ook al mag wees nie, maar die durf ontbreek ook nog te dikwels om in opstand te kom teen die opinie van die „ewige burgerlis" wat soos rotsblokke ons lewensvisie insluit. Dit is dan ook die „redelose opgaan in die georganiseerde lewe, vrees vir die volle krag van die emosie, geestelike versigtigheid; vashou aan die bekende, aan die mening van erkendes en aansienlikes,"[3] wat deurgaans in ons godsdienstige poësie aangetref word; dit is meestal volgens die goedgekeurde calvinistiese resep – Hoogenhout, Totius en in minder mate ook Celliers. Te veel van ons jongeres is daar wat hulle verse nog steeds beklee in die verslete kerklike pakkie wat afkomstig is uit die Nederlandse romantiek, en sinds jare dus reeds in die land van sy oorsprong as verouderd beskou word.

Daar is egter gelukkig baie van die jonger digters, onder wie ook Eugene Marais en Leipoldt moet gereken word, wat daarin geslaag het om van hierdie invloed ontslae te raak. Ongelukkig bestaan daar vandag nog die neiging, in kringe wat hy beter

behoort te weet, om hierdie persone as [illegible] te bestempel - asof selfs die geloof beperk is tot die grense van ons eie land met sy handjievol inwoners wat Afrikaans vir hulle landstaal het. Om dieselfde rede word Totius en sy calvinisme weer hoog geroem - nie omdat hy groot godsdienstige kuns gelewer het nie, maar uitsluitlik omdat hy die verteenwoordiger van 'n groepie godsdienstig-eneredenkendes is. Laat ons egter hoop dat hierdie uitkyk op ons godsdienstige poësie met die verloop van tyd sal verander en dat ons letterkundige kritiek meer sal besef die groter waarde wat daar in ons jonger godsdienstige verskuns steek met sy breër visie, eerliker segging en ongebondener houding teenoor die Goddelike. Dat hierdie laaste opmerking dan ook wel sy invloed laat geld het, is ongetwyfeld waar, veral wanneer daar nou steeds meer gepraat word van die sterk religieuse karaktertrekke van die jongeres,[4)] al word hulle werk ook nie beskou as "positief-Christelik" nie. Want dit sal ons kritiek tog besef, dat 'n veranderde lewensuitkyk noodwendig 'n veranderde godsdienstige insig sal meebring, en dat dit gevolglik byna noodsaaklik vir elke mense-geslag word om die godsdiens op sy eie manier te interpreteer en weer te gee in sy poësie. En as dit eers besef word sal ons ook moet insien dat ons jonger digters nie afgedwaal het van die volkseie en die weg wat deur die vaders bewandel is nie, maar dat hul alleen besig is om voort te gaan op die pad van ontwikkeling wat vir ons godsdienstige poësie beslis vooruitgang beteken.

EINDE.

## AANTEKENINGE – HOOFSTUK XI.


1. N.P. van Wyk Louw, Berigte te velde, pg. 16.
2. Leendertze en Tazelaar, Christelyke Lett. Studiën III, pg. 132.
3. N.P. van Wyk Louw, Lojale Verset, pg. 81.
4. G. Dekker, Afr. Litt.-Gesk., pg. 125.

# BIBLIOGRAFIE.


## A. ALGEMEEN.

BOSHOFF, S.P.E. — Beskouinge en Feite. Nasionale Pers Bpk. 1936.

BURGERS, M.P.O. — Die Men. Langenhoven. Dissertasie vir die graad M.A. 1937 (ongepubliseerd)

BRANDWAG DIE. — 20 Oktober 1944.

CELLIERS, JAN F.E. — Kuns in Lewe en Kultuur. 'n Eenvoudige bespreking van enige Grondbegrippe. Nasionale Pers Bpk. 1933.

COETZEE, ABEL. — C.M. v.d. Heever, die wese van sy kuns. J.L. van Schaik Bpk. Pretoria 1936.

COSTER, DIRK. — Inleiding tot de Zuid-Afrikaansche Dichtkunst. Inleiding by Uys Krige se Afrikaanse Versameling. A.A.M. Stols, Maastricht, 1937.

DEKKER, DR. G. — Afrikaanse Literatuurgeskiedenis, 2e druk. Nasionale Pers Bpk. 1937.

DEKKER, DR. G. — Die Afrikaanse Psalmberyming, J.L. van Schaik Bpk. Pretoria 1938.

DE WAAL, J.H.H. — My herinneringe van ons Taalstryd. 2e druk, Versamelde Werke deel I. Nasionale Pers Bpk. Kaapstad.

DU PLESSIS, L.J. — Totius in sy Verse - 'n Biografiese verklaring van sy gedigte met Bloemlesing. Nasionale Pers Bpk.

DU TOIT, F.G.M. — Eugéne N. Marais - Sy bydrae tot Die Afrikaanse Letterkunde. N.V. Swets & Zeitlinger. Amsterdam 1940.

DU TOIT, J.D. — Ds. S.J. du Toit in weg en werk. Paarl Drukpers Maatskappy Bpk. Paarl 1937.

FEITH RHYNVIS. — Bloemlezing met inleiding door Willem Kloos. Maatschappy voor Goede en Goedkope lectuur, Amsterdam.

GEDENKBOEK. — Gedenkboek ter ere van die Genootskap van Regte Afrikaners (1875 - 1925) Uitgegee deur die Afrikaanse Studentebond, 1926.

GRESHOFF J. en MULDER H.A. — Vlaamsche Lyriek - van Gezelle tot 1940. Nederlandsche Boekery byeengebracht door J. Greshoff en H.A. Mulder. J.L. van Schaik Bpk. Pretoria 1944

GRESHOFF, J en MULDER H.A. — Nieuwe Nederlandsche Dichtkunst. Hedendaagsche Dichters. J.L. van Schaik Bpk. Pretoria 1942.

NIENABER, DR. G.S. en DR. P.J. — Die Geskiedenis van die Afrikaanse Beweging. J.L. van Schaik. 1941.

NIENABER, DR. P.J. — Die Afrikaanse Roman-Tematologie. N.V. Swets & Zeitlinger, Amsterdam 1938.

NIENABER, DR. P.J. — Ds. S.J. du Toit, die eensame Ismael. J.L. van Schaik 1940.

PIENAAR, DR. E.C. — Die Triomf van Afrikaans. Nasionale Pers Bpk. 1943.

PIENAAR, DR. E.C. — Werda! Nasionale Pers Bpk. 1938

PIENAAR, DR. E.C. — Taal en Poësie van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging, 4e druk. Nasionale Pers Bpk. 1931.

SCHOLTZ, DR. J.DU P. — Die Afrikaner en sy Taal 1806 - 1875. Nasionale Pers Bpk. 1939.

SCHOONEES, DR. P.C. — Die Prosa van die Tweede Afrikaanse Beweging, 2e druk. J.H. de Bussy, Pretoria.

ROSSOUW, DS. P.D. en EERW. J.W. V.D. RIET. — Evangeli in die Volkstaal, Afrikaanse preke. Versorg deur P.J. Nienaber. Voortrekkerpers Bpk. 1943.

TRANSVALER DIE. — 3 Junie 1940.

VADERLAND DIE. — 4 Oktober 1944.

VAN DEN HEEVER, C.M. — Die Digter Totius, sy betekenis vir die Afrikaanse Letterkunde. J.L. van Schaik. 1932.

VAN DER LEEUW, DR. G. — Goden en Menschen in Hellas. De Erven F. Bohn, Haarlem 1927.

VAN LEEUWEN, W.L.M.E. — Drift en Bezinning. Wereldbibliotheek N.V., Amsterdam 1936.

VAN MAERLANT, JACOB. — Strophische Gedichten, Nieuwe Bewerking deur Dr. J. Verdam en Dr. P. Leendertz jr., A.W. Sythoff, Leiden 1918.

VAN NIEKERK, DR. LYDIA. — De Eerste Afrikaanse Taalbeweging en Letterkundige Voortbrengselen, 2e druk. Nasionale Pers Bpk. 1920.

VERWEY, ALBERT. — Proza I & II. van Holkema en Warendorf, Amsterdam MCMXXI.

VON WIELLIGH, G.R. — Eerste Skrywers of Laaste Stem en Neklank uit Die Genootskap van Regte Afrikaners, 2e druk. J.L. van Schaik 1922.

VON WIELLIGH, G.R. — Baanbrekers of Die Letterkundige, kulturele en Politieke Betekenis van die Genootskap van Regte Afrikaners. J.L. van Schaik 1925.

## B. DIGBUNDELS IN VOLGORDE VAN BEHANDELING.

| | |
|---|---|
| HOOGENHOUT, C.P. | Gedigte, versorg deur Dr. P.J. Nienaber. Uitgawe van die Patriotvereniging vir Afrikaanse Teksuitgawes. Voortrekker Pers Bpk. 1941. |
| AFRIKAANSE GEDIGTE. | Byeenversameld uit wat in di laaste 30 jaar ferskyn is. 1876 - 1906. Paarl Drukpers Maatskappy Beperk Mei, 1906. |
| NEETHLING, M.H. | Novelles, Verhale en Gedigte. Versorg deur P.J. Nienaber. Uitgawe van die Patriotvereniging vir Afrikaanse Teksuitgawes. Voortrekkerpers Bpk. 1942. |
| REITZ, F.W. | Twee en sestig uitgesogte Afrikaanse Gedigte (met prentjies) 4e druk. J.H. de Bussy. 1914. |
| REITZ, F.W. | Oorlogs en Andere Gedichten. 2e druk. Het Volksblad Drukkery. Bloemfontein. |
| TOTIUS. | By die Monument. 5e druk.<br>Verse van Potgieter's Trek. le druk.<br>Wilgerboombogies. 9e druk.<br>Ragel. 6e druk.<br>Trekkerswee. 13e druk.<br>Kinderverse. 2e druk.<br>Uit donker Afrika. 1936.<br>Passieblomme. 4e druk. |
| LANGENHOVEN, C.J. | Versamelde Werke dele I, VII, IX en XI. Nasionale-Pers Bpk. 2e druk. |
| MALHERBE, D.F. | Karoblommetjies. 13 druk.<br>Klokgrassies. 2e druk.<br>Vir Vryheid. le druk.<br>Die Timmerman. le druk.<br>Rivier en Veld. le druk.<br>Die Skaduwee van 'n vrou. le druk.<br>Somerdae. le druk.<br>Die siel van Suid-Afrika. le druk.<br>Brood op die water. le druk. |
| VAN BRUGGEN, J.R.L. | Lentestemme. 1919.<br>Gedigte. 19[illegible].<br>Morestond. 193[illegible]. |
| MOCKE, S.I. | Gedigte. 1932<br>Vlugtige Aandrif. 1936. |
| MOSTERT, DIRK. | Elker Siele. 1925. |
| MARTINS, HARPER. | Die Loeberge en ander Gedigte. 1916.<br>Die rustelose Gees en ander Gedigte 192 |
| LODOVIKUS. | Ontwaking. le druk. |
| NAUDE, J.H. | Eerste Verse. 1936. |
| SMIT, J.C. | Afdrukkies van Indrukkies. 1921. |
| MALAN, J.H. | Sonskyn en Skaduwee - Verhale en Verse 1926. |
| DU TOIT, S.J. | Uit vreemde Boord. 1940. |

<u>JANDRELL, THEO.</u>
Die ou Murasie en ander Gedigte. 3e druk.
Moeder en Kind. 1e druk.

<u>KAMP, W.C.W.</u>
Oorwinning en ander Gedigte. 2e druk.

<u>V.D. MERWE, J. NEL.</u>
Van mens tot mens. 1941.

<u>CELLIERS, J.F.E.</u>
Die Vlakte en ander Gedigte. 7e druk.
Die Rivier. 4e druk.
Unie-kantate. 4e druk.
Martjie. 10e druk.
Die Saaier en ander Gedigte. 3e druk.
Jopie Fourie en ander Gedigte. 1920.
Die Lewenstuin en ander Gedigte. 2e druk.
Die Groot Geheim. 1924.
Liefdelewe. 1924.

<u>LEIPOLDT, C.L.</u>
Oom Gert Vertel en ander Gedigte. 2e druk.
Dingaansdag. 3e druk.
Uit Drie Wêreiddele. 4e druk.
Die Bergtragedie. 1932.
Skoonheidstroos. 1932.
Slampamperliedjies. 1937.

<u>JOUBERT, H.H.</u>
Verse o'er Piet Retief en ander Gedigte. 1911.
Dageraad en Sonneskyn. 1916.

<u>KEET, A.D.</u>
Gedigte. 3e druk.
In Memoriam, Gedruk vir die eienaar.

<u>WASSENAAR, THEO.</u>
Gedigte. 1921.

<u>VISSER, A.G.</u>
Gedigte. 5e druk.
Rose van Herinnering. 6e druk.
Die Purper Iris. 2e druk.
Uit ons Prille Jeug. 2e druk.

<u>HAARHOFF, T.J.</u>
Tria Corda. 1931.
Die Liefde van Catullus. 3e druk.

<u>HEIWEE.</u>
Nirwana. 1931.

<u>STOCKENSTRÖM, BOY.</u>
Sommer Liedjies. 1934.

<u>BOSMAN, F.C.L.</u>
Plukseis. 1932.

<u>WILLEMSE, W.A.</u>
Die Blonde Skaduwees van Rhynland.

<u>BRUWER, A.J.</u>
Sy Meesterstuk. 1930.

<u>FAGAN, H.A.</u>
'n Eerste Digbundel. 1e druk.

<u>V.D. HEEVER, C.M.</u>
Stemmingsure. 1926.
Die nuwe Boord. 2e druk.
Deining. 3e druk.
Aardse Vlam. 1938.

<u>DU PLESSIS, I.D.</u>
Lied van Ali. 1931.
Stryd. 1935.
In die Sabie.
Ballades. 1937.
Vreemde Liefde. 1938.
Kwatryne. 1941.
Skermutseling en Skote. 1943.
Die vlammende Fez. 1943.

<u>EITEMAL.</u>
[illegible]. 1928.
[illegible] en ander Gedigte. 1931.

| | |
|---|---|
| LOUW, W.E.G. | Die Ryke Dwaas. 1935.<br>Terugtog. 2e druk.<br>Adam en ander Gedigte. 1944. |
| EYBERS, ELIZABETH. | Belydenis in die Skemering. 1936.<br>Die Stil Avontuur. 2e druk. |
| POTGIETER, J. | Lig en Skaduwee. |
| DREYER, B.J. | Liefdes-liedjies en Kinder-Rietjies. 1931. |
| PRETORIUS, S.J. | Vonke. 1943. |
| KIRSCH, OLGA. | Die Soeklig. 1944. |
| MARAIS, E. | Gedigte. 3e druk. |
| V.D. HEEVER, F. | Eugene en ander Gedigte. 2e druk. |
| SCHLENGEMANN, E.A. | Gedigte. 1934. |
| KRIGE, UYS. | Kentering. 1935.<br>Rooidag. 1940.<br>Oorlogsgedigte. 1942. |
| LOUW, N.P. VAN WYK. | Alleenspraak. 3e druk.<br>Die halwe Kring. 1937.<br>Die dieper Reg. 2e druk.<br>Raka. 2e druk.<br>Gestaltes en Diere. 1942. |
| VAN HEERDEN, E. | Weerlose Uur. 1942. |
| GILDENHUYS, D. | Getye. 1934. |
| PETERSEN, S.V. | Die Enkeling. 1944. |

**Author** Roos J C
**Name of thesis** Die Godsdienstige in ons Poesie 1945

*PUBLISHER:*
**University of the Witwatersrand, Johannesburg**
**©2013**

*LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the University of the Witwatersrand, Johannesburg Library website are protected by South African copyright law and may not be distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

The University of the Witwatersrand, Johannesburg, is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the Library website.

**Author** Roos J C
**Name of thesis** Die Godsdienstige in ons Poesie 1945

***PUBLISHER:***
**University of the Witwatersrand, Johannesburg**
**©2013**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the University of the Witwatersrand, Johannesburg Library website are protected by South African copyright law and may not be distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

The University of the Witwatersrand, Johannesburg, is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the Library website.